University of Pretoria etd- Changuion L A 2000

# DIE LEWE IN DIE SUID-AFRIKAANSE BOEREKRYGSGEVANGEKAMPE TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1899-1902

deur

**LOUIS ANNIS CHANGUION**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (KULTUURGESKIEDENIS)

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe**
**Universiteit van Pretoria**
**Pretoria**
**2000**

Leier : Prof. F. Pretorius

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**INHOUD**

Bladsy

Bylaes iv

Kaarte iv

Illustrasies v

Abstract/Opsomming vii

Inleiding 1

Hoofstuk 1: Britse beleid teenoor Boerekrygsgevangenes 7

Hoofstuk 2: Die ontstaan, ligging en organisasie van die vier kampe 11

1. Uitleg van die kampe 15

2. Veiligheidsmaatreëls 19

3. Militêre beheer oor die krygsgevangekampe 23

3.1 Die kampkommandant en sy pligte 24
3.2 Mediese dienste 26
3.3 Sanitêre en higiëniese maatreëls 26
3.4 Reëling van die posdiens 27
3.5 Die geldsake van die krygsgevangenes 28
3.6 Besoeke van vreemdelinge aan die krygsgevangekampe 29
3.7 Dissipline in die krygsgevangekampe 30

4. Interne organisasie 32
4.1 Die burgerkommandant 32
4.2 Lynkapteins 34

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000




4.3 Tentkorporaals 35
4.4 Kommissariaat Departement 35

Hoofstuk 3: Kamplewe van die krygsgevangenes 37

1. Aankoms in die kampe en ontvangs van kampuitrusting 37

2. Tentlewe 39

3. Daaglikse roetine 42

4. Voedsel en etes 45

5. Vryetydsbesteding in die kampe 48

5.1 Spontane vermaak en speletjies 48
5.2 Debatsverenigings 50
5.3 Musiek- en sangverenigings en kampkonserte 52
5.4 Ander verenigings 54
5.5 Handbedrywighede 55
5.6 Vindingrykheid om geld te verdien 57
5.7 Sport en ontspanning 59
5.8 Ander tydverdrywe 64

6. Vertrek uit die kampe 67

Hoofstuk 4: Godsdiens en onderwys in die kampe 69

1. Predikante in die kampe 69

2. Godsdienstige byeenkomste en godsdienstige verenigings 73

3. Hernude godsdiensywer 75

4. Onderwys in kampe 76

Hoofstuk 5: Onaangenaamhede van gevangenskap 79

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000




| | | |
|---|---|---|
| 1. | Aanpassing by nuwe omstandighede | 79 |
| 2. | Die behoefte aan nuus | 83 |
| 3. | Ledigheid en verveling | 85 |
| 4. | Verlange na huis en haard | 86 |
| 5. | Die verhouding tussen wagte en gevangenes | 87 |
| 6. | Siekte en sterftes in die krygsgevangekampe | 89 |
| Hoofstuk 6: | Ontsnappingspogings uit die krygsgevangekampe | 94 |
| Hoofstuk 7: | Vredeskomitees in kampe | 100 |
| 1. | Vredesagente en eedaflegging in die kampe | 101 |
| Hoofstuk 8: | Die einde van die oorlog | 106 |
| Gevolgtrekking | | 109 |
| Bronne | | 121 |

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**BYLAES**


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Bylaag 1 | Brief oor reëls ten opsigte van krygsgevangenes | 112 |
| Bylaag 2 | Rules and regulation regarding prisoners of war in camps | 114 |
| Bylaag 3 | Rules regarding letters | 116 |
| Bylaag 4 | Miscellaneous rules | 117 |
| Bylaag 5 | Rules concerning officer of the guard | 118 |
| Bylaag 6 | Camp routine | 119 |
| Bylaag 7 | Prosedure by die aflê van die eed van getrouheid | 120 |


**KAARTE**


| | | Teenoor bladsy |
|---|---|---|
| Kaart 1 | Ligging van die Boere krygsgevangekampe in Suid-Afrika | 3 |

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**ILLUSTRASIES**

| | | Teenoor bladsy |
|---|---|---|
| Figuur 1 | Groenpuntkamp, Kaapstad | 11 |
| Figuur 2 | South Camp, Simonstad | 12 |
| Figuur 3 | Bellevue-kamp, Simonstad | 13 |
| Figuur 4 | Tin Townkamp, Ladysmith | 13 |
| Figuur 5 | Skets van Groenpuntkamp | 15 |
| Figuur 6 | Skets van Groenpuntkamp | 15 |
| Figuur 7 | Kombuise, Simonstad | 16 |
| Figuur 8 | Kookhuise, Tin Town | 16 |
| Figuur 9 | Wasplekke, Groenpunt | 17 |
| Figuur 10 | Badkamers, Bellevue | 17 |
| Figuur 11 | Grey se winkel, Tin Town | 18 |
| Figuur 12 | Tente, Umbilo-kamp | 18 |
| Figuur 13 | Sinkplaatomheining, Sky View-kamp | 19 |
| Figuur 14 | Hek en omheining, Kamp nr. 1, Groenpunt | 19 |
| Figuur 15 | Britse skildwag | 20 |
| Figuur 16 | Heining, Bellevue-kamp | 22 |
| Figuur 17 | Heining, South Camp | 22 |
| Figuur 18 | Heining, Umbilo-kamp | 23 |
| Figuur 19 | Kol. H.C. Money en personeel, Groenpuntkamp | 23 |
| Figuur 20 | Boere offisiere, Groenpuntkamp | 33 |
| Figuur 21 | Krygsgevangenes in beestrokke | 37 |
| Figuur 22 | Aankoms te Kaapstad stasie | 37 |
| Figuur 23 | Aankoms by Groenpuntkamp | 38 |
| Figuur 24 | Oppad na Bellevue-kamp | 38 |
| Figuur 25 | Groepfoto | 39 |
| Figuur 26 | Ontvangs van kampuitrusting | 39 |
| Figuur 27 | Tentedorp, Groenpuntkamp | 40 |

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000




| | | |
|---|---|---|
| Figuur 28 | Offisiere kwartiere, Bellevue | 40 |
| Figuur 29 | Skoonmaakdag, Bellevue | 41 |
| Figuur 30 | Tentvloere, Bellevue | 41 |
| Figuur 31 | Binnekant van hut, Tin Town | 42 |
| Figuur 32 | Binnekant van tent, Umbilo | 42 |
| Figuur 33 | Appèlparade, Bellevue | 43 |
| Figuur 34 | Inspeksie, Bellevue | 44 |
| Figuur 35 | Ontvangs van rantsoene, Tin Town | 46 |
| Figuur 36 | Skoonmaak van eet- en kookgerei, Bellevue | 46 |
| Figuur 37 | Groentetuin, Tin Town | 47 |
| Figuur 38 | Musiekinstrumente, Bellevue | 52 |
| Figuur 39 | Christy Minstrel-groep, Groenpuntkamp | 53 |
| Figuur 40 | Toneelgroep, Bellevue | 53 |
| Figuur 41 | Toneelgroep, Tin Town | 54 |
| Figuur 42 | Staatswapens in reliëf | 55 |
| Figuur 43 | Artikels in Bellevue-kamp vervaardig | 55 |
| Figuur 44 | Speelgoed, Bellevue | 56 |
| Figuur 45 | Vervaardiging van aandenkings, Tin Town | 56 |
| Figuur 46 | Voetbalspan, Groenpunt | 59 |
| Figuur 47 | Swemplek, Bellevue | 62 |
| Figuur 48 | Swemsessie, Bellevue | 62 |
| Figuur 49 | Godsdiensoefening, Groenpuntkamp | 73 |
| Figuur 50 | Bejaarde krygsgevangenes, Groenpuntkamp | 81 |
| Figuur 51 | Penkoppe, Tin Town | 81 |
| Figuur 52 | Kamphospitaal, Groenpuntkamp | 90 |
| Figuur 53 | Kamphospitaal, Tin Town | 91 |
| Figuur 54 | Begrafnis, Simonstad | 93 |
| Figuur 55 | Aankondiging van vredesvoorwaardes, Umbilo | 107 |
| Figuur 56 | Oppad terug | 108 |

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## ABSTRACT

From the outset it became apparent that the British Military Authorities were unprepared to cope with huge numbers of Boer prisoners-of-war. The prisoner-of-war camps in Cape Town (Green Point) and Simon's Town (Bellevue) were hastily erected early in 1900 and later that year the military camps in Ladysmith (Tin Town) and Durban (Umbilo) were also turned into prisoner-of-war camps. After the British began sending Boer prisoners-of-war to camps in their overseas colonies, the prisoner-of-war camps in South Africa became transit-camps. Prisoners-of-war were continuously sent from the South African Camps to the overseas camps. Initially facilities in the South African camps fell short. The medical situation was especially deplorable. In the middle of 1900, after the British had realised that the war was going to last longer than only a few months, facilities in the camps were expanded considerably. Thereafter conditions in the camps improved. Green Point Camp was closed in November 1901, while Tin Town was transformed into a concentration camp. Only Bellevue and Umbilo were then used for the detention of prisoners-of-war. After peace was declared in May 1902, the two camps' roles were reversed. Prisoners-of-war were then transferred to Bellevue and Umbilo from overseas camps, before being sent to camps in their home districts.

**Key words:** Anglo-Boer War; prisoners-of-war; South Africa; Green Point; Simon's Town; Ladysmith; Durban; Green Point Track; Bellevue; Tin Town; Umbilo;

## OPSOMMING

Vanuit die staanspoor was dit duidelik dat die Britse militêre owerheid onvoorbereid was om groot getalle Boere-krygsgevangenes te hanteer. Vroeg in 1900 is inderhaas krygsgevangekampe in Kaapstad (Groenpunt) en Simonstad (Bellevue) opgerig en later is die troepekampe by Ladysmith (Tin Town) en Durban (Umbilo) ook vir dié doel ingerig. Nadat krygsgevangekampe ook in oorsese

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



kolonies opgerig is, het die krygsgevangekampe in Suid-Afrika die karakter van oorgangskampe gekry. Krygsgevangenes is voortdurend van die Suid-Afrikaanse kampe na die oorsese kampe gestuur. Die geriewe in die Suid-Afrikaanse kampe het aanvanklik veel te wense oorgelaat, en veral die mediese toestande was betreurenswaardig. Teen die middel van 1900, nadat die Britte besef het dat die oorlog langer as net 'n paar maande sou duur, is die geriewe in die kampe aansienlik uitgebrei. Toestande in die kampe het daarna verbeter. Groenpuntkamp is in November 1901 gesluit, terwyl Tin Town in 'n konsentrasiekamp omskep is. Slegs Bellevue en Umbilo is daarna vir die aanhouding van krygsgevangenes gebruik. Na vredesluiting in Mei 1902 is die twee kampe se rol omgekeer. Krygsgevangenes is toe vanuit die oorsese kampe na Bellevue en Umbilo oorgeplaas, alvorens hulle na kampe in hulle eie distrikte gestuur is.

**Sleutelterme:** Anglo-Boereoorlog; krygsgevangenes; Suid-Afrika; Groenpunt; Simonstad; Ladysmith; Durban; Green Point Track; Bellevue; Tin Town; Umbilo.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## INLEIDING

In sy geheel gesien is die Anglo-Boereoorlog 'n wel deurtrapte studieveld waaroor daar reeds baie geskryf is. Daar is nietemin enkele aspekte van die Oorlog wat deur kultuurhistorici en historici agterweë gelaat is. Hieronder tel die lewe van die Boerekrygsgevangenes in Suid-Afrika tydens die Oorlog. Hierdie verhandeling sal hopelik 'n bietjie meer lig op die tema werp - spesifiek op die lewe van die Boerekrygsgevangenes in die kampe te Kaapstad, Simonstad, Ladysmith en Durban.

Die skrywer se belangstelling in die lewe in die krygsgevangekampe spruit uit briewe wat sy oupagrootjie, Louis John Stanley Changuion (1875-1960), vanuit Groenpuntkamp in Kaapstad aan sy meisie in Johannesburg geskryf het.[1] Louis John Stanley Changuion was lid van die Krugersdorp Kommando en is op 12 Julie 1900 gevange geneem en na Groenpunt gestuur. Buiten vir kort tydperke op transportskepe in die Kaapse en Simonstadse hawens, is hy in Groenpunt aangehou. In Julie 1901 het hy die eed van neutraliteit aan die Britse kroon afgelê het en is hy na 'n konsentrasiekamp in sy tuisdistrik, Krugersdorp, gestuur.[2]

Van die oomblik van hulle gevangeneming af tot met hulle uiteindelike vrylating is die Boere se lewens gereël deur Britse reëls en regulasies. Die doel van hierdie studie is om te kyk hoe die Boerekrygsgevangenes binne hierdie reëls en regulasies hulle lewe geslyt het. Om dit te kan doen, word die Britse beleid, asook die ontstaan en organisasie van die vier kampe, in die eerste twee hoofstukke uiteengesit. In die daarop volgende hoofstukke word die lewe van die krygsgevangenes dan onder die loep geneem. Aspekte wat ondersoek word is onder meer die minder aangename aspekte van gevangenskap, maar ook die behoudende faktore soos godsdiens en vorme van vryetydsbesteding.

---

[1] Die genoemde briewe is in die besit van my vader.

[2] Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), Pretoria, P.M.O. 87: Prisoners of War received at Cape Town from Sept 1, 1900 to Nov. 29, 1900, p.2; TAB, Pretoria, S.O.P. 21, PR/A 1861: Telegram oor aflê van eed van neutraliteit, 1901.07.25.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Die Anglo-Boereoorlog was 'n oorlog tussen Brittanje en die gekombineerde magte van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat. Dit het van 11 Oktober 1899 tot 31 Mei 1902 geduur. Hierdie oorlog is hoofsaaklik gevoer om Britse opperheerskappy in Suid-Afrika te vestig. Vir die twee Boererepublieke was dit 'n verdedigende oorlog. Die verloop van die oorlog kan in twee hooffases verdeel word: die tydperk van konvensionele oorlogvoering, van Oktober 1899 tot Augustus 1900, en die guerrilla-fase van September 1900 tot en met die vredesluiting in Mei1902.[3]

Ten spyte van aanvanklike oorwinnings oor die Britte, het die gety in Februarie 1900 teen die Boere-magte begin draai. Op 13 Maart 1900 het Bloemfontein, die Vrystaatse hoofstad, en op 5 Junie 1900 Pretoria, hoofstad van die Z.A.R., in Britse hande geval. Tog was die stryd nie verby soos die Britte gehoop het nie. Na Maart 1900 het die Boere geleidelik 'n guerrilla-tipe oorlog begin voer. Van September 1900 af het hulle heeltemal van konvensionele oorlogvoering afgesien.[4]

Om die Boere se guerrillastryd te kortwiek, het die Britte 'n verskroeide aarde beleid, gekombineer met konsentrasiekampe en 'n stelsel van blokhuise en dryfjagte toegepas. Die vegtende Boere het dit al hoe moeiliker gevind om voorrade te bekom en om die blokhuislinies en dryfjagte te ontduik. Bowe alles het die toestande in die konsentrasiekampe groot sorg gebaar. Onder hierdie omstandighede het afgevaardigdes van die burgers te velde in vredesonderhandelinge met die Britse owerheid betrokke geraak. Dit het uiteindelik uitgeloop op die ondertekening van die vredesverdrag in Pretoria op 31 Mei 1902.[5]

Reeds kort na die aanvang van die Anglo-Boereoorlog was daar krygsgevangenes aan beide kante. Vanuit die staanspoor was dit duidelik dat die Britse owerheid onvoorbereid was om die

[3] F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, pp. 10-13; Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 1*, pp. 133-137.

[4] F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 14 e.vv.; Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 1*, pp. 137-139.

[5] F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, pp. 31-35; Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 1*, pp. 137-139.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000




**Kaart 1:** Ligging van die Boerekrygsgevangekampe in Suid-Afrika: Groenpuntkamp in Kaapstad, Bellevue in Simonstad, Tin Town in Ladysmith en Umbilo in Durban.

(Kaart aangepas uit Microsoft Encarta 97 Encyclopedia.)

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



groot aantal republikeinse krygsgevangenes te huisves. Die gevangenes is aanvanklik op transportskepe in Simonsbaai aangehou. Nadat die kampe in Kaapstad (Groenpunt) en Simonstad (Bellevue) voltooi is, is die krygsgevangenes onderskeidelik in Januarie en Februarie 1900 daarheen oorgeplaas. Nuwe krygsgevangenes is ook van Desember 1899 af in die kampe te Ladysmith (Tin Town) en Durban (Umbilo) aangehou.[6] (Sien Kaart 1)

Na die massa oorgawe van generaal Piet Cronjé op 27 Februarie 1900, het die Britse owerheid besluit om krygsgevangekampe in van sy oorsese kolonies op te rig. Van April 1900 af, toe die eerste krygsgevangenes in St. Helena aangekom het, het die krygsgevangekampe in Suid-Afrika die karakter van oorplasingskampe verkry - krygsgevangenes is voortdurend vanuit die Suid-Afrikaanse kampe na die 31 oorsese kampe gestuur.[7]

Soos hierbo genoem het daar nog nie veel wetenskaplike werke oor die krygsgevangekampe in Suid-Afrika verskyn nie. Dit blyk dat die oorsese krygsgevangekampe, in teenstelling hiermee, meer belangstelling onder historici geniet. 'n Moontlike verklaring hiervoor is die skaarste aan bronne oor die lewe in die Suid-Afrikaanse kampe. Krygsgevangenes is meesal net tydelik in die Suid-Afrikaanse kampe aangehou voordat hulle vir die duur van die oorlog na die oorsese kampe gestuur is. In die oorsese kampe het daar gevolglik 'n meer permanente kamplewe ontwikkel, met al sy fasette, en is daar 'n groter skat van bronne nagelaat.

Die wetenskaplike (sekondêre) bron wat vir hierdie studie ongetwyfeld die waardevolste was, is S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1975). Oosthuizen gee 'n omvattende beeld van die krygsgevangenes tydens die Oorlog. Te verstane het hy elke kamp nie in groot besonderhede bespreek nie, en handel die grootste deel van die werk oor die kampe en krygsgevangenes in die algemeen. Dit is moontlik die grootste leemte van hierdie bron - die feit dat inligting oor 'n spesifieke kamp moeilik daaruit verkry word. As beginpunt vir enige verdere studie oor die krygsgevangenes is hierdie bron nietemin baie handig.

---

[6] Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 8*, pp. 1553-1554; K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, *in* J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 508.

[7] O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, p. 24.

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000



Ander wetenskaplike bronne wat van groot waarde was, is dié van C.J. Barnard, *Die vyf swemmers. Die ontsnapping van Willie Steyn en vier medekrygsgevangenes uit Ceylon, 1901* (Kaapstad, 1988) en L.A. Visagie, *Terug na kommando* (Kaapstad, 1932). Hoewel die inligting oor veral Kamp nr 1 op Groenpunt slegs 'n klein gedeelte van beide werke uitmaak, bevat albei bronne tog waardevolle inligting oor die kamp en die lewe van die krygsgevangenes daar. Leemtes in Barnard se werk is dat die bronverwysings soms vaag is, wat opvolgwerk moeilik maak. Visagie het weer vanuit 'n Afrikanernasionalistiese standpunt sy werk benader.

Verder is daar ook F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Verslag voorgelê aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling, Pretoria, 1992). Hierdie werk is deeglik nagevors en was veral van waarde ten opsigte van fisiese vryetydsbesteding in die kampe.

Kotie Roodt-Coetzee se bydrae in J.H. Breytenbach se *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, 1949) en ook haar verskeie artikels in *Die Huisgenoot* werp ook goeie lig op die lewe van die krygsgevangenes. Haar tydskrifartikels is veral belangrik omdat dit eerstehandse mondelinge oorleweringe van oud-krygsgevangenes bevat.

Die res van die sekondêre bronne bied meesal net 'n kort oorsig oor die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog. Hier en daar bevat elk van hierdie bronne tog inligting wat van nut was vir die studie oor die Suid-Afrikaanse kampe. 'n Leemte by al die tydskrifartikels is dat almal neig om te veralgemeen oor die krygsgevangenes en die krygsgevangekampe, en dat inligting oor spesifiek die Suid-Afrikaanse kampe besonder skaars is.

Naas die genoemde werk van S.P.R. Oosthuizen, was die bronne (in hierdie geval primêre bronne) wat van die grootste waarde was, die dagboeke van krygsgevangenes. Die dagboek van Hugo van Niekerk[8] moet uitgesonder word. Van Niekerk was van Maart 1900 tot Januarie 1901 in Groenpuntkamp. In hierdie tyd het hy waardevolle inligting oor die daaglikse lewe in Groenpuntkamp opgeteken. Sonder hierdie dagboek sou daar moeilik 'n betroubare beeld van

---

8 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor). *Christiaan de Wet-Annale 1*, Bloemfontein, 1972.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



die lewe in Groenpunt geskep kon word.

Die oorlogsjoernaal van S.J. Burger[9] en die *Gedachtenis Boek* van G.S. de Villiers[10], bied soos die dagboek van Hugo van Niekerk, ook 'n eerstehandse blik op die lewe in Groenpuntkamp. Beide Burger en De Villiers het oorsigtelik die kamplewe beskryf. Die gevolg is dat die twee bronne nie op so 'n uitgebreide skaal as dié van Hugo van Niekerk gebruik is nie.

Inligting uit dagboeke oor die lewe in die ander drie kampe is baie skaars. Inligting oor die lewe te Simonstad is onder meer uit O.J.O. Ferreira, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers* (Pretoria, 1977) verkry. Rocco de Villiers[11] en ook J.A. de Villiers[12] het weer inligting oor die lewe in Tin Town, Ladysmith, nagelaat. Die ander dagboeke wat geraadpleeg is, het slegs geringe inligting oor die kamplewe in die Suid-Afrikaanse kampe bevat. Die krygsgevangenes se oorsese aanhouding word in veel meer besonderhede in die dagboeke beskryf.

Sonder die amptelike dokumente wat geraadpleeg is, sou hierdie studie oor die kamplewe nie geskryf kon word nie. Veral die Argief van die Stafoffisier vir Krygsgevangenes[13] was onmisbaar in hierdie verband. Inligting wat spesifiek op die vier Suid-Afrikaanse kampe van toepassing is, is taamlik yl tussen die duisende stukke versprei. Die inligting het nietemin dikwels gehelp om onsekerhede, wat nie deur die ander bronne opgeklaar word nie, uit die weg te ruim.

Ander bronne wat ook vermeld moet word, is die twee kampkoerantjies, *The Tick*[14] (uit Umbilo-kamp) en *The Skyview Parrot*[15] (uit Groenpuntkamp). Albei hierdie publikasies bied 'n direkte

---

9 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg). Pretoria, 1977.

10 TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers-aanwins, Gedachtenis Boek van G.S. de Villiers.

11 Rocco de Villiers, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor). *Christiaan de Wet-Annale 3*, Bloemfontein, 1975.

12 Kaapse Argiefbewaarplek (hierna KAB), Kaapstad, A 630, De Villiers, J.A., Dagboek.

13 TAB, Pretoria, Argief van die Stafoffisier vir krygsgevangenes in Kaapstad, 1900-1903. S.O.P. Vol 1-64.

14 KAB, Kaapstad, A 24 *The Tick. A weekly publication by & for prisoners of war.*

15 Suid-Afrikaanse Biblioteek (hierna SAB), Kaapstad, MSB 684, The Skyview Parrot.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



blik op die lewe in die onderskeie kampe en laat 'n mens meeleef in die lewe van die krygsgevangenes. *De Kerkbode,*[16] weekblad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verdien ook uitsondering. Dit bevat hoofsaaklik inligting oor die godsdienstige aktiwiteite in die kampe en is dikwels die enigste bron in daardie verband.

Soos genoem, het briewe van die skrywer se oupagrootjie aanleiding tot die navorsing van hierdie tema gegee. Hierdie briewe werp veral lig op die gemoedstoestand van die betrokke krygsgevangene. Hier en daar kom daar in die briewe inligting oor die daaglikse lewe en bedrywighede van die krygsgevangenes na vore. Alhoewel die briewe interessant is om te lees, was hulle nietemin nie van groot waarde in hierdie studie nie. Die meerderheid van die briewe is wel uit Sky View-kamp (vergelyk hieronder) geskryf, en was dikwels die enigste bron van inligting oor die kamp.

Die teks in hierdie studie word herhaaldelik deur middel van foto's toegelig. Net soos die geskrewe primêre bronne, bied die foto's 'n eerstehandse kykie op die lewe van die krygsgevangenes, en mag hulle waarde nie onderskat word nie.

Erkenning word hiermee gegee aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling vir sy finansiële steun, waarsonder hierdie navorsing nie moontlik sou wees nie.

---

16 *De Kerkbode: Het weekblad van der Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika,* Kaapstad 1899-1902.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## HOOFSTUK 1

## BRITSE BELEID TEENOOR BOEREKRYGSGEVANGENES

Alvorens die lewe in die krygsgevangekampe van nader beskou word, is dit nodig om kortliks na die Britse beleid jeens die Boerekrygsgevangenes te kyk.

Met die woord "krygsgevangenes" word bedoel lede van 'n oorlogvoerende krygsmag (insluitende burgermagte en vrywilligerskorpse) wat in die hande van die vyand val. Hierby word ook ingesluit nie-stryders wat direkte diens aan die oorlogvoerende krygsmag lewer.[1]

In Julie 1899 is daar 'n konvensie in Den Haag gehou, met die doel om onder meer maatstawwe daar te stel, wat omstandighede tydens oorlogvoering sou versag of verbeter. Die Haagse Konvensie het dan ook sekere van die gebruike en wette van oorlogvoering hersien. Daardeur is gepoog om die onnodige lyding van almal wat in die oorlog betrokke was of daardeur geraak is (krygsgevangenes dus ingesluit), uit te skakel.[2]

Die ondertekenaars van die Konvensie het hulle daartoe verbind om alle krygsgevangenes volgens die Landoorlogsreglement, wat tydens die Konvensie opgestel is, te behandel. Sedertdien is die reglement verskeie kere hersien en by moderne omstandighede aangepas.[3]

---

[1] Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 8*, p. 1554; W.T. Stead, *Methods of barbarism*, p. 19; Microsoft Corporation, *Microsoft Encarta 97 Encyclopedia CD-Rom*, keyword: Prisoners of war.

[2] Internet: http://www.lib.byu.edu/~rdh/wwi/hague/hague2.html - a web page about The Hague Convention of 1899; W.T. Stead, *Methods of barbarism*, pp. 17-18; Microsoft Corporation, *Microsoft Encarta 97 Encyclopedia CD-Rom*, keyword: Hague Conferences.

[3] Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 8*, p. 1554; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S.), p. 2.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Met bogenoemde in gedagte is dit belangrik om daarop te let dat die twee Boererepublieke nie ondertekenaars van die Konvensie was nie, terwyl Brittanje dit wel onderteken het. 'n Mens kan nou die vraag vra of die bepalings van die Haagse Konferensie van 1899 op die Anglo-Boereoorlog van toepassing was. Tog kan die bepalings as norm vir die twee strydende partye van die Anglo-Boereoorlog beskou word, omdat die Konvensies 'n weerspieëling van die kontemporêr aanvaarde oorlogsgebruike op land was. Die Britse regering het dan ook van hierdie standpunt uitgegaan.[4]

Volgens die internasionale gebruik van die tyd, het krygsgevangenes nie die beskerming van die wet van die volk of nasie wat hulle gevange geneem het, geniet nie. Ter beskerming van krygsgevangenes het die Landoorlogsreglement daarom onder meer bepaal dat krygsgevangenes menslik behandel moet word en dat hulle in die mag van die vyandige regering (in hierdie geval die Britse regering) was, en nie in dié van die individue of korpse wat hulle gevang het nie. Verder mag weerwraak ook nie op hulle geneem word nie. Wat eiendom betref het die Landoorlogsreglement bepaal dat al die persoonlike eiendom van krygsgevangenes, buiten wapens, perde en militêre papiere hulle eiendom bly.[5]

Uit amptelike dokumente blyk dit dat die Britse militêre owerheid, in ooreenstemming met die Haagse Konvensie, die Boerekrygsgevangenes as soldate beskou en behandel het. Die krygsgevangenes was byvoorbeeld geregtig op 'n volle soldate-rantsoen.[6] Soos ook later sal blyk, het die Britte soms nietemin afgewyk hiervan, en die krygsgevangenes se rantsoene beperk. As soldate was die krygsgevangenes ook onderworpe aan die wette en regulasies wat in die Britse leër gegeld het. Hulle kon byvoorbeeld gestraf word vir opstandigheid en ander ernstige

---

4 S.B. Spies, *Methods of barbarism*, pp. 12-14; A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 4.

5 Internet: http://www.lib.byu.edu/~rdh/wwi/hague/hague2.html - a page about The Hague Convention of 1899; W.T. Stead, *Methods of barbarism*, p. 19; Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 8*, p. 1554.

6 Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17; Internet: http://www.lib.byu.edu/~rdh/wwi/hague/hague2.html - a page about The Hague Convention of 1899.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



oortredings.[7]

Een aspek van Britse beleid teenoor krygsgevangenes, wat direk in botsing was met die Haagse Konvensie, was die behandeling van krygsgevangenes wat probeer ontsnap het. Volgens die Konvensie was dit verbode om krygsgevangenes wat probeer ontsnap, te skiet, en mag hulle slegs aan dissiplinêre maatreëls onderwerp word. Britse beleid het nietemin bepaal dat enige krygsgevangene wat probeer ontsnap, geskiet sou word.[8]

Uit hierdie en ander gegewens wat later verstrek sal word, blyk dit dat die Britte nie altyd streng by die bepalings van die Haagse konvensies gehou het nie, maar wel gepoog het om dit na te kom.

'n Ander aspek van die Britse beleid wat 'n baie groot invloed op die lewe in die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe gehad het, was die verbanning van krygsgevangenes na oorsese kampe.

Dit wil voorkom asof daar nie eensgesindheid onder die Britse leierskorps was oor die wegstuur van krygsgevangenes na oorsese kampe nie. Sir Alfred Milner, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, was byvoorbeeld daarteen gekant. Hy het gevoel dat die Boere se vrees vir 'n seereis hulle sou ontmoedig om hulle self oor te gee, en het daarom groot krygsgevangekampe bepleit. Lord Kitchener wat die opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika was, het in teenstelling hiermee in Junie 1901 aanbeveel dat al die krygsgevangenes en hul families permanent uit Suid-Afrika gedeporteer word.[9]

Hoe dit ook al sy, dit was vroeg reeds duidelik dat die Britse owerheid heeltemal onvoorbereid was om die groot aantal republikeinse krygsgevangenes te huisves. Hierdie gevangenes is, soos

---

7 Internet: http://www.lib.byu.edu/~rdh/wwi/hague/hague2.html - a page about The Hague Convention of 1899; TAB, Pretoria, S.O.P. 2, PR/A 206: Kol. J. StClair - Kol. C. Heyman: Rules for discipline of prisoners of war, 1900.04.30.

8 Internet: http://www.lib.byu.edu/~rdh/wwi/hague/hague2.html - a page about The Hague Convention of 1899; W.T. Stead, *Methods of barbarism*, p. 20; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17.

9 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes...*, pp. 35-37.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



genoem, aanvanklik op groot vragskepe in Simonstad se hawe aangehou, totdat huisvesting in die pas opgerigte kampe beskikbaar was. Die krygsgevangenes is toe na kampe in Simonstad en Kaapstad en ook na Ladysmith en Durban gestuur en daar aangehou. Die Britse owerheid was egter genoop om ook ander maatreëls te tref, en van die eerste helfte van 1900 af is krygsgevangekampe in sy oorsese kolonies opgerig. Die redes hiervoor was eerstens dat die Britte 'n inval in die Kaapkolonie en die gevolglike ontsetting van die krygsgevangenes gevrees het. Tweedens wou hulle die kanse op ontsnapping so gering moontlik maak en derdens het hulle gehoop dat die verbanning oorsee, 'n demoraliserende uitwerking op die burgers te velde sou hê. Verder het die toenemende getal krygsgevangenes ook hierdie maatreëls genoodsaak.[10]

Die krygsgevangekampe in Suid-Afrika, waarvandaan die krygsgevangenes na die 31 oorsese kampe gestuur is, het daarna die karakter van deurgangskampe gekry. Die lewe in die deurgangskampe is gekenmerk deur 'n voortdurende kom en gaan van krygsgevangenes. Veral in die Natalse kampe het dit tot gevolg gehad dat die kamplewe byna geen vertakkinge ontwikkel het nie. In die twee Kaapse kampe was daar 'n groter mate van stabiliteit en het die kamplewe meer vertakkinge getoon omdat die krygsgevangenes vir langer periodes daar aangehou is. Dit is ook waarskynlik die rede waarom die lewe in die Kaapse kampe beter in dagboeke, koerante ensovoorts gedokumenteer is.

10 Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 8*, pp. 1553-1554; K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, *in* J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 507-509; J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 11.

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000



**Figuur1:** Groenpuntkamp in Kaapstad. Kamp nr 1, met sy fietsrybaan en groot pawiljoen, is duidelik te sien. Links op die foto is die veel kleiner Kamp nr 2, of Sky View. Somerset Hospitaal, waarheen ernstig siek krygsgevangenes gestuur is, is teen die strand, regs agter op die foto sigbaar.

Uit: *The Anglo-Boer War, 1899-1902. 500 Photos (sp.sj), p. 195.*

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## HOOFSTUK 2

## DIE ONTSTAAN, LIGGING EN ORGANISASIE VAN DIE VIER KAMPE

Om die orde in die krygsgevangekampe te handhaaf, is die lewe in die kampe volgens militêre reëls en regulasies georden. Hier sal nou kortliks na die ontstaan en ligging van die vier Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe gekyk word. Daarna word die organisasie van die kampe onder die loep geneem.

Die krygsgevangekampe in Groenpunt, Simonstad en Durban is in die eerste helfte van Januarie 1900 opgerig en in gebruik geneem. Groenpuntkamp was die grootste Suid-Afrikaanse krygsgevangekamp tydens die Anglo-Boereoorlog. Die kamp self was geleë op die Groenpuntse meent tussen Vlaeberg en Tafelbaai, ongeveer vyf kilometer noordwes van Kaapstad. (Vergelyk Figuur 1). Alhoewel daar in werklikheid twee krygsgevangekampe in Groenpunt was, is hulle as 'n eenheid beskou en was hulle onder een kampbestuur. Kamp nr. 1 op Groenpunt, ook bekend as die "Greenpoint Track"-kamp, was geleë op 'n gedeelte van die ou renbaan of "track", soos dit genoem is.[1] Hierdie kamp kan as die model beskou word waarop die meeste van die latere krygsgevangekampe gebaseer is en word grotendeels as die uitgangspunt vir hierdie studie gebruik.

Nadat die kamp op die renbaan te klein geword het vir die groeiende getal krygsgevangenes, is net langsaan 'n tweede kamp in September 1900 geopen, waar die meer onversoenbare

---

1 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, U.O.V.S.), p. 127; K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, *in* J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 508; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 31; L.A. Changuion, Die organisasie van die Boerekrygsgevangekampe in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog, Tydskrif vir Geesteswetenskappe 39 (3 en 4) 1999.09 en 1999.12, p. 315.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 2:** South Camp te Simonstad. In die agtergrond is enkele van die troepeskepe waarop die krygsgevangenes ook aangehou is.
Uit: H.W. Wilson, *With the flag to Pretoria II* (London, 1901), p. 438.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



gevangenes gehuisves is. Die kamp, Kamp nr. 2, het die naam Sky View gedra.[2] "Deze naam kan licht verstaan worden en beteekent niets anders dan dat er weinig meer er uit gesien kon worden dan de lucht, daar de kamp geheel ommuurd is met 8 voet zinkplaten", verklaar 'n onbekende krygsgevangene die naam.[3] 'n Ander krygsgevangene, Hugo van Niekerk, beweer dat hierdie kamp binnekant geheel en al kaal was. Volgens hom het die gevangenes Sky View-kamp meer gevrees as om na Ceylon gestuur te word.[4]

Die eerste krygsgevangenes het in November 1899 in Simonstad aangekom en is vir 'n aantal maande op transportskepe daar aangehou totdat 'n krygsgevangekamp gereed was. Op 3 Februarie 1900 is die meer as 400 krygsgevangenes na South Camp in Simonstad oorgeplaas (Figuur 2). "The camp is fitted out with every convenience and the whole area of ground will be lit at night by means of six electric standards placed at intervals. The power is supplied by a dynamo fixed on the ground..."[5] het *The Cape Argus* aangekondig. Hierdie kamp was soos die naam aandui suid van Simonstad op die vloot-sportveld, tussen die vloot-skeepswerf en Seaforthstrand, geleë.[6]

Nie lank nadat South Camp betrek is nie, is akkommodasie-probleme ondervind. Dit is deur die oorgawe van generaal Piet Cronjé by Paardeberg op 27 Februarie 1900 op die spits gedryf. Die een helfte van Piet Cronjé se 4000 burgers is na Groenpunt, en die ander helfte na Simonstad, gestuur. In Simonstad is hulle tydelik op transportskepe gehuisves omdat South Camp hopeloos

---

2 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.09.29, p. 91; TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 25; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 131; K. Roodt-Coetzee, *Die lief en leed van die banneling ...*, p. 508.

3 Soos aangehaal in K. Roodt-Coetzee, *Die lief en leed van die banneling ...*, pp. 508-509.

4 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.09.29, p. 91.

5 *The Cape Argus*, 1900.02.03, p. 5.

6 L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa VI*, p. 292; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 7; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 124; W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 18; O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, pp. 18, 107.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 3:** Bellevue-kamp te Simonstad. Hierdie kamp is in Februarie 1900 opgerig nadat South Camp te klein vir die toemende getal krygsgevangenes geword het. Die meer gematigde krygsgevangenes is in hierdie kamp aangehou.



**Figuur 4:** Tin Townkamp te Ladysmith. Anders as die ander drie Suid-Afrikaanse kampe, het hierdie kamp uit sinkgeboue bestaan.
Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein (hierna OB), Foto 7790.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



te klein was om hulle almal te akkommodeer.[7] Die skielike toename in krygsgevangenegetalle het die militêre en munisipale owerhede in Simonstad onverhoeds betrap. 'n Groot waterskaarste het ontstaan en die militêre owerheid genoop om sowat eenduisend van die gevange Transvalers na Groenpunt te stuur.[8]

In Februarie 1900 het die Britse militêre owerheid besluit het om Bellevue, wat redelik gelyk was en vinnig in 'n kamp verander sou kon word, ook as krygsgevangekamp in te rig. Dié kampterrein was op die terrein van die huidige gholfbaan tussen Bouldersstrand en Froggy Pond, en tussen die hoofweg na Kaapstad en die see geleë.[9] Destyds was dit op die rand van die bewoonde gebied.[10] Bellevue-kamp (Figuur 3) het sy naam te danke aan 'n huis met dié naam wat op die terrein gestaan het.[11] Op die terrein was ook 'n ander woning "The Boulders", wat as huisvesting vir die kampkommandant sou dien. Die eerste krygsgevangenes het in Maart 1900 in Bellevue ingetrek, maar weens die groot getalle krygsgevangenes moes die kamp dadelik vergroot word.[12] South Camp, Bellevue-kamp en die transportskepe in Simonsbaai is hierna vir 'n ruk as huisvesting vir krygsgevangenes gebruik.

Die kamp te Ladysmith is Tin Town genoem omdat dit uit sinkgeboue bestaan het (sien Figuur 4), en is van Desember 1900 tot Januarie 1902 vir die aanhouding van krygsgevangenes gebruik. Die kamp was ongeveer drie myl (vyf kilometer) wes van die dorp geleë. Voor die oorlog was dit 'n troepekamp vir Natalse of Britse troepe. Daar was, buiten vele ander geboue, veertig sinkgeboue, elk 130 voet by 24 voet (ongeveer 40 meter by 7,3 meter), waarin die

---

7 L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa VI*, p. 292; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 7; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 124; O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, pp. 18, 107.

8 TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 24.

9 W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 18

10 TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 43.

11 *Bellevue* is Frans vir mooi uitsig.

12 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 124; W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 18; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe* ..., p. 7; O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, pp. 18, 107.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



krygsgevangenes gehuisves is.[13] Volgens Rocco de Villiers sou daar ongeveer vyfduisend manskappe in die sinkkasernes gehuisves kon word. Slegs die helfte van die kamp is nietemin vir Boerekrygsgevangenes ingerig.[14] Rocco de Villiers noem dat skade, wat 'n Long Tom kanon van die Boere aan sommige geboue in die kamp aangerig het, steeds in Julie 1901, toe hy in die kamp aangekom het, sigbaar was. Die skade deur die Long Tom kanon is aangerig tydens die beleg van Ladysmith - dus voordat Tin Town in 'n krygsgevangekamp omskep is.[15]

Dit blyk dat Tin Town gewoonlik oorvol was. Krygsgevangenes is slegs tydelik in dié kamp aangehou voordat hulle in groepe na Durban gestuur is. Soos genoem was die lewe in Tin Town dus nog minder bestendig as in die kampe aan die Kaapse kus.[16] Met verloop van tyd het die afvalligheid onder die krygsgevangenes in Tin Town so toegeneem dat die kamp 'n eie karakter gekry het. Soos wat ook in Bellevue-kamp die geval was, is veral krygsgevangenes wat die eed van getrouheid aan die Britse kroon afgelê het, of voornemens was om dit te doen, in die kamp aangehou.[17]

Umbilokamp in Durban was soos die ander Boerekrygsgevangekampe in Suid-Afrika 'n tydelike aanhoudingskamp. Soos Tin Town was Umbilo nie baie groot nie en kon groot getalle krygsgevangenes nie daar gehuisves word nie. Die krygsgevangenes is gewoonlik spoedig vanuit dié kamp per transportskip na of Groenpuntkamp of Bellevuekamp of een van die oorsese kampe gestuur. Na vredesluiting in Mei 1902, is die terugkerende krygsgevangenes in Umbilo en Bellevue gehuisves. Hier is hulle van komberse en klere voorsien voordat hulle na hulle

---

13 Kaapse Argiefbewaarplek (hierna KAB), Kaapstad: A 388, Dagboek van J.A. du Toit, 1901.09.04, p. 20; Rocco de Villiers, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor),*Christiaan de Wet-Annale 3*, p. 44; *De Kerkbode* 24 (19), 1902.06.19, p. 434; http://www.anglo-boer.co.za/ (Inligting oor Krygsgevangenes).

14 Rocco de Villiers, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor),*Christiaan de Wet-Annale 3*, p. 44.

15 Rocco de Villiers, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor),*Christiaan de Wet-Annale 3*, p. 46. Die skade aan die geboue moes aangerig gewees het voor die ontsetting van Ladysmith deur die Britte op 28 Februarie 1900.

16 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 121.

17 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 121-123.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 5:** Skets van Groenpuntkamp (Kampr nr. 1) deur 'n krygsgevangene, S.J. Burger, tweede helfte van 1900. Die fietsrybaan, groot pawiljoen en kleiner oop pawiljoen is duidelik sigbaar. Regs (aan die westekant) van die groot pawiljoen, is die twee sinkgeboue waar die Boere-offisiere gehuisves is. Die tentedorp kan aan die westekant van die renbaan gesien word. Binne die renbaan is die bad- en waskamers. Tente is binne die renbaan opgeslaan om die groeiende getal gevangenes te huisves. Oos van die renbaan is die kamphospitaal. Die kombuise of kookplekke word deur die bome in die voorgrond verberg.

Uit: S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van...* (Red. T. Van Rensburg, Pretoria, 1977), p. 102).



**Figuur 6:** 'n Ander skets van Groenpuntkamp (Kamp nr. 1). Let op die skildwagte, waghuisies en elektriese ligte rondom die kamp. Binne die renbaan is krygsgevangenes besig om voetbal te speel.

OB, Foto 14071.

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000



onderskeie distrikte gestuur is.[18] Dit wil voorkom of hierdie kamp eers na vredesluiting werklik 'n rol gespeel het. Die meerderheid amptelike bronne oor die kamp en ook bronne wat deur die krygsgevangenes self nagelaat is, soos byvoorbeeld die kampkoerantjie *The Tick*, dateer uit die tydperk na 31 Mei 1902.

1. Uitleg van die kampe

Soos straks sal blyk, het die uitleg en organisasie van die vier Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe grootliks ooreengestem. Groenpuntkamp was die model waarop die ander kampe geskoei was. Al die geriewe wat dus in hierdie kamp te vinde was, was ook in die ander kampe in een of ander vorm teenwoordig. Die kampgeriewe wat deur die Britse kampowerhede verskaf is, het, soos gesien sal word, tekortkominge getoon en kan nie as gerieflik beskou word nie. Tog het dit vir meer as twee jaar in die basiese behoeftes van die krygsgevangenes voorsien.

Wat kamp uitleg betref, het die twee kampe op Groenpunt grootliks ooreengestem. Sky View-kamp was wel baie kleiner as Kamp nr. 1 wat soos genoem op 'n gedeelte van die ou renbaan geleë was. Weens die groot skaarste aan inligting oor Sky View, word hier hoofsaaklik 'n beskrywing van die uitleg van Kamp nr. 1 gegee.

Groenpuntkamp (Kamp nr. 1) "...was een vraaije kamp met yster tralie werk en twee rijen boomen rond om," skryf G.S. de Villiers, wat in Maart 1900 as krygsgevangene in die kamp aangekom het.[19] Voor die oorlog is atletiekbyeenkomste gehou en sokkerwedstryde gespeel binne die sement fietsrybaan in die kamp. (Sien Figure 5 en 6). Tydens die oorlog het die krygsgevangenes ook sokker, tennis en ander sportsoorte daar gespeel. Aan die een kant van die fietsrybaan het die pawiljoene gestaan: 'n grote met 'n hoë dak en drie gewels, en langs hom 'n kleiner oop pawiljoen.[20] Agter die groot pawiljoen was die hoofhek van die krygsgevangekamp. Die groot

---

[18] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 123; http://www.anglo-boer.co.za/ (Inligting oor Krygsgevangenes).

[19] TAB, Pretoria, W 218, G.S de Villiers, *Gedachtenis boek*, pp. 20-21.

[20] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 48; S.J. Burger, Oorlogsjoernaal van ... (red. R. van Rensburg), p. 106; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 31; L.A. Changuion, Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangekamp tydens die

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000



**Figuur 7:** Die kombuise of kookplekke in Simonstad (op die foto) het net soos dié in Groenpunt gelyk. Let op die gebrek aan symure. Die kookgerei is netjies uitgepak om gebruik te word.
TAB, Foto 32077.




**Figuur 8.** Bedrywighede in die kookhuise te Tin Town-kamp. Let op dat die konstruksie van die kookhuise in hierdie kamp van dié in Figuur 7 verskil.
TAB, Foto 22262.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



pawiljoen is gereeld deur die krygsgevangenes vir godsdiensoefeninge gebruik. Die agterkant van hierdie gebou het kamers bevat, wat as kantore vir die militêre outoriteite ingerig is. Hier was ook 'n klein kruidenierswinkeltjie waar, "bijna niets uitgenomen bier, brood, dadels, komfijt en een medicynen tegen zeer dure prijzen" verkrygbaar was nie, berig Hugo van Niekerk.[21]

Waar die Britse owerheid aanvanklik verwag het dat die oorlog gou verby sou wees, het hulle gou besef dat dit langer sou duur as 'n paar maande. Hierdie faktor, tesame met die toename in die getal krygsgevangenes, het daartoe gelei dat meer permanente strukture in die krygsgevangekampe gebou is, en dat kampgeriewe aansienlik uitgebrei moes word om meer krygsgevangenes te huisves. Die gevolg was dat daar teen die middel van 1900 talle verbeteringe in die Groenpuntkamp aangebring is, soos hieronder sal blyk.

Net soos die Bellevue-kamp in Simonstad, was die Groenpuntkamp 'n tentkamp met enkele geboue binne dieselfde terrein. Die tentedorp was buite die renbaan aan die westekant van die kamp geleë. Daar was agt rye tente met 22 wit ronde tente in elke ry. In elke tent is twaalf krygsgevangenes gehuisves sodat die somtotaal van krygsgevangenes in kamp nr. 1 nagenoeg tweeduisend was.[22] Tussen elke twee rye tente was daar 'n "straat"; so ook tussen die elfde en twaalfde tent van elke ry, sodat die krygsgevangenes maklik tussen die tente kon beweeg. Teen die einde van Junie 1900 is daar 'n aantal tente op die veld binne die renbaan opgeslaan - moontlik om die groeiende getal krygsgevangenes te akkommodeer. In dieselfde tyd is daar twee dubbelverdiepingsinkgeboue langs die hoofpawiljoen opgerig waarin die Boere-offisiere voortaan gehuisves is.[23]

---

Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10(2) 1996.11, p. 58.

21 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 48.

22 TAB, Pretoria, W 218, G.S de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 21; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 105; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 31; L.A. Changuion, Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangekamp ..., *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10(2) 1996.11, p. 58.

23 C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 31; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 47; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 129-130.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 9:** Die wasplekke in Groenpuntkamp kan op hierdie foto gesien word. Let op na die klere op die wasgoedlyn. In die voorgrond kan 'n deel van die kampomheining, met die waarskuwingsbord, gesien word.
OB, Foto 5552.



**Figuur 10:** Die badkamers te Bellevue, Simonstad, gesien vanaf die seekant van die kamp. In die agtergrond is die tentedorp.
OB, Foto 5177.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Elk van die agt rye tente het sy eie kombuis gehad. Soos in Figuur 7 gesien kan word, was dit eenvoudige sinkgeboutjies wat, om ventilasie doeleindes, nie symure gehad het nie (daar was geen skoorstene nie). Langs die dwarsmure was daar rakke gewees waarop goed geplaas kon word. Die vuurherde waar kos gekook is, het bestaan uit twee rye vasgemesselde stene, omtrent vyftien sentimeter uitmekaar en dertig sentimeter hoog. 'n Pot kon dus op die ry stene geplaas word, en daaronder dan vuurgemaak word.[24]

In Maart 1900 skryf Hugo van Niekerk in sy dagboek dat daar 'n hande- en gesigwasplek in die kamp was, wat bestaan het uit lang trôe, met elke twintig treë 'n kraan waar gewas kon word, alles onder dak. Daar was ook twaalf of dertien badkamers. Volgens Van Niekerk het elke badkamer 'n bad, 'n bankie, 'n paar "spijkers" (waaraan goed opgehang kon word), en 'n kraan gehad. Buiten hierdie wasplekke was daar ook 'n "kleederen wasch plaats" met lang rye wasplanke, waar die krygsgevangenes gedurig besig was[25] (Figuur 9).

Namate die oorlog uitgerek het, het die getal krygsgevangenes toegeneem. Die gevolg was dat daar teen die middel van 1900 meer permanente bad- en wasgeriewe vir die krygsgevangenes opgerig is. Drie groot sinkgeboue, die nuwe bad- en waskamers vir die krygsgevangenes, is byvoorbeeld op die veld binne die renbaan gebou.[26] Aan die noordekant (die Tafelbaaise kant) van die kamp, langs die binneste doringdraadheining, het die tweehonderd sinklatrines vir die gevangenes gestaan. Die emmers in die latrines is op gereelde grondslag elke aand deur die Britte verwyder.[27]

Die kamphospitaal was, soos 'n mens kon aflei uit Hugo van Niekerk se dagboek, aanvanklik net

---

[24] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 48; TAB, Pretoria, W 218, G.S de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 21; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 31.

[25] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 48; TAB, Pretoria, W 218, G.S de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 21.

[26] C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 31.

[27] C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 31.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 11:** Grey se winkel in Tin Town. Die krygsgevangenes kon hulle rantsoen en kampuitrusting by die kampwinkeltjies in die onderskeie kampe aanvul.
OB, Foto 5668.



**Figuur 12:** Umbilo-kamp met sy ovaalvormige tente. Die kantseile van die tente is opgerol, soos die kampregulasies vereis het. In die voorgrond is 'n afvoersloot vir reënwater..
OB, Foto 2751.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



'n paar tente wat in die een hoek van die kamp gestaan het.[28] Teen die middel van 1900 is daar aan die oostekant (die Kaapstadse kant) van die kamp, buite die renbaan, 'n sinkgebou opgerig wat toe as hospitaal gedien het.[29] Die kampowerheid het met verloop van tyd ook 'n biblioteek (wat G.S. de Villiers 'n leeshuis noem) in Groenpuntkamp laat bou.[30]

Al hierdie geriewe wat in Kamp nr. 1 aan die krygsgevangenes gebied is, was ook in Sky View-kamp teenwoordig maar wel op kleiner skaal. Die tentedorp in Sky View-kamp het bestaan uit min of meer ses rye tente met veertien tente per ry. Soos in Kamp nr. 1 was daar ook in Sky View-kamp 'n winkeltjie - wat vyf ure per dag oop was - waar krygsgevangenes eetgoed kon koop.[31]

Wat kook- en wasgeriewe betref het, het Groenpuntkamp en Bellevue-kamp in 'n groot mate ooreengestem. Aan die seekant van Bellevue-kamp was daar sinkgeboue met wasgeriewe (Figuur 10) en ook 'n sink kombuis.[32] Daar was ook 'n gang waarlangs die krygsgevangenes die strand kon bereik om te swem (later meer hieroor).

Die twee Natalse kampe was, buiten vir die feit dat Tin Town uit sinkgeboue bestaan het, min of meer op dieselfde wyse as die ander twee Boerekrygsgevangekampe in Suid-Afrika ingerig met kombuise, latrines ensovoorts. Die badkamers in Tin Town was goed ingerig, elk met 'n stort, en is soos die klerewasplekke per pyp van lopende water voorsien. Verder was daar 'n tennisbaan, en 'n voetbalveld waar onder meer ook krieket gespeel is. Soos in die ander drie kampe is krygsgevange offisiere in 'n aparte gebou gehuisves.[33] In teenstelling met die drie ander

---

[28] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 48.

[29] C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 31; TAB, Pretoria, W 218, G.S de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 21.

[30] TAB, Pretoria, W 218, G.S de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 21.

[31] Privaat versameling: briewe van L.J.S. Changuion, Changuion - H.E. Potgieter, 1900.12.05.

[32] W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 19; O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, p. 19; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 124.

[33] Rocco de Villiers, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor),*Christiaan de Wet-Annale 3*, pp. 38,44.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 13:** ‘n Foto van die sinkplaatomheining van Sky View-kamp, met ‘n elektriese lig en waghuisie ook te sien. Die foto is tydens die omruiling van die wagte geneem.

Uit: S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van...*(red. T. van Rensburg, Pretoria, 1977), p. 104).




**Figuur 14:** Die hek en omheining van Kamp nr. 1 op Groenpunt, van binne af gesien. In die agtergrond is ‘n Britse soldatekamp.

TAB, Foto 22267.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



kampe, is die krygsgevangenes in Umbilo-kamp in groot, ovaalvormige tente gehuisves (Sien Figuur 12).

2. Veiligheidsmaatreëls

Om die groot getalle krygsgevangenes binne die kampe te hou, was goeie veiligheidsmaatreëls noodsaaklik. Dubbele doringdraadheinings met 'n verboderuimte tussenin, waghuisies, elektriese beligting en patrollerende wagte is maar enkele van die maatreëls wat die kampowerhede van die Suid-Afrikaanse kampe aangewend het. Gemeet aan die klein hoeveelheid suksesvolle ontsnappingspogings (en pogings was daar baie) was hierdie veiligheidsmaatreëls ongetwyfeld suksesvol. Ook wat veiligheidsmaatreëls betref was Groenpunt die model vir die ander kampe.

Hoewel die oppervlakte van die Groenpuntse kampe taamlik klein was, is daar op deurlopende basis 'n paar duisend krygsgevangenes aangehou. Teenoor die sowat tweeduisend gevangenes in Kamp nr. 1 kon Sky View-kamp volgens amptelike bronne nagenoeg 'n duisend gevangenes huisves.[34] Die veiligheidsmaatreëls vir die twee Groenpuntse kampe was, buiten vir hul omheinings, dieselfde (soos gesien, het Sky View-kamp 'n sinkplaat omheining gehad, hierteenoor het Kamp nr. 1 'n draadheining gehad, sien Figure langsaan). Om praktiese redes word daar, weens die ooreenkoms in veiligheidsmaatreëls tussen die twee kampe, hoofsaaklik op getuienis oor Kamp nr. 1 gekonsentreer.

Verskeie krygsgevangenes het in hul dagboeke of joernale melding gemaak van die grootte van Kamp nr. 1, en die deeglike veiligheidsmaatreëls. Volgens S.J. Burger was die kamp 300 jaart lank en 200 jaart breed,[35] (d.w.s sowat 274 meter x 183 meter). Hugo van Niekerk meld dat die hele kamp ingesluit is deur twee, en op sommige plekke drie, doringdrade.[36] Die eerste heining (aan die binnekant), was 'n stewige doringdraadheining, ongeveer 1,8 meter (6 voet) hoog.

[34] TAB, Pretoria, S.O.P. 15, PR/A 1270: Generaal-majoor A. Wynne - Adjudant-generaal, Pretoria, 1901.03.25.

[35] S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 105.

[36] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 46.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 15:** 'n Britse skildwag op sy platform langs die buitenste heining van Kamp nr. 1. Die boom regs staan in die "dead space".
OB, Foto 15652.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Sestien meter verder, parallel met die eerste heining, was die tweede heining. Dit het bestaan uit vertikale sinkplaatstroke, met bo-op drie stywe doringdrade, altesame ongeveer 3 meter (10 voet) hoog. Die gebied tussen dié twee heinings was bekend as die "dead space".[37] "In die ruimte mag niemand komen op gevaar van dood geschoten te worden", het Van Niekerk verduidelik.[38] Enige krygsgevangene wat selfs aan die binneste heining geraak het, het gevaar geloop om geskiet te word.[39]

Rondom die tweede heining het die Britse skildwagte op houtplatvorms gestaan(Figuur 15), wat ongeveer 2,1 meter (7 voet) hoog, 0,9 meter (3 voet) wyd en 6 meter (20 voet) lank was. Van hier af kon die wagte die hele kamp bespied. Daar was tussen sestien en agtien wagposte, vyftig meter van mekaar, om die kamp. Elke wag het 'n waghuisie van sink gehad bo-op die platform, en kon daarin teen wind en reën skuil.[40] By elke wagpos was daar ook 'n lamppaal met twee sterk elektriese ligte, "zoodat ingeval de eene defect raakt de andere nog bruikbaar is."[41] Die wagte kon dus die kamp dag en nag dophou. Buite hierdie ligkring en genoemde wagte, was daar nog ander wagte wat dag en nag daar rondgeloop het.[42] Dit is duidelik dat enige ontsnappingspoging uit hierdie kamp uiters waaghalsig en gevaarlik sou wees.

Buitekant die wagposte was daar aan die twee kante van die kamp wat deur strate begrens is - Noordweg aan die Vlaebergkant en Portswoodweg aan die Kaapstadse kant - 'n derde heining. Die doel van dié heining was eintlik om die publiek van die tweede heining en die wagposte weg

---

[37] TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman, Stafoffisier vir krygsgevangenes - Kampkommandant, Ladysmith, 1900.09.17; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 32; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, pp. 29-30.

[38] M.C.E. van Schoor (red.), Dagboek van Hugo H. van Niekerk, *Christiaan de Wet-Annale*, 1, 1900.03.22, p. 46.

[39] TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman, Stafoffisier vir krygsgevangenes - Kampkommandant, Ladysmith, 1900.09.17.

[40] TAB, Pretoria, W 218, G.S de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 20; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 105; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 32.

[41] M.C.E. van Schoor (red.), Dagboek van Hugo H. van Niekerk, *Christiaan de Wet-Annale*, 1, 1900.03.22, p. 46.

[42] M.C.E. van Schoor (red.), Dagboek van Hugo H. van Niekerk, *Christiaan de Wet-Annale*, 1, 1900.03.22, p. 46; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 32.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



te hou. 'n Verdere voorsorg teen moontlike ontsnappings deur krygsgevangenes was die militêre gebied (Britse soldatekamp) wat die krygsgevangekamp aan drie kante omsluit het.[43]

Die skildwagte is elke vier uur afgelos. Snags het dié wagte, soos in die ander Suid-Afrikaanse kampe die geval was, met mekaar voeling behou, deur elke halfuur deur middel van wagkrete te kenne te gee dat elke man op sy plek en alles nog reg was. Gevolglik is die krygsgevangenes se slaap gereeld versteur deur die volgende hinderlike wagkrete, "Number one, all's well!" "Number two all's well!" ensovoorts, reg rondom die kamp tot en met die laaste wag. Hierdie wagkrete kon selfs in stormweer bo die wind, reën en rukkende tente deur die nag gehoor word.[44]

L.C. Ruijssenaers, 'n lid van die Hollanderkorps, was onder die eerste krygsgevangenes wat in Februarie 1900 na South Camp, Simonstad, gestuur is. Volgens hom was die kamp 150 meter lank en 80 meter breed, en omring deur 'n dubbele doringdraadheining (Figuur 17). Die Boere-krygsgevangenes het die ruimte tussen die twee doringdraadheinings die "doodenlijn" genoem. Ruijssenaers berig dat daar op ses plekke langs die heining waarskuwingsborde aangebring is. Hierop het in Engels en Hollands gestaan dat,

> "Alle krijgsgevangenden die zich ophouden zal
> geworden buiten deze draadversperring zullen
> door de schildwagt doodgeschooten u worden
> op Last"[45]

Ruijssenaers beweer verder dat daar ongeveer 2200 krygsgevangenes in Bellevue aangehou is. In skerp teenstelling met dié van Groenpuntkamp, het Bellevue-kamp se omheining aanvanklik aan die padkant soos 'n plaasheining gelyk en was net vyf doringdrade hoog. 'n Waarskuwingsbord het die krygsgevangenes ook hier gewaarsku dat hulle deur die wagte

---

[43] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 129; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 32.

[44] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 46; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 44; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 105; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 37; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, p. 38.

[45] O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, p. 95.

15915505

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000




**Figuur 16:** Die sinkplaatheining aan die padkant van Bellevue-kamp.
TAB, Foto 30842.



**Figuur 17:** South Camp, Simonstad. Die kamp het aanvanklik nie 'n wafferse heining gehad nie, soos op die foto gesien kan word. Die omheining is later, weens ontsnappingspogings, versterk.
Uit: *The Anglo-Boer War, 1899-1902. 500 Photos* (sp., sj.), P. 43).

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



doodgeskiet sou word as hulle dit sou waag om deur die draad te klim. Die heining aan die seekant van die kamp was ietwat beter as dié aan die padkant. Buiten die doringdraadheining was daar 'n twee meter breë versperring van gevlegte doringdraad. Die kamp se noordelike en suidelike heinings het bestaan uit hoë sinkplaat-afskortings wat skynbaar as windskerms bedoel is.[46]

Soos in Groenpunt ook die geval was, was daar in Bellevue ook verhewe platforms met waghuisies daarop vir die skildwagte. In hierdie geval was dit in elke hoek van die kamp. Dié kamp is soos die ander krygsgevangekampe ook snags met elektriese ligte verlig. Dit is aangevul met die soekligte van wagskepe vanuit Simonsbaai wat die omgewing rondom die kamp ook verlig het. As bykomende veiligheidsmaatreël is krygsgevangenes verbied om snags naby die sinkplaatheining te kom - soos in die verbode gebied tussen die heinings, sou hulle summier doodgeskiet word.[47]

Soos reeds genoem is Bellevue-kamp spoedig na die aankoms van die eerste krygsgevangenes in die kamp vergroot en is die omheining gevolglik verander. L.C. Ruijssenaers het in April 1900 as krygsgevangene in Bellevue-kamp aangekom. Hy skryf dat die kamp (soos die ander Suid-Afrikaanse kampe ook) deur 'n dubbele doringdraadheining omring was. Tussen die heinings was daar ook nog doringdrade gespan. Hy berig verder dat daar bowendien ook 'n hoë "blikke" (sinkplaat) omheining (Figuur 16) was wat die krygsgevangenes alle uitsig na die binneland ontneem het. (J.D.T. Krynauw het dit op twaalf voet geskat.[48]) Aangesien die terrein effens skuins was, het hulle nietemin 'n onbelemmerde uitsig op Simonsbaai en die see gehad. Ruijssenaers noem voorts dat hulle in Bellevue-kamp strenger bewaak is as in die kamp te

---

[46] W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 18; O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, pp. 18-19, 108; L.A. Changuion, Die organisasie van die Boerekrygsgevangekampe..., Tydskrif vir Geesteswetenskappe 39 (3 en 4) 1999.09 en 1999.12, p. 320.

[47] TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 44; W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 18; O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, pp. 18-19, 108.

[48] TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 43.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 18:** 'n Groepie krygsgevangenes voor die stewige heining van Umbilo-kamp. Agter die heining is twee wagte, wat buite die kamp patrollie gedoen het, te sien.
OB, Foto 2989.




**Figuur 19:** Kol. H.C. Money (middel), en sy personeel te Groenpuntkamp. Kapt. T.T.F. Perkins is links van kol. Money te sien.
OB, Foto 5461.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Ladysmith vanwaar hulle gekom het.[49]

Net soos in die geval van die ander Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe het Tin Town se omheining ook uit twee of drie doringdraad heinings bestaan. Daar rondom was daar verder dan ook wagte gestasioneer en saans is die kamp deur elektriese ligte verlig.[50]

Volgens A.P. Roos, 'n krygsgevangene in Umbilo-kamp, was die kamp omhein met "35 doorndrade en zifdraad."[51] Hy skryf verder ook dat daar wagte was wat rondom die kamp wag gehou het en dat die krygsgevangenes gereeld getel is. (Vergelyk Figuur 18).

## 3. Militêre beheer oor die krygsgevangekampe

Aan die hoof van die krygsgevangekampe tydens die Anglo-Boereoorlog was die Stafoffisier vir Krygsgevangenes, kolonel C. Heyman, wat in die Kasteel in Kaapstad gestasioneer was. Elke afsonderlike krygsgevangekamp in die Britse Ryk het 'n militêre struktuur gehad wat oorhoofse beheer oor die kamp uitgeoefen het, en vir die doeltreffende administrasie en funksionering van die kamp verantwoordelik was. Aan die hoof van dié militêre beheer was die Britse kampkommandant, wat gewoonlik 'n senior offisier was. Die kampkommandant was verantwoordelik aan die Stafoffisier vir Krygsgevangenes.[52] In Groenpuntkamp was kolonel H.C. Money die kampkommandant.[53] (Sien Figuur 19). In Bellevue het luitenant-kolonel Condes die pos beklee, terwyl luitenant-kolonel Allatt in Umbilo aan die hoof was.[54] Tin Town het onder

---

49 O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, p. 107.

50 Rocco de Villiers, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 3*, pp. 38, 44.

51 Soos aangehaal in S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 123; TAB, Pretoria, A 787, Vol. 62, C. Röcher, Dagboek van ..., p.108.

52 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 176; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman, Stafoffisier vir krygsgevangenes - Kampkommandant, Ladysmith, 1900.09.17.

53 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.25, p. 78; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 34.

54 TAB, Pretoria, S.O.P. 16 , PR/A 1349: C. Kewly - Lt.-Col. Condes, Bellevue, 1901.04.16; KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 1, 1902.06.05, p. 2.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



leiding van Maj. J.H.B. Foster gestaan.[55]

Die kampkommandant is bygestaan deur 'n assistent-kommandant ('n kaptein), wat waar moontlik 'n koloniale offisier moes wees, wat Hollands en Afrikaans magtig was. Hierdie amp in Groenpuntkamp is deur kaptein T.T.F. Perkins gevul.[56]

Saam met die kommandant en assistent-kommandant was die ander staf in 'n krygsgevangekamp soos Groenpunt, 'n kwartiermeester, twee sensors en vertalers, 'n sersant-majoor, 'n sersant-kwartiermeester, 'n klerk en twee slagters.[57] In Umbilo-kamp was daar boonop 'n werke voorman en 'n kok (vir die kampowerheid) gewees.[58]

Die hoogste gesag in hierdie organisasie van die Britse beheer oor die krygsgevangekampe was gesetel in die goewerneur van die gebied waar die kamp geleë was. Weens die gebrek aan direkte kontak met die praktiese probleme van die kampe, het die goewerneur nie in die algemene organisasie daarvan ingemeng nie.[59]

3.1 <u>Die kampkommandant en sy pligte</u>

Vir alle praktiese doeleindes was die Britse kampkommandant dus volkome in beheer van die kamp waarvan hy die hoof was. Vervolgens word 'n kort samevatting van die kommandant se belangrikste pligte gegee.

As bevelvoerder oor die militêre eenheid wat vir die sekuriteitsdienste in die kamp

---

[55] TAB, Pretoria, S.O.P. 1 , PR/A 4/1-5: Maj. J.H.B. Foster, Ladysmith - D.A.G., Natal, 1900.12.23.

[56] TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman, Stafoffisier vir krygsgevangenes - Kampkommandant, Ladysmith, 1900.09.17; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 34.

[57] TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman, Stafoffisier vir krygsgevangenes - Kampkommandant, Ladysmith, 1900.09.17.

[58] TAB, Pretoria, S.O.P. 34, PR/A 4047: S.O.P., Natal - C.S.O., Natal, Particulars re Umbilo Camp, 1902.08.08.

[59] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 176.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



verantwoordelik was, moes die kampkommandant eerstens omsien na die militêre dissipline, die wagdienste en militêre roetine-inspeksies. Een van die kampkommandant se belangrikste pligte was om geskikte huisvesting en voeding aan die krygsgevangenes te voorsien. In die tentkampe was die vraagstuk van huisvesting soms baie netelig. Die tente moes aanhoudend aangevul of vervang word, omdat dié wat gebruik is deur storms beskadig is, of na mate meer krygsgevangenes na die kamp gebring is. Die kampkommandant moes ook krygsgevangenes se versoeke om hulself hutjies te bou oorweeg - weens die beknopte tente het talle gevangenes hutjies van waterdigte seiltjies, blikke, sakke, ensovoorts gebou waarin hulle gemakliker en in meer privaatheid kon bly.[60]

Volgens S.P.R. Oosthuizen was die voeding van die krygsgevangenes een van die moeilikste aspekte van die algemene kamporganisasie. Die voedselvoorraad moes voortdurend aangevul word, met die gevolg dat die voedselvraagstuk byna altyd 'n kwelling gebly het. Wanneer daar skaarste was, selfs as gevolg van toestande buite die kampkommandant se beheer, is hy deur die krygsgevangenes vir die tekorte geblameer. Om sy taak te vergemaklik, het die kommandant sekere van sy magte aan die kwartiermeester gedelegeer. Gevolglik was die kwartiermeester verantwoordelik vir alle voorrade. Hy moes sorg vir die direkte verskaffing van voedselvoorraad aan die gevangenes, en dit was by sy kantoor waar die gevangenes elke oggend die dag se proviand moes gaan ontvang.[61]

Die kampkommandant se pligte in die algemene organisasie van die kamplewe het nog verder gestrek. Hy was ook vir die kampdissipline verantwoordelik, en moes self die middele vind om gehoorsaamheid aan die reëls en regulasies af te dwing. Hiervoor was hy met die nodige magte beklee, en was die troepe onder sy bevel. 'n Ander taak wat die kampkommandant moes behartig, was om druk op die krygsgevangenes uit te oefen om gedurende die oorlog die eed van neutraliteit, en ná die oorlog die eed van getrouheid aan die Britse kroon, af te lê. Sogenaamde vredesagente, wat gevangenes aangemoedig het om vrede voor te staan, was sedert die laaste

---

60 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 178-179; K. Roodt-Coetzee, *Die lief een leed van die banneling* ..., p. 508.

61 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 180-181; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 36.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



helfte van 1900 in die kampe bedrywig.[62] Dié agente het die steun van die kampowerhede geniet, waaroor later meer.

As hoof van die kamp het die mediese dienste, sanitêre maatreëls, posdienste en geldsake van die krygsgevangenes ook onder die kampkommandant geressorteer. Deur sy pligte te delegeer, het die kommandant hierdie pligte egter aan ander vertakkinge in die algemene kamporganisasie oorgelaat, soos aanstons gesien sal word.[63] Uit die bostaande is dit duidelik dat die breë organisasie van owerheidsweë die kampkommandant, sy offisiere en ander helpers dus in volkome beheer van die krygsgevangekamp geplaas het.

3.2 Mediese dienste

Elke krygsgevangekamp het sy eie dokter en hospitaal gehad. Wanneer epidemies in die kampe uitgebreek het, is die aantal dokters en verpleegpersoneel na gelang van die behoefte daaraan aangevul. Die kamphospitale was, weens die baie epidemies wat in die kampe geheers het, feitlik altyd vol. Baie van die siekes moes gevolglik in hulle tente verpleeg word. Dié verpleging is dikwels deur medekrygsgevangenes behartig. Sommige krygsgevangenes het ook teen betaling van vier pennies per dag in die kamphospitale uitgehelp.[64] Die mediese sorg in die krygsgevangekampe het aanvanklik veel te wense oorgelaat en het gevolglik groot kritiek onder gevangenes ontlok. Met verloop van tyd het die kampowerhede meer aandag aan die mediese geriewe gegee en het toestande verbeter, soos later sal blyk.

3.3 Sanitêre en higiëniese maatreëls

Die sanitêre geriewe in die kamp het groot organisasie vereis. Die Britte het ook in hierdie opsig

---

62 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 181-183; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.30, pp. 97-98, 1900.11.13, pp. 101-102.

63 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 183.

64 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 184; TAB, Pretoria, S.O.P. 42, PR/A 3932: Ministerie van oorlog - Bevelvoerende generaal, verbindingslinies, 1902.05.09.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



ruim voorsiening gemaak in die kampe - vergelyk byvoorbeeld wat hierbo gesê is onder die afdeling oor die uitleg van die kampe. In die dagboeke en herinneringskrifte van die krygsgevangenes was daar nêrens klagte oor of kritiek teen swak sanitêre geriewe nie.[65]

Deur middel van kampregulasies is sekere pligte ten opsigte van sanitêre- en algemene higiëniese maatreëls, op die krygsgevangenes gelê, wat hulle stiptelik moes nakom. Hiervolgens is hulle self vir die netheid en sindelikheid van die kamp aanspreeklik gehou. Wasgoed en skottelgoed kon slegs gedoen word in die waskamers of plekke wat spesifiek daarvoor bedoel was. Oortreders van dié reël het 'n boete of ander straf ontvang.[66] Op 'n keer het die Groenpuntkampowerheid selfs 'n poging aangewend om die gevangenes se persoonlike higiëne te inspekteer. Nodeloos om te sê, het dit die gevangenes glad nie welgeval nie, met die gevolg dat dié inspeksie gestaak is.[67]

## 3.4 Reëling van die posdiens

Een van die moeilikste vertakkinge van die kamporganisasie was waarskynlik om die posdiens vir die krygsgevangenes te reël. Alle briewe moes gesensor word. Indien hulle geen beledigende aanmerkings of mededelings, wat skadelik vir Britse belange was, bevat het nie, is dit na hulle bestemming versend. Die sensors het veral gelet op briewe met 'n politieke strekking, en geen briewe wat oorlogsnuus bevat het, is deurgelaat nie.[68] Dit blyk dat nie net die krygsgevangenes se pos gesensor is nie maar selfs ook dié van Britse troepe. A.B. Hoskins, 'n Britse soldaat, skryf byvoorbeeld in Februarie 1900 uit Simonstad aan sy moeder in Engeland dat nuus oor die stand van die oorlog Britse troepe nie bereik nie, aangesien hulle pos ook gesensor word. In hierdie verband was die Boere-krygsgevangenes dus nie alleen in hulle lot nie.[69]

---

65 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 184.

66 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 184-185.

67 Meer besonderhede oor dié voorval is te kry in Hugo van Niekerk se dagboek: Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.26, p. 105.

68 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 185; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman: Rules regarding letters, 1900.08.01; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 40.

69 Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad (hierna S.A.B.), MSB 651, Hoskins, A.B., Correspondence of..., Hoskins - Moeder, 1900.02.14.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Baie probleme het met die sensorering van briewe ontstaan. Aangesien taalprobleme die sensors se werk soms onmoontlik gemaak het, is die hulp van betroubare krygsgevangenes gereeld ingeroep.[70]

Nie net briewe wat uit die kamp gestuur is nie, maar ook briewe en pakkies wat áán die krygsgevangenes gestuur is, het eers na die sensor gegaan. Britse regulasies het bepaal dat die briewe "as soon as possible" uitgedeel sou word, nadat dit gesensor is.[71] Soms was daar egter maande lange vertragings omdat al die posstukke eers deur die sensors gekeur moes word. Hierdie oponthoud was vir die krygsgevangenes, vir wie briewe so belangrik was, irriterend en 'n bron van voortdurende ontevredenheid. Te verstane het 'n haatgevoel mettertyd jeens die sensors ontstaan.[72]

## 3.5 Die geldsake van die krygsgevangenes

In die krygsgevangekamp is die geldsake van die krygsgevangenes deur die assistent-kampkommandant beheer. Volgens kampregulasies moes die gevangenes alle geld in hul besit (ook dié wat later aan hulle gestuur is), by hom inbetaal. Hy sou dan self bepaal hoeveel geld hy by geleentheid aan hulle beskikbaar sou stel. Slegs geringe bedraggies is op aanvraag aan die krygsgevangenes gegee.[73] Hierdie maatreëls was waarskynlik daarop gemik dat gevangenes nie groot bedrae geld in hul besit gehad het, waarmee hulle wagte kon omkoop met die oog op ontsnappingspogings nie.

Om aan die krygsgevangenes se geldelike behoeftes binne die krygsgevangekamp te voldoen, is sogenaamde kampnootjies of "good-fors" aan hulle uitgereik. Slegs die krygsgevangenes kon dit

---

70 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 185; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman: Rules regarding letters, 1900.08.01; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 40.

71 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman: Rules regarding letters, 1900.08.01.

72 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 108; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 185-186.

73 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman: Miscellaneous rules, 1900.08.15; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 186.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



gebruik, en ook slegs in die betrokke kamp waar dit vrygestel is. In Groenpuntkamp het "goodfors" met 'n sigwaarde van een sjieling (1/-), twee sjielings (2/-), vyf sjielings (5/-), tien sjielings (10/-) en een pond (£1) gesirkuleer.[74] Ook in Bellevuekamp het die gevangenes, onder meer vir hulle aankope by die Simonstadse firma Runciman, "goedvoor"-biljette gebruik.[75] Wanneer die krygsgevangenes die kamp sou verlaat - hetsy omdat hulle op parool sou gaan of na oorsese kampe gestuur sou word - is hul kampnote teen kontant gewissel.[76]

### 3.6 Besoeke van vreemdelinge aan die krygsgevangekampe

Besoeke van vreemdelinge is slegs in buitengewone omstandighede deur die Britse owerhede toegelaat. Besoekers moes dan ook van 'n spesiale permit, geteken deur die Assistent Adjudant Generaal vir krygsgevangenes of die kampkommandant voorsien wees. Tydens die besoek moes daar 'n offisier en 'n vertaler teenwoordig wees.[77] Die besoeke moes boonop binne 'n vasgestelde tyd geskied, en het skynbaar nie lank geduur nie. In Groenpunt skryf Hugo van Niekerk byvoorbeeld in sy dagboek dat sy moeder uit Wellington hom, toe hy op 'n keer siek was, slegs 'n halfuur lank kon besoek - nadat dit veel moeite gekos het om 'n permit te kry.[78]

J.A. du Toit maak weer in sy dagboek melding dat sy vrou en kinders nie toegelaat is om hom in Tin Town te besoek nie, en dat hy deur die draad omheining met hulle moes praat. Later dieselfde dag is Du Toit wel toegelaat om sy vrou en kinders onder begeleiding vir 'n uur te ontmoet.[79]

Handelaars is skynbaar wel toegelaat om die kampe soms te besoek en sekere proviand en benodighede in die kamp aan die krygsgevangenes te verkoop. Die handelaars moes van alle

---

74 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), pp. 107, 121.

75 W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 19.

76 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), pp. 107, 121.

77 TAB, Pretoria, S.O.P. 2, PR/A 102: Kolonel C. Heyman - Konsul-generaal vir Nederland, 1900.03.24; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman: Miscellaneous rules, 1900.08.15.

78 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, p. 56.

79 KAB, Kaapstad, A 388, Dagboek van J.A. du Toit, 1901.09.08, p. 22.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



verkope aan die kampowerheid verslag doen. Dit blyk dat die krygsgevangenes die handelaars goed ondersteun het.[80]

3.7 Dissipline in die krygsgevangekampe

Dissipline in die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe is streng gehandhaaf. Tydens die Anglo-Boereoorlog was 'n stel algemene "regulaties voor de discipline van de Boere krijgsgevangenen"[81] op al die Boere krygsgevangekampe in die Britse Ryk van toepassing. Die krygsgevangenes is deur die Britte soos soldate behandel en beskou. Daar is dus van elke krygsgevangene verwag om hom aan die regulasies van die kamp te onderwerp. Wanneer dissiplinêre maatreëls oortree is, is die skuldige krygsgevangenes kragtens militêre reëls gestraf.[82]

Vir die verbreking van die dissipline het die kampkommandant die mag gehad om gevangenisstraf (vir nie meer as veertien dae nie), op te lê. In gevalle waar ernstiger oortredinge begaan is, kon krygsgevangenes voor 'n krygshof gedaag word. Die straf in sulke gevalle kon wissel van dwangarbeid, tronkstraf vir 'n bepaalde tyd en selfs die doodstraf, na gelang van die erns van die oortreding.[83] Hugo van Niekerk maak in sy dagboek melding van ene Francis in Groenpuntkamp wat tronk toe gestuur is omdat hy een van die Britse wagte geslaan het. As straf het sy tronkrantsoen boonop slegs bestaan uit brood en water. Nadat hy sy tronkstraf uitgedien het, is Francis spoedig na een van die oorsese krygsgevangekampe gestuur.[84]

Die Britse regulasies vir die dissipline van die krygsgevangekamp het veral gewaarsku dat

---

[80] W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 19.

[81] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, Bylae C, pp. 199-200.

[82] TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17; TAB, Pretoria, S.O.P. 2, PR/A 206: Kol. J. StClair - Kol. C. Heyman: Rules for discipline of prisoners of war, 1900.04.30; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 181.

[83] TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17.

[84] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.08.26, p. 89.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



oproermakers of "georganiseerde rust verstoring ... dadelijk door kracht van wapenen" onderdruk sou word. Verder het die regulasies gehoorsaamheid aan, en die stip nakoming van bevele van die kommandant of enige van die kampoffisiere, hetsy militêr of siviel, beklemtoon. Krygsgevangenes is ook gelas om "met den meeste spoed", die bevele van wagte of skildwagte te gehoorsaam of anders 'n doodskoot te verwag.[85]

Dat hierdie nie 'n holle dreigement was nie, is op 30 April 1900 deur 'n treurige voorval bevestig. 'n Aantal burgers het die aand aan die westekant van die Groenpuntkamp byeengekom vir 'n godsdiensoefening, en die sing van gewyde liedere. Soos hulle gewoonlik gedoen het, het hulle langs die binneste doringdraadheining, regoor een van die wagposte vergader. Die rede hiervoor was dat die elektriese lig van die wagpos die omgewing daar helder verlig het.[86]

Philip Cronjé, ondervoorsitter van die Christelike Jongeliede vereniging in Groenpuntkamp, het die diens gelei. Hy het digby die draad, met sy rug daarna gestaan, toe 'n skoot van die wagpos af geknal het. Cronjé het voor sy vriende inmekaargesak, ernstig gewond deur 'n koeël wat sy liggaam deurboor het. Ten spyte van die feit dat hy nog geleef het, het die wag geweier dat Cronjé se vriende mag nader gaan om hom te help, en gedreig dat hy hulle ook sou skiet. Eers nadat die kampkommandant en -dokter opgedaag het, is Cronjé verwyder. Gedurende die nag het hy gesterf.[87]

Die dag na die skietery het die gevangenes 'n groot vergadering in die kamp gehou, waartydens 'n ernstige skriftelike protes opgestel is deur kommandant Helgaard Theunissen van Winburg en majoor Richard Albrecht. Die stafoffisier vir krygsgevangenes in die Kasteel, kolonel C. Heyman, het dié protes verwerp. Kolonel Heyman het in sy antwoord verklaar dat Cronjé geskiet is omdat hy en sy makkers herhaalde bevele van die wag, dat hulle verder van die verbode grond moes

---

85 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, Bylae C, p. 200.

86 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.30, p. 62; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 109; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 32.

87 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.30, pp. 62-63; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 109; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, pp. 32-33.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



wegstaan, verontagsaam het. Die kolonel het die krygsgevangenes verder daarop gewys dat hulle elke bevel onmiddellik moes gehoorsaam en hulle by die regulasies moes hou.[88]

4. Interne organisasie

Alhoewel die Britse kampkommandant, sy offisiere en helpers volkome in beheer van hulle krygsgevangekamp was, was die krygsgevangenes self vir die interne organisasie van die kamplewe verantwoordelik. Die geestelike, opvoedkundige en kulturele aangeleenthede van die kamplewe was dus in die hande van die krygsgevangenes self.[89]

Ten spyte daarvan dat die Britse kamporganisasie, en die regulasies wat daarvoor gebruik is, die krygsgevangenes se vryhede aansienlik beperk het, kan dit nie as onbillik bestempel word nie. Waar soveel mense van uiteenlopende agtergrond in 'n groot en onnatuurlike samelewing saamgevoeg is, was die totstandbrenging van 'n ordelike en geroetineerde lewe 'n baie belangrike vereiste. In hierdie geval het die owerheid 'n doeltreffende administrasie van bedrywighede en noodsaaklike dienste verseker.[90]

Die organisasie van die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe het mettertyd (nadat die aanvanklike vreemdheid oorgewaai het) 'n stadium bereik waarop 'n geordende samelewing moes ontwikkel. In opdrag van die Britte het die krygsgevangenes toe hul eie ampsdraers gekies - baie demokraties, soos hier onder sal blyk.

4.1 Die burgerkommandant

Aan die hoof van dié interne organisasie was die burgerkommandant, wat deur die lynkapteins uit

---

88 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.05.01, p. 63; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), pp. 109-110; TAB, Pretoria, S.O.P. 2, PR/A 211: Kol. C. Heyman - Majoor Richard Albrecht, 1900.05.03.

89 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 187.

90 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 187

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 20:** 'n Aantal Boere offisiere as krygsgevangenes in Groenpuntkamp, ongeveer Augustus 1900. Links voor is kommandant Helgaard Theunissen, die "burgerkommandant" in Groenpunt.
Uit: C.J. Barnard, *Die vyf swemmers* (Kaapstad, 1988), teenoor p. 86).

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



die kampgeledere gekies is.[91] In Groenpuntkamp het kommandant Helgaard Theunissen hierdie amp beklee - vergelyk Figuur 20. Kommandant Theunissen was 'n welgestelde boer in die omgewing van Smaldeel spoorweghalte (die huidige Theunissen), en is op 23 Februarie 1900 saam met 'n gedeelte van sy Winburgers naby Paardeberg gevange geneem - as deel van 'n dapper maar vergeefse aanval deur generaal Christiaan de Wet se kommando's om generaal Piet Cronjé en sy vasgekeerde krygsmag te probeer bevry.[92]

Die burgerkommandant het as die krygsgevangenes se senior offisier opgetree. Hy was gevolglik die verteenwoordiger van al die krygsgevangenes in die kamp. In hierdie hoedanigheid het hy 'n belangrike skakel tussen die krygsgevangenes en die kampkommandant gevorm.[93] Dit was ook die taak van die burgerkommandant om wet en orde in die kamp te handhaaf. In hierdie verband het hy dus ook 'n regterlike funksie gehad - naamlik dié van hoofregter. Klagtes wat die krygsgevangenes gehad het, moes by die burgerkommandant ingelewer word. Met die hulp van 'n oud-landdros, prokureurs en advokate het die burgerkommandant in Groenpuntkamp 'n "hof" gevorm, waar sake aangehoor en uitsprake daaroor gelewer is. "Er komen ook nog al tamelijk veel zaken voor [in] dit hof. Diefstal van kost waren de meeste zaken waarover beslist moeten worden", vertel Hugo van Niekerk.[94]

Die hoogste straf wat die krygsgevangenes se hof kon oplê, was vyftien houe met 'n stiegriem. Nie net lyfstraf is opgelê nie. 'n Krygsgevangene in Groenpunt is byvoorbeeld op 'n keer gevonnis omdat hy 'n blikkie melk van 'n medegevangene gesteel het. Sy straf was om sy besittings 'n paar maal om die renbaan te dra. 'n Paar dae later het dié man weer voorgekom, vir 'n soortgelyke oortreding, en moes hy toe weer pak dra.[95] Dit blyk dat lyfstraf slegs toegedien is in gevalle waar

---

91 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17.

92 C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 35; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 50.

93 C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 35; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 187-188, 190.

94 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 51.

95 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.05.29, p. 66.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



meer waardevolle items, soos geld, gesteel is.[96]

Buiten hoofregter was die burgerkommandant ook "Hooft Bestierder van Postwezen en Telegraaf" in die krygsgevangekamp. Dit was sy taak om te reël dat die gesensorde pos aan die krygsgevangenes uitgedeel word. Die posuitdeler het gewoonlik twee maal daagliks op 'n bankie of kis geklim, en die name van dié wat pos ontvang uitgelees.[97] In Bellevuekamp het die posuitdeler gewoonlik op 'n ronde klip, die "pos-klip", gestaan en die name uitgelees van diegene vir wie daar pos was. As so 'n persoon dan sy hand opgesteek het, is sy brief van hand tot hand aangegee en het dit meermale verfrommeld by die ontvanger aangekom.[98] Die posuitdelery was so 'n gewilde byeenkoms in die kampe dat wanneer dit tyd was om die briewe uit te deel, "dan druun het zoo als de menschen naar de aflees plek loop", skryf 'n krygsgevangene.[99]

4.2 Lynkapteins

In gevolge die Britse regulasies vir dissipline van die Boerekrygsgevangenes, moes elke ry tente in die kamp 'n "kaptein" hê. Hierdie lynkaptein moes deur die korporaals van elke ry uit hul geledere gekies word. Die lynkaptein was verantwoordelik vir die dissipline en goeie orde in sy ry. Hy moes alle klagtes versoeke en ongewone omstandighede onder die burgerkommandant of kampkommandant se aandag bring.[100]

Die kaptein van elke ry moes voorts die "korporaals" benoem wat beurtelings moes sorg dat die

---

[96] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.13, p. 97.

[97] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 51.

[98] W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 19.

[99] TAB, Pretoria, W218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis Boek*, p. 24.

[100] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.23, p. 47 en 1900.08.21,p. 87; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 43.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



kombuise, badkamers, wasplekke en latrines altyd na behore skoon en ontsmet was.[101]

4.3 Tentkorporaals

Volgens die Britse regulasies moes die twaalf burgers van elke tent 'n voorman uit hul geledere kies. Hy was dan verantwoordelik vir die dissipline van sy burgers, en moes ook sorg dat sy tent altyd skoon en netjies was. Dit was hierdie "tentkorporaals" wat, soos bo genoem, die lynkapteins van elke ry, uit hul eie geledere aangewys het.[102]

Die tentkorporaals moes ook die manne aanwys wat die daaglikse rantsoene moes gaan ontvang, die etes moes voorberei, die tent van binne en buite moes skoon hou en die kookpotte moes was en skuur. Op sy beurt het die tentkorporaal weer enige klagtes en versoeke van die burgers in sy tent, aan die lynkaptein oorgedra.[103]

4.4 Kommissariaat Departement

Volgens Hugo van Niekerk het die krygsgevangenes ook hul eie kommissariaat departement in Groenpuntkamp gehad. Die departement was gesetel in 'n tent, en was belas met die uitdeel van pakkies en kissies goedere wat aan krygsgevangenes gestuur is. Elke aand het die kommissariaat departement ook suiker, melk en koffie aan die gevangenes uitgedeel. Die lede van die kommissariaat was almal krygsgevangenes.[104]

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die organisasie van die vier Suid-Afrikaanse

---

101 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17.

102 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 47; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 46;C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 35.

103 TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 43, 46; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 105; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 35.

104 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 51.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



krygsgevangekampe grotendeels ooreengestem het. Behalwe vir fisiese verskille (uitleg, omheining, ensovoorts) was daar nie veel ander verskille tussen die kampe nie. Die gevolg was dat die lewe in die kampe ook min of meer op dieselfde trant verloop het. Binne die militêre raamwerk wat die kampowerhede daargestel het, was die krygsgevangenes vir hulleself verantwoordelik. Die lewe in die kampe word in die volgende hoofstukke van nader beskou.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 21:** Boerekrygsgevangenes in oop beestrokke, oppad van die oorlogsfront na Kaapstad. Soos op die foto gesien kan word, het Britse soldate die krygsgevangenes tydens die reis bewaak.
Uit: *The Anglo-Boer War, 1899-1902. 500 Photos* (sp., sj.), p. 44).



**Figuur 22:** Aankoms op die Kaapstadse stasie. Die Boere is tussen twee rye Britse soldate na die krygsgevangekamp afgemarsjeer.
OB, Foto10088.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## HOOFSTUK 3

## KAMPLEWE VAN DIE KRYGSGEVANGENES

In hierdie hoofstuk word daar na die daaglikse aktiwiteite van die krygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe gekyk. Aspekte soos onder meer die aankoms in die kampe, die daaglikse roetine en vryetydsbesteding word aangeraak. Groenpuntkamp kan, soos in hoofstuk 2 genoem, as die model beskou word waarop die ander krygsgevangekampe gebaseer is, en word hier as uitgangspunt gebruik. Nie net die organisasie en inrigting van die kampe het ooreenkomste getoon nie. Ook die daaglikse lewe in die Suid-Afrikaanse kampe het in 'n groot mate ooreengestem.

### 1. Aankoms in die kampe en ontvangs van kampuitrusting

Die krygsgevangenes is per trein of per boot na die krygsgevangekampe gestuur. Dit blyk dat die treinreise soms met groot ontbering gepaard gegaan het. Dikwels is van oop beestrokke (Figuur 21) gebruik gemaak en moes die krygsgevangenes hitte, koue en ook honger trotseer. J.D.T. Krynauw skryf in sy oorlogsherinneringe dat hoe nader hulle aan die Kaap gekom het, hoe meer kleurlinge daar op die stasies gestaan het. Volgens Krynauw was die kleurlinge daarop uit om die krygsgevangenes te bespot. In reaksie op die bespotting het sommige krygsgevangenes die kleurlinge met die blikke vleis wat hulle as rantsoen ontvang het, gegooi. 'n Kopskoot met so 'n twee pond blik vleis het die slagoffer bedwelmd gelaat, en 'n swygsaamheid oor die skare laat neerdaal.[1]

---

[1] TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 42; Rocco de Villiers, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 3*, 1901.12.23, p. 45; O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, p. 109; OB, Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1900.04.03, p. 44; W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 18.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 23:** Aankoms by Groenpuntkamp. Uitgeput na die lang reis het die aankoms by Groenpunt 'n welkome ruskans gebied. Die onsekerheid van wat om in die kamp te verwag, en die vrees vir verbanning na een van die oorsese kampe het nietemin waarskynlik swaar op die gemoedere van die gevangenes gelê. OB, Foto 12775.



**Figuur 24:** Krygsgevangenes oppad van die Simonstadse stasie na Bellevue-kamp. Die krygsgevangenes is goed bewaak tydens hierdie tog, en kans op ontsnapping was daar min. OB, Foto 15746.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Na hulle aankoms op die verskillende stasies moes die gevangenes per voet die ent na die kampe aflê (sien Figure 22-24). Ook op hierdie tog is hulle bespot. Tussen die kampe aan die kus (Bellevue, Groenpunt en Umbilo), is die krygsgevangenes soms per skip vervoer. Hierdie reis was ook nie baie aangenaam nie want die skepe was oorvol en met luise besmet.[2]

Die krygsgevangenes wat vir Groenpunt bestem was, is na hulle aankoms op die Kaapse stasie of by die hawe, "with all expedition and without the slightest attempt at demonstration"[3] tussen twee rye Britse soldate na die Groenpuntkamp afgemarsjeer. 'n Horde babbelende, laggende mense (hoofsaaklik kleurlinge) het hierdie prosessie gevolg en die krygsgevangenes voortdurend beledig en bespot.[4]

Met hulle aankoms in Groenpuntkamp is die krygsgevangenes in groepe van ses gefotografeer. (Vergelyk Figuur 25) Dit is gedoen om die krygsgevangenes te kon identifiseer (byvoorbeeld wanneer een ontsnap het).[5] Volgens kommandant J.W. Kok is elkeen se naam en ouderdom en ook 'n deeglike beskrywing van elkeen se lengte en voorkoms opgeteken.[6] Na die afhandeling van wat L.A. Visagie "die gebruiklike formaliteite" noem, is die gevangenes na die stoorkamer agter die hoofpawiljoen geneem.[7] Hier het hulle dan hulle kampuitrusting van die Britse owerheid ontvang (Figuur 26). Die uitrusting het bestaan uit 'n pak, 'n frokkie, 'n onderbroek, 'n goeie paar stewels en 'n hoed. Verder ook twee komberse, 'n grondseiltjie en 'n blikbord en -beker. Elke

---

2 Rocco de Villiers, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 3*, 1901.12.23, p. 45; O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, p. 109; W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 18.

3 *The Cape Argus*, 1900.03.21, p. 5.

4 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 46; TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 20; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, pp. 27-28; Dit blyk uit *The Cape Argus*, 1900.03.21, p. 5, dat die krygsgevangenes by 'n dok digby die Somerset Hospitaal ontskeep is, en gevolglik nie so ver na die kamp moes loop nie.

5 TAB, Pretoria, S.O.P. 1, PR/A 69: Chief of Police - Col C. Heyman, SOPOW: Escaped prisoners, 1900.01.06

6 OB, Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1900.04.23, p. 57

7 L.A. *Visagie*, *Terug na kommando*, pp. 28-29.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000




**Figuur 25:** 'n Voorbeeld van die groepsfoto's wat van die krygsgevangenes geneem is nadat hulle in die kampe aangekom het.
OB, Foto 2207.




**Figuur 26:** Ontvangs van kampuitrusting, Groenpuntkamp. Let op die bondeltjies, elk met onder meer 'n blikbord en -beker en komberse.
OB, Foto 5464.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



krygsgevangene het later 'n derde kombersie van die owerheid ontvang.[8]

Min of meer dieselfde toneel as in Kaapstad het hom in Simonstad afgespeel. Na hulle aankoms op die stasie in Simonstad, moes die krygsgevangenes vier-vier met hulle bondeltjies tussen twee rye soldate inval. Terwyl die soldate langs die krygsgevangenes gerangskik is, het 'n menigte kleurlinge nader gekom om, so skryf J.D.T. Krynauw, die gevangenes noukeurig deur te kyk. Dig teenoor waar Krynauw gestaan het, het twee kleurlingvroue gestaan ... "die een het luidrugtig aan haar vriendin gesê, 'Lizzy! daardie ou grote gee ék aan jou vir 'n man.' 'Ag, siestog Bella!' antwoord Lizzy ' Jy moet my tog nie so insalt (insult) nie.' Weer sy Bella 'Kyk! daardie ou met die langbaard is seker ou Paul.'"[9] Die krygsgevangenes moes maar geduldig al die wyshede en beledigings aanhoor.

Op Ladysmith is die krygsgevangenes, volgens die beskrywing van J.A. de Villiers, op min of meer dieselfde manier behandel. De Villiers is in Junie 1901 na Tin Town gestuur. In sy dagboek skryf hy dat hy en sy medegevangenes in derde klas treinwaens na Ladysmith vervoer is. Nadat hulle sewe-uur die aand daar aangekom het, moes hulle vier myl (ses kilometer)vanaf die stasie na die kamp stap. Daar aangekom, is hulle blyplek aangewys en het hulle koffie ontvang. Na die koffiedrinkery het hulle gaan slaap.[10] 'n Ander krygsgevangene, J.A. du Toit, het in sy dagboek geskryf dat, na hulle aankoms in die kamp, alles van hulle weggeneem en hulle deursoek is. Die volgende dag moes elkeen van dié wat die kamp ingekom het, besonderhede verskaf oor onder meer sy betrekking, ouderdom, woonplek, huwelikstatus, die hoeveelheid kinders wat hy het en waar en wanneer hy gevang is.[11]

2. <u>Tentlewe</u>

Na ontvangs van hulle uitrusting, is die krygsgevangenes na hulle tente of hutte gelei. In

---

[8] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, pp. 47-51; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 30.

[9] TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 42.

[10] KAB, Kaapstad, A 630, Dagboek van J.A. de Villiers, 1901.06.22, p. 9.

[11] KAB, Kaapstad, A 388, Dagboek van J.A. du Toit, 1901.09.04, p. 21 en 1901.09.05, p. 21.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 27:** 'n Deel van die tentedorp in Groenpuntkamp, met Duiwelspiek in die agtergrond. Hierdie kloktente is in die kampe te Kaapstad en Simonstad gebruik.
TAB, Foto 22266.



**Figuur 28:** Die sinkgebou in Bellevue, soortgelyk aan dié in Groenpunt, waarin die Boere offisiere gehuisves is.
TAB, Foto 32071.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Groenpunt is twaalf man na willekeur deur die Britte in elke kloktent geplaas. Alhoewel twaalf gevangenes per tent die tentjie oorvol gemaak het, was hierdie verhouding die reël vir burgers in dié kamp.[12]

Die krygsgevange Boere-offisiere in Groenpunt, en die ander kampe, het dit 'n bietjie makliker gehad. Hulle is in apart gehuisves, en wel drie man per tent.[13] Ten spyte daarvan dat die offisiere 'n paar geriewe gehad het wat die gewone burgers moes ontbeer, was hulle volgens Hugo van Niekerk weinig beter af as die res van die burgers. Aan die begin van Julie 1900 het die Groenpuntkampowerheid 'n kamer aan elke offisier in een van die dubbelverdieping sinkgeboue toegewys (Figuur 28), wat kort tevore aan die westekant van die groot pawiljoen naby die kampheining voltooi is.[14] Vanuit hulle nuwe gebou het die offisiere 'n mooi uitsig oor die gebied buite die kamp gehad. Hulle is nietemin deur die kampowerheid verbied om met enigeen buite die kamp te praat.[15]

Die tente waarin die krygsgevangenes in Groenpunt, en Bellevue gehuisves is, het ronde plankvloere gehad. Elke vloer het uit vier dele bestaan, wat om die tentpaal geplaas is. Vir meubels was daar nie veel plek in so 'n tent nie. Twaalf matrasse sou ook nie in 'n tent pas nie, met die gevolg dat die gevangenes eenvoudig op die grondseiltjies wat hulle ontvang het, moes slaap. Sommige gevangenes in Groenpunt het wel van die komberse wat hulle ontvang het as "matrasse" gebruik, maar dit is te verstane dat die harde tentvloer en beknopte slaapplek dit moeilik gemaak het om te slaap.[16]

---

[12] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 47; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 100; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17; TAB, Pretoria, W 218, G.S de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 21.

[13] TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17.

[14] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 47 en 1900.07.10, p. 70; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 31.

[15] OB, Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1900.07.10, p. 120.

[16] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, pp. 47-51 en 1900.08.03, p. 80; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 31.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 29:** Skoonmaakdag in Bellevue-kamp. Al die tente is afgeslaan, sodat die grond onder die tente ontsmet kon word.
OB, Foto 14430.



**Figuur 30:** Nog 'n foto van die groot skoonmaakdag. Let op die segmente van die tentvloere wat regs vir staangemaak is.
TAB, Foto 32066.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Volgens Hugo van Niekerk was die tente baie trekkerig, sodat dit steeds koud was as 'n mens onder twee komberse geslaap het. Gelukkig vir die Groenpuntgevangenes, soos dié in die ander kampe ook, het goedgesinde mense uit die Kaap en elders, komberse, kussings en ander benodigdhede aan hulle gestuur, en hulle lot so aansienlik verlig.[17] Van die vindingryke krygsgevangenes in dié kamp het ook self probeer om hulle slaapomstandighede aangenamer te maak. Dit het hulle gedoen deur onder meer hulle grondseiltjies aanmekaar vas te maak en daarvan aparte tentjies te vorm waar hulle kon slaap. Op hierdie manier was daar meer slaapplek vir elke gevangene, en natuurlik ook groter privaatheid. Weens die knaende wagkrete was dit nietemin vir talle gevangenes in Groenpuntkamp uiters moeilik om te slaap. Byna elke aand het daar ook van die wagte hulle gewere afgevuur, en die rus verder verstoor. Die kwellinge oor die dierbares tuis het vele gevangenes ook tot laat wakker laat lê.[18]

As deel van die kamproetine in die krygsgevangekampe moes die vier dele van die tentvloer, minstens drie keer per week - behalwe in langdurige gure weer - uitgedra en skoon geskrop word. Die grond onder die vloer moes dan met kalk en karbolsuur ontsmet word. Elke Saterdag moes al die tente in die tentkampe, afgebreek, en dan weer stewig opgeslaan word.[19] (Sien Figure 29 en 30). Hierdie maatreëls moes in belang van kamphigiëne uitgevoer word, en alhoewel dit in 'n mate vir die gevangenes ongerief veroorsaak het, was dit in hulle beste belang. Ook met die gedurige verskuiwing van tente in klimaatstreke soos Groenpunt en St. Helena is daar in die beste belang van kamphigiëne gehandel. Hierdie verskuiwings is gedoen as gevolg van die nat toestande aldaar.[20] Ten spyte van die mate van ongerief wat dit veroorsaak het, het die tentverskuiwing sommige gevangenes welgeval omdat hulle begryp het dat dit in belang van hulle

---

[17] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, pp. 51-52; OB: Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1900.03.23, p. 39 en 1900.04.17, p. 52.

[18] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 47 en 1900.08.28, p. 89; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 37.

[19] TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 35; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 105; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 43.

[20] C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 48; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 179.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000





**Figuur 31:** Binnekant van die hutte in Tin Town. Tien krygsgevangenes het aan elke tafel, waarvan daar vier in elke hut was, gesit.
OB, Foto 14145.



**Figuur 32:** Die ovaalvormige tente in Umbilo-kamp, van binne gesien. Dit blyk dat die krygsgevangenes in hierdie kamp nie op die vloer nie, maar op seilbedjies geslaap het. In die middel van die tent is 'n elektriese lig sigbaar.
OB, Foto 18194.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



eie gesondheid gedoen word.[21]

Die tentlewe in Bellevue-kamp het grootliks met dié in Groenpuntkamp ooreengestem. Dieselfde tipe tente is gebruik. In Bellevue-kamp is die burgers wel net sewe of agt per tent ingedeel. Met tye, soos groot groepe krygsgevangenes van die oorlogsfront gestuur is, moes twaalf man soms 'n tent deel. L.C. Ruijssenaers het in April 1900 dié syfer op dertien man per tent gestel. Soos in Groenpuntkamp het die Boere-offisiere dit geriefliker gehad. In Bellevuekamp is hulle twee per tent geplaas. Ook hier was Saterdag die groot skoonmaakdag waartydens die tente afgebreek en weer opgeslaan moes word.[22]

Te Tin Town is die krygsgevangenes, na hulle aankoms in die kamp, volgens J.A. de Villiers veertig man per sinkkaserne ingedeel (Figuur 31). In elke kaserne was daar vier tafels, en die krygsgevangenes is toe tien man per tafel ingedeel. By elke tafel was daar borde, messe, vurke en lepels vir die krygsgevangenes.[23]

Soos in Figuur 32 hiernaas gesien kan word, is die krygsgevangenes in Umbilokamp in groot markeetente gehuisves. In teenstelling met die ander tentkampe, het die gevangenes in Umbilo op seilbeddens geslaap, waarskynlik weens die nat toestande daar en die gebrek aan 'n tentvloer.

3. <u>Daaglikse roetine</u>

Die daaglikse prosedure en algemene orde in die kampe is alles volgens militêre regulasies deur die onderskeie kampkommandante bepaal en streng volgens vasgestelde tye gereël (sien Bylaag 6). Die beuelblaser het die begin van die daaglikse aktiwiteite in Groenpunt soggens om sesuur

---

[21] OB, Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1900.05.03, p. 65 en 1900.05.11, p. 70.

[22] W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 19; O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, pp. 19, 108; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 43,46.

[23] KAB, Kaapstad, A 630, Dagboek van J.A. de Villiers, 1901.06.23, p.9; OB, Dagboek 4290/1, Dagboek van Sarel Viljoen, 1900.07.17.

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000




**Figuur 33:** Appèlparade in Bellevue-kamp. Die inwoners van elke tent is voor hulle tent aangetree om getel te word.

TAB, Foto 30846.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



aangekondig. Om halfsewe moes die kantseile van die tente opgerol wees.[24]

Appèlparade moes, volgens regulasie, twee maal elke dag in al die kampe gehou word. Die oggend-appèlparade is om sewe-uur deur 'n beuel aangekondig. In die tentkampe moes die krygsgevangenes dan in rye voor hulle tente aantree om getel te word. Die bevelvoerder van die wag, tesame met die sersant-majoor en 'n aantal manskappe, het dan langs die rye tente afgestap en noukeurig nagegaan of al die krygsgevangenes nog in die kamp teenwoordig was (Figuur 33). Britse soldate het tydens die appèlparade tussen die rye wag gestaan om te verhoed dat burgers wat reeds getel is, na die volgende ry deurglip om 'n afwesige makker se plek in te neem.[25]

Soms het dit wel gebeur dat burgers laat was vir appèlparade. Hierdie burgers moes dan na die tyd na die sersant gaan om spesiaal getel te word. Indien hulle versuim het om dit te doen, is hulle deur die Britse kampowerhede gestraf. Die kampowerhede in Groenpunt het so nougeset by die regulasies gehou dat die appèlparade selfs tydens reënweer gehou is, beweer Hugo van Niekerk. Na afhandeling van die parade, is die uittree beuel geblaas en kon die krygsgevangenes dan hulle gang gaan.[26]

Ontbyttyd vir die krygsgevangenes het na die appèlparade aangebreek. Op Sondae is die ontbyt gevolg deur die kerkparade om nege-uur. Om elfuur elke dag, buiten Sondae, is die kampinspeksie deur 'n beuel aangekondig. Volgens regulasie moes die kampkommandant, vergesel deur lede van sy staf, die inspeksie gedoen.[27] Elke korporaal moes voor sy tent staan,

24 OB, Dagboek 4290/1, Dagboek van Sarel Viljoen, 1900.08.21, p. 89; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Camp Routine, 1900.09.17; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 181.

25 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Camp Routine, 1900.09.17; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 45; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, pp. 35-36.

26 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.01, p. 92 en 1900.12.02, p. 107; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 45.

27 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 47; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 105; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17; OB, Dagboek 4909/2: Dagboek van J.A. de Villiers, 1901.06.23, p.17; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 46.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 34:** Inspeksie in Bellevue-kamp. Die tenkorporaal van elke tent moes voor sy tent staan tydens die inspeksie.
TAB, Foto 26675.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



en die kolonel inwag (Figuur 34). Volgens Hugo van Niekerk was die inspeksie baie streng. Alles moes voor die inspeksie uit die tente gedra word. Selfs as daar net 'n papiertjie rondgelê het, is daaroor gepraat. Wanneer die kolonel iets erger met die tent fout gevind het, het hy dit dadelik deur sy manne laat afbreek, en moes die burgers van die tent dit van voor af opslaan.[28]

Op sy daaglikse inspeksie het kolonel Money van Groenpunt die plankvloer van elke tent laat optel. Hy het dan gekyk of die grond onder die vloer behoorlik ontsmet was, soos die gevangenes drie maal per week moes doen.[29] Hierdie was ook 'n goeie manier om tonnelgrawers af te skrik om ontsnappingstonnels vanaf die tente te probeer grawe. Hugo van Niekerk maak in sy dagboek melding van 'n geval waar kolonel Money inderdaad 'n tonnel op dié manier ontdek het.[30]

Met verloop van tyd het die inspeksies volgens Van Niekerk nog strenger geword. Daar is toe ook gelet of die borde en bekers van die gevangenes skoon en netjies was. Dit was blykbaar moeilik om die eetgerei tydens inspeksie skoon te hou, aangesien dit buite in die son en stof moes staan, en dus gou vuil geword het.[31]

Nie net die tente nie, maar ook die kombuise, badkamers, wasplekke en latrines is elke dag deeglik deur die Britte geïnspekteer. Wanneer die inspeksie afgehandel is, het die beuelblaser gewoonlik die uittree aangekondig, en kon die gevangenes weer hulle gang in die kamp gaan.[32] Van elfuur tot twaalfuur was die kampwinkeltjie oop. Om vyfuur was dit tyd vir die middag-appèlparade. Die tellery het dan net soos in die oggend plaasgevind. Sesuur kon die gevangenes

---

[28] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 47; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 36.

[29] C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 47.

[30] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.25, pp. 77-78.

[31] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.11.21, p. 104.

[32] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 47; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 36.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



koffie geniet, en om halftien het die dag se program met die taptoe ten einde geloop. Die burgers moes dan die ligte in hulle tente uitdoof - die offisiere kon hulle ligte nog 'n uur langer laat brand.[33]

Elke kamp is dag en nag deur wagte bewaak. Van halfagt saans tot sonop het die wagte, soos genoem, klokslag elke halfuur met mekaar voeling behou, en die gevangenes voortdurend aan hulle teenwoordigheid herinner. Net met die wisseling van die wagte - elke vier uur - was daar 'n variasie op hulle luidrugtige krete. Die wag het dan, wanneer sy plaasvervanger begelei deur 'n onderoffisier sy platform nader, uitgeroep, "Halt, who goes there?"[34] "Friend", was die antwoord hierop. Die wag het dan vir oulaas aan die einde van sy wagbeurt geroep, "All's well, pass on!"[35]

Dit was die roetine waarvolgens die daaglikse verrigtinge in Groenpuntkamp gereël is. In die ure tussen die normale aantredes en roetine byeenkomste, moes die krygsgevangenes hulself grotendeels besig hou - aanvanklik met hulle eie gedagtes, maar later met 'n wye verskeidenheid ander tydverdrywe.

4. <u>Voedsel en etes</u>

Die krygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe is van potte en kookgereedskap voorsien en was self verantwoordelik vir die voorbereiding van die etes, wat gewoonlik in en om die tente of woonkwartiere genuttig is.

In die tentkampe het die bewoners van elke tent daagliks beurte gemaak om kok te wees. In Tin Town, waar tien man per tafel ingedeel was, is een van die tien ook daagliks as kok aangewys. Die kok moes die rantsoene gaan ontvang en die voedsel voorberei (Figuur 35). Alhoewel elke

---

33 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 105; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, pp. 36-37; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Camp Routine, 1900.09.17.

34 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 105; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 37.

35 C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 37.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 35:** Ontvangs van rantsoene in Tin Town.
TAB, Foto 22274.



**Figuur 36:** Krygsgevangenes in Bellevue besig om eet- en kookgerei te skoon te maak.
TAB, Foto 26672.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



kampowerheid 'n mate van vryheid ten opsigte van die bepaling van tye van die daaglikse roetine gehad het, het die verrigtinge grotendeels ooreengestem. Ontbyt in die kampe is tussen 7:30 en 8:00 geëet en het uit koffie, brood en konfyt bestaan. Middagete het uit brood, aartappels, vleis ("naar onze beoordeling van magerte gevrekt schapen, die wij wegworpen"[36] reken J.A. de Villiers) en sop bestaan. Smiddae, om en by 17:00, het die krygsgevangenes weer tee en brood met konfyt as aandete genuttig.[37]

Hoewel die kookwerk nie veel moeite was nie, was die skuur van die potte blykbaar 'n groot werk (Figuur 36). Die gevolg was dat sommige krygsgevangenes ander gehuur het om in hulle plek kos te kook en ander take te verrig. Soms is hulle geldelik vergoed, maar gewoonlik in goedere, soos kledingstukke, of 'n deel van die persoon se rantsoen koffie en konfyt.[38]

Volgens Hugo van Niekerk het die Britte die krygsgevangenes aanvanklik goed behandel, en goed na hulle behoeftes omgesien. Mettertyd het dié behandeling verander weens 'n meer vyandige houding van die kampowerheid. Die gevangenes se rantsoen suiker, koffie en konfyt het byvoorbeeld minder geword, en so min brandhout is soms voorsien dat die gevangenes nie met alle maaltye kon koskook nie.[39] L.C. Ruijssenaers skryf dat die krygsgevangenes in Bellevue-kamp in April 1900 (toe hy in die kamp was) ook byna geen brandhout van die kampowerheid ontvang het nie. Die gevolg hiervan was dat 'n klomp van die buitelandse krygsgevangenes die wasplek en ander hout geboue in die kamp afgebreek, en die hout vir vuurmaakdoeleindes gebruik het. Dit het weer by sommige Boere-krygsgevangenes die opmerking ontlok, "Hullie is banje

---

36 KAB, Kaapstad, A 630, Dagboek van J.A. de Villiers, 1901.06.23, pp. 9-10.

37 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 48 en 1900.03.23, p. 52; KAB, Kaapstad, A 630, Dagboek van J.A. de Villiers, 1901.06.23, pp. 9-10; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 45.

38 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 48 en 1900.03.23, p. 52 en 1900.07.25, p. 77; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 46; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 35.

39 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.26, p. 53.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000




**Figuur 37:** In Tin Town het die gevangenes self pogings aangewend om hulle rantsoene aan te vul. Hier kan 'n groentetuin gesien word wat deur die gevangenes aangelê is.

OB, Foto 7550.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



parmantig, hullie neem somaar die hout weg sonder te vra!"[40]

Britse regulasies het bepaal dat die gevangenes die normale soldate rantsoen moes ontvang.[41] Een van die krygsgevangenes in Groenpuntkamp beweer tog dat die rantsoen totaal onvoldoende vir 'n gesonde man was. Elke man in dié kamp se rantsoen het bestaan uit ongeveer 900 gram rogbrood[42], 'n half-kilogram vleis en twee aartappels, en dan ook gemaalde koffie en suiker genoeg om twee maal te maak. Hiermee saam is daar ook 'n blikkie melk (ongeveer 'n half-kilogram) per dag, aan agt gevangenes gegee om te deel. Een maal per week het die gevangenes ook konfyt by die kampowerheid gekry.[43] Die vrugte, brood, beskuit en groente wat die krygsgevangenes gereeld van familie, vriende en goedgesinde mense uit die omgewing ontvang het, was dus 'n baie welkome aanvulling van die rantsoene, en is baie waardeer.[44]

Die gevangenes kon darem hulle rantsoene self ook aanvul by die winkeltjies wat in elke kamp aangetref is. 'n Aantal ondernemende gevangenes in Groenpunt het, met toestemming van die Britte, op hulle eie manier die rantsoen aangevul. Hulle het naamlik pannekoek gebak, en dit teen 'n pennie stuk aan 'n groot en uiters gretige klandisie verkoop.[45]

Nie net die hoeveelheid voedsel nie, maar ook die gehalte van die voedsel wat die krygsgevangenes in die kampe ontvang het, het hulle ontevrede gemaak. Soms was die vleis oneetbaar, omdat dit vol "ongediertes" was. Dit was blykbaar ook nie ongewoon om voorwerpe,

---

40 O.J.O. Ferreira (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, p. 107.

41 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman, Stafoffisier vir krygsgevangenes - Kampkommandant, Ladysmith, 1900.09.17.

42 J.W. Kok noem in sy dagboek dat die brood nie "goed" vir sy maag was nie en dat hy nog nie voorheen sulke growwe brood geëet het nie. Die brood was volgens hom boonop sleg gebak. Vergelyk OB, Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1900.04.07, p. 47-48.

43 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, pp. 48-51; TAB, Pretoria, W 218, G.S de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 21.

44 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, pp. 51-52; TAB, Pretoria, W 218, G.S de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 21; OB, Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1900.04.24, p. 58 en 1900.04.28, pp. 61-62.

45 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.10, p. 70; KAB, Kaapstad, A 630, Dagboek van J.A. de Villiers, 1901.06.23, pp. 9-10; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 36; C.R. Kotze, *My Ballingskap*, pp. 92-93.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000


soos pruimpies, stukke sigarette, vlieë, garing, ensovoorts, in die koffie te vind nie.[46] Alhoewel laasgenoemde gevalle aan opsetlikheid aan die kant van Britse soldate toegeskryf kan word, is die hoeveelheid voedsel wat die gevangenes in Suid-Afrikaanse kampe ontvang het, dikwels deur omstandighede bepaal. Weens die groot getalle soldate en krygsgevangenes in Suid-Afrika wat gevoed moes word, kon die militêre owerheid nie altyd ten volle aan elke man se voedingsbehoeftes voldoen nie.

5. Vryetydsbesteding in die kamp

Aan die begin was die krygsgevangenes, wat uit 'n wye gebied byeengebring is, vir mekaar vreemd. Ledigheid en verveling was, weens die vreemdheid van die mense en omstandighede, veral onder die eerste krygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe 'n probleem. 'n Gevolg van die ledigheid was dat menige krygsgevangene se gedagtes gedurig by sy geliefdes tuis, by die vegtende burgers of by die lot van die Republieke rondgedwaal het. Namate die lewe besiger geword het, het die vreemdheid van die mense en omstandighede afgeneem. Spontane vermaak het toe plek-plek in die kampe voorgekom. Dit was tog te geïsoleerd dat al die gevangenes daardeur besig gehou kon word. Gevolglik is daar met verloop van tyd georganiseerde tydverdrywe in die kampe gereël. Op hierdie manier is meer krygsgevangenes by die aktiwiteite betrek en het die lewe meer normaal begin verloop.[47]

5.1 Spontane vermaak en speletjies

Kort na die aankoms van die eerste krygsgevangenes in die krygsgevangekampe het spontane geïsoleerde vorms van vermaak in die kampe voorgekom. Hugo van Niekerk maak 'n in April 1900 in sy dagboek melding van 'n paar gevalle waar grapmakers groot vermaak in Groenpuntkamp verskaf het, en so die swaarmoedige stemming verbreek het: "Andries Lubbe is een groote man", skryf Van Niekerk, " met een paar wilde oogen. Hij knort net zoo als een

[46] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.08.24, p. 88.

[47] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 233; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 44.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



hond en dan rekt hij zijne oogen zoodanig dat iemand met zwakke zenuwen licht bang kan worden. Jan du Plessis is die man die bang wordt, zoo bang dat als wij zeggen: 'Sa, bull' en Lubbe hem aanvalt hij somtijds onder die tent door kruipt. Jan had een zware leven want bij elke gelegenheid dan bekruipt Bull hem en dan will J. amper stuipen krijgen",[48] natuurlik tot groot vermaak van die ander krygsgevangenes.

Een van die gevangenes het toe aan Jan vertel dat Lubbe baie bang vir 'n slang was. Hierop het Jan 'n riempie geneem en gekerf sodat dit soos 'n slang lyk. Toe Lubbe hom een keer weer knorrend aangeval het, het Jan die slang skielik te voorskyn gebring, "en bliksemsnel vloog Bull om en liep voor zijn leven met Jan achter na." Van toe af het Jan nie meer las van Lubbe gehad nie.[49]

Om die eentonigheid van die kamplewe te verbreek, het van die krygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe allerhande speletjies, wat gewoonlik deur skoolseuns gespeel is, gespeel. Hieronder was "Bok, Bok sta stijf, Hoeveel vingers op jou lyf. Caps on the Back en anderen," gewild.[50] Dambord, skaak en kaartspeletjies soos klaverjas, en albasterspeel was ook gewilde tydverdrywe in die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe.[51] Teen die middel van 1900 het daar volgens Hugo van Niekerk 'n dobbelgier in Groenpuntkamp losgebreek, en het sommige krygsgevangenes só gedobbel, dat dit 'n aardigheid was.[52] Nie almal het die deug van hierdie vorms van spontane vermaak gesien nie. Die redakteur van Umbilo-kamp se koerantjie, *The Tick*, skryf byvoorbeeld oor die albasterspelery (en moontlik soortgelyke tydverdrywe): "Ydelheid is

---

48 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.18, p. 60.

49 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.18, p. 61.

50 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 49.

51 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.09.29, p. 92; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, pp. 38-39; KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 2, 1902.06.14, pp. 3,4.

52 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.14, p. 71.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



toch de wortel van alle kwaad"![53]

Te verstane was hierdie vorms van vermaak te geïsoleerd om aan die behoeftes van die hele kampgemeenskap te voldoen. Slegs deur georganiseerde tydverdrywe sou al die krygsgevangenes daarby kon baat vind. 'n Groot aantal aktiwiteite is dus deur die leiers onder die gevangenes in die kampe georganiseer, en gaandeweg is feitlik almal by een of meer van die talle bedrywighede in die kampe betrek. Op hierdie manier is die lewe in die kampe vir die krygsgevangenes aansienlik draagliker gemaak.

## 5.2 Debatsverenigings

Debatsverenigings is in navolging van gebruike waaraan die krygsgevangenes gewoond was, in Groenpuntkamp en in sommige ander kampe gestig. Gedurende die laaste twee dekades van die negentiende eeu was debatsverenigings gewild in die Boere-republieke. In dié verenigings het jongmense die geleentheid gekry om hulle redenaars-, voordrag-, toneel-, musiek- en skryftalent te beoefen. Soos later in die krygsgevangekampe het debatsverenigings ook gesorg dat nasionale feesdae, soos 16 Desember, onderhou word. Dit is dus voor die hand liggend dat sulke verenigings ook in die krygsgevangekampe gestig sou word.[54]

Hugo van Niekerk teken op 26 Julie 1900 in sy dagboek aan dat 'n vergadering in Groenpuntkamp gehou is om 'n debatsvereniging tot stand te bring. Dit het toe uitgeloop op die stigting van "De Vrijstaatsche Krijgsgevangenen Debats Vereeniging." [55] 'n Bestuur van sewe lede, waaronder 'n voorsitter, vise-voorsitter, sekretaris, vise-sekretaris-penningmeester, en drie addisionele lede is gekies om aan die hoof van die vereniging te staan. Drie joernaliste is ook tydens dié geleentheid gekies. Hierbenewens was daar tussen veertig en vyftig lede. Die eerste vraagstuk waaroor daar

[53] KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 2, 1902.06.14, p. 4.

[54] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 235.

[55] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*,1900.07.26, p. 78.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000


gedebatteer is, was: "Wat is beter geleerd en arm of ongeleerd en rijk".[56] Dié debat het op 2 Augustus 1900 plaasgevind en het uitgeloop op 'n oorwinning vir geleerdheid. Die "zeer aangename" verrigtinge is afgesluit met die sing van die Vrystaatse Volkslied, en 'n gebed deur die voorsitter.[57]

Of kolonel Money, die kampkommandant in Groenpuntkamp, daarna weer toegelaat het dat die Vrystaatse Volkslied gesing word, is te betwyfel, want die Britte het die sing en speel van die Republikeinse Volksliedere as uittarting beskou. Nietemin het die vereniging gereeld vergader, en oor 'n verskeidenheid onderwerpe gedebatteer.[58] Soos die debatsverenigings in ander krygsgevangekampe, het die bestuur van "De Vrijstaatsche Krijgsgevangenen Debats Vereeniging" aandag gegee aan aspekte soos vaderlandsliefde en nasionalisme. Daar is byvoorbeeld op 21 November 1900 'n buitengewone bestuursvergadering gehou, "om de wenschelijkheid te bespreken eene soort van Vereeniging tot stand te brengen na den oorlog door den geheelen Vrij Staat om vaderlandsliefde en nasionaliteits gevoel aan te kweeken".[59]

As gevolg van die gedurige wegvoer van gevangenes uit die kampe is die verenigingslewe ontwrig. Die verenigings moes gedurig herorganiseer en nuwe besture aanwys word. So byvoorbeeld moes die voorsitter en ander bestuurslede van die Groenpuntse debatsvereniging op 22 November 1900 vervang word. Hierdie nuwe bestuur het onder voorsitterskap van Hugo van Niekerk gestaan, en het kort hierna die feesviering op 16 Desember georganiseer.[60] Die program wat vir dié dag opgestel is het geleentheid gebied vir feesredes, voordragte, 'n debat, opstelle, historiese lesings, 'n joernaal en 'n bespreking oor die aankweek van 'n gesonder

---

[56] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.26, p. 78.

[57] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.08.02, p. 80; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 236.

[58] C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 39.

[59] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.11.21, p. 103.

[60] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.11.22, p. 104.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 38:** 'n Groepie krygsgevangenes met hulle musiekinstrumente, waaronder banjo's, viole en konsertinas, in Bellevue.
OB, Foto 7120.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



nasionaliteitsgevoel in die toekoms. Verrigtinge is afgesluit deur die sing van die Vrystaatse en Transvaalse volksliedere, en 'n gebed daarna.[61]

Buiten "De Vrijstaatsche Krijgsgevangenen Debats Vereeniging" wat hierbo genoem is, was daar nog twee ander jongeliede debatsverenigings in Groenpuntkamp.[62] Die feit dat daar ten minste drie debatsverenigings in Groenpuntkamp was, dui daarop dat dié verenigings besonder gewild onder die gevangenes was. Uit die aard van die saak het soortgelyke verenigings ook in die ander kampe bestaan het.

Debatvoering was ongetwyfeld 'n baie suksesvolle middel waarmee verveling en verlange bestry is. Debatsverenigings het met hulle aktiwiteite afleiding en vermaak verskaf en die saaiheid van gevangenskap verlig. Deur die temas waaroor gedebatteer is, is vele gevangenes se lojaliteit teenoor die Boere Republieke versterk. In Bellevue het die debatsvereniging byvoorbeeld president Steyn se verjaardag gevier en selfs die Vierkleur gehys.[63] Die grootste bydrae wat debatvoering waarskynlik gelewer het, was dat dit die deelnemers en toeskouers geleer het om sake logies te redeneer. Debatsverenigings het nietemin nie aan al die behoeftes van die krygsgevangenes voldoen nie. Daarvoor was ander tydverdrywe ook nodig en het ander verenigings tot stand gekom.

## 5.3 Musiek- en sangverenigings en kampkonserte

'n Ander vorm van vermaak wat baie gewild was in die krygsgevangekampe, was sang en musiekmaak. "Muzikanten en muziekinstrumenten zijn er in overvloede", verklaar Hugo van

---

[61] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.12.15, pp. 108-109; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 237.

[62] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.09.29, p. 92; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 243.

[63] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 244.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000




**Figuur 39:** Die gewilde Christy Minstrel-groep, ook bekend as *De Groenpunt Spreeuws,* van Groenpuntkamp.
OB, Foto 5570.



**Figuur 40:** 'n Toneelgroep in Bellevue. Die krygsgevangenes het duidelik nie moeite met hulle grimering en kostuums ontsien nie. Die vroulike rolle is deur vermomde krygsgevangenes gespeel.
OB, Foto 14426.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Niekerk in Maart 1900 in Groenpunt.[64] Volgens hom was veral die artilleriste goeie musikante, wat beide godsdienstige en wêreldse musiek gemaak het. Musiekinstrumente in Groenpuntkamp het onder meer 'n klavier en viole ingesluit. Daar is nie net in die kampe gesing of musiek gemaak nie, maar ook gedans. Teen Julie 1900 het die Britte 'n sink gebou in Groenpunt opgerig wat toe is vir danse, konserte en ook debatte oopgestel is.[65] Met wie die krygsgevangenes gedans het, is onseker.

Die musiek wat uit die klubgebou gekom het, is nie altyd waardeer nie. Krygsgevangenes het soms klagtes ingedien teen die "een-man-geskree wat in die klubgebou met handegeklap as pragtige sang geprys is, maar wat 'n mede-gevangene se slaap om elfuur n.m. steur." Die klaers is dan terug gekritiseer oor die manier waarop hulle psalms, gesange en volksliedere gesing het. Die eerste musiekonderrig in die kampe het dan ook ten doel gehad om die sang by godsdiensoefeninge te verbeter.[66]

Onder die musiek- en sangverenigings in Groenpuntkamp was daar die "Christy Minstrel Entertainment"-groep (Figuur 39). Hierdie groep het 'n aantal verskeidenheidskonserte aangebied, wat groot byval onder die gevangenes gevind het. Op uitnodiging van die gevangenes het kolonel Money en lede van sy staf ook die konserte bygewoon.[67] In die lig hiervan was sommige van die kwinkslae wat op die verhoog vertel is, nogal gewaag:

"What increases the more you take out of it? Answer: A tunnel.
Wat is 't onderscheid tusschen de trein wet van den O.V.S. en dié van ander landen? Antwoord: In ander landen laat de wet de treinen loop in die V.S. 'stop' de Wet de

[64] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 49.

[65] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.14, p. 71; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, p. 36.

[66] Kotie Roodt-Coetzee, Musiek en toneel in die krygsgevangenekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1022), 1941.10.24, p. 13.

[67] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.08.08, p. 83; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 40.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 41:** 'n Toneelgroep in Tin Town se voorstelling van 'n bruilof.
OB, Foto 2455.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



treinen." [68]

In Groenpunt het die program van die konserte min of meer altyd dieselfde soort items bevat. Dit het hoofsaaklik bestaan uit 'n groot aantal sang-items, toertjies, raaisels en talle grappe. Geld wat ingesamel is tydens die konserte is vir 'n verskeidenheid sake aangewend. Op 7 September 1900 het die "Christy Minstrels" byvoorbeeld 'n konsert gehou om die fonds vir die Sportklub aan te vul.[69]

In Umbilo-kamp het die "Philharmonic Club" soms in die ontspanningstent vergader. In die ontspanningstent was daar selfs 'n grammofoon vir die krygsgevangenes om te gebruik. Daar is in hierdie kamp ook aan sang aandag gegee. Ene meneer Floris Coetzee het lesse in hoë gehalte sang gegee, met spesialisasie in "heartbreaking and air rendering", volgens die redakteur van *The Tick*.[70]

Musiek en sang het ongetwyfeld 'n welkome afwisseling op die kamplewe vir die krygsgevangenes gebring. Soos uit die voorbeeld van Groenpuntkamp afgelei kan word, is die verskille tussen die burgers en die kampowerhede deur musiek oorbrug. Haat en verbittering is vereers opsy geskuif en die lewe vir die krygsgevangenes sodoende draagliker gemaak.

5.4 Ander verenigings

Debat- en sangverenigings was uiteraard nie die enigste soort verenigings wat in die krygsgevangekampe aangetref kon word nie. Laat in 1901 was een van die grootste aantrekkingskragte in Groenpuntkamp die "Green Point Prisoners of War Bridge Whist Club", oftewel die G.P.P.O.W.B.W.C. Hoewel die verrigtinge van die klub groot belangstelling onder

---

[68] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.08.08, p. 83.

[69] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.08.08, pp. 82-84 en 1900.09.07, p. 89.

[70] KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 1, 1902.06.05, pp. 1,3; KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 2, 1902.06.14, p. 2.

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000



**Figuur 42:** Staatswapen van die Z.A.R (links) en Vrystaat (regs), uitgekerf deur 'n krygsgevangene te Groenpuntkamp.
OB, Foto 2813.



**Figuur 43:** 'n Verskeidenheid artikels wat met groot sorg deur krygsgevangenes in Bellevue gemaak is.
Foto in besit van die skrywer.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



die krygsgevangenes ontlok het, het die klub blykbaar nie 'n groot ledetal gehad nie.[71]

In Umbilo-kamp was daar 'n "Temperance Union" of matigheidsunie wat per geleentheid, volgens *The Tick*, à la 'n debatsvereniging slegte bier, vloek en rumatiek bespreek het.[72] Daar was ook "The Snorers Association" wat 'n snorkkompetisie uitgeloof het. Die eerste plek sou toegeken word aan 'n bobaas snorker wat al donderend dakke kon laat lig, wolke kon opbreek, ensovoorts.[73]

Weens die skaarste aan inligting oor die lewe in die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe is hierbo hoofsaaklik op Groenpunt gekonsentreer. Soortgelyke en ander verenigings het in Bellevue en Tin Town ook bestaan. Die doel is nie om elke kamp afsonderlik te bespreek, of self om die kampe met mekaar te vergelyk nie, maar om 'n algemene beeld van die lewe in die deursneë Suid-Afrikaanse kamp te skep. Die verenigingslewe het in 'n groot mate na die intellektuele behoeftes van die krygsgevangenes omgesien. Menige krygsgevangene het wel ook behoefte aan meer skeppende tydverdrywe gehad. Hierdie behoefte is veral deur handbedrywighede aangespreek.

5.5 Handbedrywighede

Om die leë ure te vul, en uiting aan verlange te gee, het van die krygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe begin om met karige gereedskap, gewoonlik net hulle knipmesse, allerlei artikels uit hout, sagte leiklip en ander materiale te sny. (Vergelyk Figure 42 tot 45). So byvoorbeeld het sommige krygsgevangenes uit hout speelgoed vir hulle kinders gemaak, terwyl ander met hulle messe portretrame uit sigaardosies gesny het.[74] "Vele anderen maken van de zachte zand steen beelden van bijbeltjen, grafsteenen lockets enz. Ou Jan Binders maakt springende bavianen die hy dan verkoopt ... Die oude heer maakt ook zweepen. Hy verdient een

---

[71] SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(1), 1901.09.18.

[72] KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 2, 1902.06.14, p. 1.

[73] KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 1, 1902.06.05, p. 3.

[74] TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 44; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 49; Kotie Roodt, Gevangene-kuns van die Boer, *Die Huisgenoot* 24 (950), 1940.06.07, p. 19.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 44:** Speelgoed en ander aandenkings wat deur krygsgevangenes in Bellevue vervaardig is. Deur die verkoop van die items, het die krygsgevangenes geld verdien waarmee voedsel en ander benodighede gekoop kon word.

OB, Foto 5563.



**Figuur 45:** 'n Krygsgevangene in Tin Town besig om, met karige gereedskap, aandenkings te maak.

OB, Foto 6061.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



aardige sommetjie met die kunsterijen. Hertzfelt tatueert en schrijft namen in boeken, Luckhoff 'sketches'," skryf Hugo van Niekerk in Groenpunt.[75]

Daar was ook die knaphandiges in dié kamp wat afbeeldings van presidente Paul Kruger en M.T. Steyn, of die staatswapens van die twee Republieke, op klip uitgekerf het. Kettinkies, dasspelde, borsspelde en horlosiekettings is ook van klip of draad gemaak. Dikwels is die name van geliefdes op die artikels uitgekerf. Ou posseëls is ook gebruik om afbeeldings van byvoorbeeld die Vrystaatse vlag, te maak. Snuifdosies, ossewaentjies en perdekarretjies van hout, en 'n groot verskeidenheid ander artikels, van allerlei materiale, is ook in die kamp vervaardig. Die gevangenes het gereeld voorwerpe uit hulle eie lewe as versieringsmotiewe geneem. Hieronder tel die kop van 'n perd of bok, 'n wildpoot, perderuiters, 'n kakebeenwa ensovoorts.[76]

Dieselfde handbedrywighede is in byna al die krygsgevangekampe beoefen, in die oorsese kampe net op veel groter skaal as in die Suid-Afrikaanse kampe. Hierdie bedrywighede het die krygsgevangenes dikwels die hele dag besig gehou. Behalwe dat die voorwerpe wat vervaardig is, verkoop is om geld te verdien, is dit dikwels, soos genoem, gemaak vir geliefdes by die huis, of vir mense aan wie die krygsgevangenes hulle dank wou betoon.[77]

Omrede gereedskap skaars was en die gevangenes in die kampe hoofsaaklik op hulle knipmesse aangewese was, is hulle werk aanvanklik aan bande gelê. Deur hulle vernuftigheid het die gevangenes hierdie tekortkoming te bowe kom. Hulle het naamlik self gereedskap soos bore, beitels, sagies en skawe gemaak. Die werksaamhede het geleidelik meer gespesialiseerd geraak, en verskillende persone of groepe in elke kamp het hulle toe op die vervaardiging van spesifieke artikels toegespits. Hierdie spesialisasie het die gehalte en voorkoms van die artikels verbeter.

---

[75] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 49.

[76] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.13, p. 96; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, pp. 52-53; Privaatversameling: briewe van L.J.S. Changuion, Changuion - H.E. Potgieter, 1900.12.05; Kotie Roodt, Gevangene-kuns van die Boer, *Die Huisgenoot* 24 (950), 1940.06.07, p. 45.

[77] Privaatversameling: briewe van L.J.S. Changuion, Changuion - H.E. Potgieter, 1900.12.05; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 272, 274, 277; Kotie Roodt, Handwerk van Krygsgevangenes, *Die Huisgenoot* 25 (962), 1940.08.30, p. 15.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Dit wat as tydverdryf ontstaan het, het mettertyd in 'n florerende klein nywerheid ontwikkel. Soos hulle vaardigheid toegeneem het, is die krygsgevangenes tot groter inspanning en vindingrykheid aangespoor.[78]

Die handwerk van die krygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe, getuig nie net van hulle vernuftigheid en kunstigheid nie. Dit getuig ook van die verlange en hunkering na hulle vaderland. Buiten dat dit 'n manier was om die tyd mee te verdryf en om 'n klein inkomste mee te verdien, het die handbedrywighede die krygsgevangenes ook verder tot voordeel gestrek. Deur die beoefening daarvan het vele krygsgevangenes 'n kunstalent, waarvan hulle onbewus was, ontdek en het hulle ook meer krities op hulleself geword. Hierdie selfkritiek het hulle weer tot beter prestasie aangespoor.[79]

Die krygsgevangenes het geestelik en geldelik by die beoefening van handewerk baat gevind. Dit was nietemin nie net deur handbedrywighede wat die krygsgevangenes geld verdien het nie. Die kamplewe het 'n verbasende vernuftigheid om geld te verdien aan die kant van die krygsgevangenes geopenbaar.

## 5.6 Vindingrykheid om geld te verdien

Talle soorte besighede en bedrywe het in die kampe in Suid-Afrika en oorsee bestaan. Soos die geval met handbedrywighede was, was hierdie aktiwiteite nie net daarop gemik om die krygsgevangenes iets in die sak te bring nie, dit was ook 'n afleiding en tydverdryf, en ook 'n geleentheid om sosiaal te verkeer.[80]

Een so 'n besigheid was die bak en verkoop van pannekoeke en vetkoeke. Dat dié lekkernye baie gewild onder die krygsgevangenes was, kon afgelei word uit die feit dat daar in Groenpuntkamp op 'n keer tot agtien pannekoek- en twee vetkoekpanne tegelykertyd op die vuur was. Die

---

[78] Kotie Roodt, Handwerk van Krygsgevangenes, *Die Huisgenoot* 25 (962), 1940.08.30, pp. 15, 19; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 277-282.

[79] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 283-284.

[80] D.J. du Toit, Vindingrykheid om geld te verdien, *Die Huisgenoot* 30 (1256), 1946.04.19, p. 31.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



pannekoeke is vir 'n pennie stuk verkoop.[81] Deur verkoopkuns aan die dag te lê, het die pannekoekbakkers in Sky View-kamp vier pannekoeke teen drie pennies aan hulle klandisie verkoop.[82]

Van die môre tot die aand was die pannekoekbakkers in Groenpunt bedrywig. Gewoonlik is 'n viergelling parafienblik vol deeg gemaak, en die hele dag dan met die bak daarvan deurgebring. Sommige bakkers het die kuns so bemeester dat hulle met 'n pan in elke hand gebak het - die pannekoeke is selfs twee-twee in die lug opgeskiet en omgekeer, en dan weer foutloos in die panne gevang.[83]

Daar was nog 'n hele paar ander maniere waarop die krygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe geld verdien het. Soos reeds gesien was die vervaardiging van aandenkings en ander voorwerpe 'n bron van inkomste vir die gevangenes. Een van die krygsgevangenes, 'n juwelier, het geld verdien deur die herstel van horlosies. Ander gevangenes het deur los werkies in die kamp te doen, 'n paar pennies verdien. Daar was ook diegene wat vir meer welgesteldes gekook het, ander het hare gesny, breiwerk gedoen, gewas en gestryk, of gehelp met die bak van pannekoek.[84] "Voor lap, stop, was en alle soorten van klavater [sic] werk doe men aanzoek bij den Heer Jacob Kruger" lees die advertensie van 'n krygsgevangene in een van die kampkoerantjies.[85]

Sommige krygsgevangenes het op versoek van die Groenpuntkampowerheid sekere dienste in die kamp verrig, en dan ook só iets verdien. Een het byvoorbeeld vir die siekes in die kamp kos gekook, en hulle gehelp versorg. Hiervoor is hy deur die Britte vergoed. Ook Hugo van Niekerk

[81] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.10, p. 70; KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 2, 1902.06.14, p. 3.

[82] Privaatversameling: briewe van L.J.S. Changuion, Changuion - H.E. Potgieter, 1900.10.28.

[83] L.A. Visagie, *Terug na kommando*, pp. 35-36; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 36.

[84] KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 1, 1902.06.05, p. 1 en *The Tick* 2, 1902.06.14, p. 4; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 53; D.J. du Toit, Vindingrykheid om geld te verdien, *Die Huisgenoot* 30 (1256), 1946.04.19, pp. 31, 35.

[85] KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 2, 1902.06.14, p. 4.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000




**Figuur 46:** Die voetbalspan in Groenpuntkamp.
OB, Foto 5544.

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000



het op 'n keer geld verdien deur saam met 'n paar ander gevangenes die name van die krygsgevangenes in alfabetiese volgorde te skryf - dit natuurlik ook op versoek van die kampowerheid.[86]

D.J. du Toit[87] sê tereg dat die geld wat die krygsgevangenes in Groenpunt en in die ander kampe verdien het, baie welkom en besonder nodig was. Met die geld kon hulle hulle rantsoen aanvul, en ander noodsaaklikhede koop. Boonop het die werk en bedrywighede om geld in die hande te kry, baie nodige afleiding van die eentonige kamplewe verskaf.

5.7 Sport en ontspanning

Fisiek en geestelik het die krygsgevangenes in die verskillende kampe spoedig die nadele van opsluiting en die gepaardgaande gebrek aan bewegingsvryheid gevoel. Met die beoefening van sport is veral die jonger krygsgevangenes se behoefte aan afleiding en fisieke ontspanning aangespreek.

Die kampowerhede het die krygsgevangenes dan ook aangemoedig om sportvelde aan te lê en om aan een of ander sportsoort deel te neem. Die verantwoordelikheid vir die aanlê en instandhouding van die sportvelde is op die krygsgevangenes self gelê. Hulle moes ook self die apparaat aanskaf. Om die nodige fondse in te samel, is allerlei byeenkomste (waaronder ook konserte, soos bo gesien) gehou. Al hierdie aktiwiteite het 'n groot deel van die gevangenes se tyd in beslag geneem en sodoende hulle aandag van die oorlog en hulle gevangenskap afgelei.[88]

'n Wye verskeidenheid sportsoorte is in die Suid-Afrikaanse kampe beoefen. Hieronder het getel rugby, tennis, krieket, boks, jukskei, ringgooi, toutrek, wedrenne, gewigstoot, verspring,

---

86 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.23, p. 97; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.11.15, p. 103.

87 D.J. du Toit, Vindingrykheid om geld te verdien, *Die Huisgenoot* 30 (1256), 1946.04.19, p. 36.

88 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 263-264; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 44-45; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, pp. 131-134.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



inderdaad enige sportsoort.[89] Dit blyk dat die sportsoorte wat groter aanhang geniet het, in klubs georganiseer was. In Groenpunt was Hugo van Niekerk byvoorbeeld 'n ywerige lid van die tennisklub. Verskeie tennistoernooie is deur dié klub gereël, en Van Niekerk maak breedvoerig van die "merkwaardige tennis setten" wat gespeel is, melding.[90] Die tennisrakette en die net waarmee gespeel is, is van goedgesinde Kapenaars ontvang.[91] Wanneer daar om die een of ander rede nie tennis (en waarskynlik ook enige ander sportsoort) gespeel kon word nie, het die tyd "tien maal langer dan voorheen" geneem om verby te gaan, skryf Van Niekerk.[92]

Die boksers in die Groenpuntkamp het nie net geskerm nie. Uit die dagboeke van krygsgevangenes is dit duidelik dat persoonlike geskille soms met die boksshandskoene besleg is. Dikwels het die verloorders gehawend uit die stryd getree. Een van Suid-Afrika se groot bokshelde, Jim Holloway van Pretoria (Suid-Afrikaanse liggewig- en middelgewigkampioen), was ook vir 'n tydlank 'n krygsgevangene in Groenpunt. Hy het een middag in Julie 1900 in 'n vertoongeveg in die kamp opgetree, en die krygsgevangenes met sy blitsige vuiste beïndruk.[93]

In Sky View-kamp is sport aanvanklik op 'n baie kleiner skaal beoefen. Die enigste sport wat gespeel is, so beweer L.J.S. Changuion (wat onder meer in dié kamp en in Kamp nr. 1 aangehou is) in November 1900, was krieket en die skop van 'n voetbal.[94] Sport is later wel op groter skaal in dié kamp beoefen. Sokkerwedstryde is gereeld gespeel en *The Skyview Parrot*, die kampkoerant, het dikwels oor die wedstryde en die spelers se vertoning op die veld berig.

---

[89] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 49; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, pp. 44-45; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 39; W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 19.

[90] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.02, p. 93 en 1900.10.12, p. 95.

[91] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, p. 57.

[92] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, p. 57.

[93] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, p. 57. 1900.07.17, p. 72; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 39.

[94] Privaatversameling: briewe van L.J.S. Changuion, Changuion - H.E. Potgieter, 1900.11.23.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



So het 'n beriggie oor een van die lynkapteins se vertoning op die sokkerveld in September 1901 in die koerantjie verskyn. "This appears, was his first appearance in public, and, I hope, for the benefit of the spectators not his last. He strolled around the field, as far away as possible from the ball, with a "Cock of the North" sort of stride, and if, by chance, the ball came in close proximity to his most august person, he treated it with scorn and contempt, and wasted his energy, in vainly trying to displace a maximum quantity of air with his "No 8" pedicles. Truly the music hall stage has lost a talented high-kicking artist in the person of Line Capt L-3."[95]

Dit blyk dat, in die geval van georganiseerde sportbedrywighede, die verskillende sportsoorte "seisoenaal" beoefen is. In Sky View het die sokkerseisoen in September 1901 ten einde geloop toe die krieketseisoen begin het.[96] (Hierdie "sportseisoene" het skynbaar nie veel langer as 'n maand geduur het nie, want teen die einde van Oktober 1901 was sokker weer gewild.[97]) Ook die krieketwedstryde het, soos die sokkerwedstryde, uitsonderlike spelers opgelewer. Die volgende gediggie wat in *The Skyview Parrot* verskyn het, het een so 'n speler se vertoning opgesom:

"When cricket he's playing,
He always is saying,
"Good ball," or, "Look out for a catch;"
And he watches the fellows,
all puffing like bellows,
And yet he stands stiff as a match."

"When the willow he's wielding,
Or when he is fielding,
He watches the ball with his eye;
And when it is coming,
He starts up a humming,
And lets it go quietly by."[98]

Hierdie gediggie het oor ene G. Theron se spel gehandel en het daartoe gelei dat dié

---

95 SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(1), 1901.09.18.

96 SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(1), 1901.09.18.

97 SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(6), 1901.10.23.

98 SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(5), 1901.10.16.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 47:** Krygsgevangenes by die swemplek te Bellevue-kamp. 'n Stewige doringdraadheining het die swemplek omring. Britse wagte (op die rotse in die agtergrond) het vir bykomende sekuriteit gesorg.
OB, Foto 7122.



**Figuur 48:** Die daaglikse swemsessies het 'n welkome afwisseling aan die krygsgevangenes in die kampe te Simonstad gebied.
OB, Foto 5519.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



krygsgevangene se spel in die daaropvolgende krieketwedstryd drasties verbeter het.[99]

Toeskouers is gewoonlik in groot getalle na die sportoefeninge en wedstryde in die kampe gelok. Die sportbedrywighede het ook vir hulle, en nie net vir die deelnemers nie, ontvlugting en ontspanning gebied. Deur die beoefening van sport is die samehorigheidsgevoel in die kampe ook versterk.[100]

Die krygsgevangenes in South Camp en later ook dié in Bellevue-kamp in Simonstad het 'n voorreg gehad wat die gevangenes in die ander Suid-Afrikaanse kampe nie gehad het nie. Hulle kon naamlik, aangesien die kampe baie naby aan die see was, gaan swem. L.C. Ruijssenaers skryf kort na sy aankoms (April 1900) in Bellevue dat die sekuriteit tydens die swemsessies te Windmill-strand baie streng was, en dat hulle in groepe van 150 op 'n keer toegelaat is om strand toe te gaan (Vergelyk Figure 47 en 48). Die krygsgevangenes is noukeurig getel soos hulle een vir een deur 'n gang wat deur soldate gevorm is, na die met doringdraad afgekampte strand gegaan het. Volgens Ruijssenaers was Bellevue-kamp se swemplek nie so groot soos dié van South Camp nie. Boonop het die wagte so dig opmekaar gestaan dat 'n ontsnappingspoging, soos in South Camp uitgevoer, onmoontlik was.[101]

Rudyard Kipling het hierdie swemtoneel vasgevang in sy kortverhaal *The Captive* wat in sy bundel *Traffics and Discoveries* opgeneem is.[102]

Die veiligheidsmaatreëls by die swemsessies is skynbaar van tyd tot tyd danksy ontsnappingspogings verskerp. J.D.T. Krynauw, wat in Augustus 1900 in Bellevue aangekom het, skryf in sy herinneringe dat slegs dertig krygsgevangenes op 'n keer toegelaat is om na die

---

99 SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(7), 1901.10.30.

100 SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(1), 1901.09.18; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 266.

101 W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 19; O.J.O. Ferreira (red.),*Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, p. 107.

102 W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 19.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



swemplek te gaan.[103]

'n Bruinvis het eenmaal vir groot konsternasie onder die swemmende gevangenes gesorg toe hy onverwags sy verskyning in die swemplek by Bellevue-kamp gemaak het. Vir enkele minute het die vis glo verward daar rond geswem en gespring en 'n gegil en geskreeu "uit 150 verschrikte keelen" tot gevolg gehad. Die gevangenes het skynbaar vermoed dat dit 'n haai is wat na prooi opsoek was en, binne oomblikke, het almal aan land gestaan of op die rotse geklim. Toe eers het hulle gesien dat dit 'n bruinvis was. Die vis het kort daarna weer na die oopsee geswem.[104]

Die baaiers het nie altyd so ongedeerd van die swemmery afgekom nie want haaie het wel soms hulle opwagting in die swemplek gemaak. 'n Krygsgevangene, Jan Hendrik Chandler van Ladybrand, is in Julie 1901 in die swemplek deur 'n haai aangeval en het op die strand weens bloedverlies beswyk.[105]

Uit die gegewens blyk dit dat die krygsgevangenes groot genot uit die beoefening van sport geput het. Selfs in Umbilo-kamp waar die gevangenes net vir 'n kort tydperk aangehou is, is daar ook sport beoefen. Tennisbane, krieket- en voetbalvelde is aangelê. Daar is ook tafeltennis gespeel. Van tyd tot tyd is sokker- en krieketwedstryde tussen die Britse garnisoen en spanne van die krygsgevangekamp gespeel.[106]

Soos gesien was sport 'n uitstekende vorm van afleiding wat die krygsgevangenes se frustrasie en onsekerheid in 'n mate getemper het. Dit was 'n goeie teenvoeter vir verveling en verlange. Sport het nie net vir die deelnemers nie, maar ook vir die toeskouers, ontvlugting gebied.[107]

---

103 TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 45.

104 O.J.O. Ferreira (red.),*Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers*, pp. 107-108.

105 OB, Dagboek 6343/1, Dagboek van J.P.H. Steyn, 1901.07.30; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 45; W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 17.

106 KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 1, 1902.06.05, p. 3; KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 3, 1902.06.26, p. 1; TAB, Pretoria, A 787, Vol.62, C. Röcher, Dagboek van ..., p. 109.

107 F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, pp. 134-135, 138.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Wanneer spanne van die Britse garnisoen teen 'n spanne van die krygsgevangenes deelgeneem het, is die gaping tussen oorwinnaars en oorwonnenes vir 'n tydjie oorbrug.

## 5.8 Ander tydverdrywe

Die genoemde bedrywighede het nietemin nie in al die behoeftes van die krygsgevangenes voorsien nie. Hoewel hulle fisiese behoeftes aangespreek is, het hulle intellektuele behoeftes aanvanklik skynbaar agterweë gebly. Daar was byvoorbeeld 'n gebrek aan leesstof. Soos reeds in Hoofstuk 3 genoem, kon die krygsgevangenes aanvanklik byna geen leesstof, buiten Engelse koerante, in die hande kry nie. Dié koerante het die gevangenes nie aangestaan nie omdat dit vol van die welslae van die Britse magte en die nederlae van die Boere was.[108] Onder hierdie omstandighede het sommige krygsgevangenes met kennis van joernalistiek begin om kampkoerantjies uit te gee.

In Groenpuntkamp het *The Skyview Parrot* in September 1901 sy verskyning gemaak, en is dit baie goed deur die krygsgevangenes ontvang.[109] Die koerantjie het net tot November 1901 bestaan,[110] maar is nietemin 'n ryke bron van inligting oor die kamplewe. In die eerste uitgawe is die doelstelling van die koerant soos volg omskryf: "The Editor of this paper, who is quite a novice in his profession, has taken upon himself the responsibility of placing before the world in general, the inhabitants of Skyview Camp in particular, a weekly periodical, which he hopes will find favour in the eyes of al those who seek to beguile a weary hour or two of their daily monotonous life by its perusal."[111] Die redakteur het verder geskryf dat geen politieke menings in die koerant toegelaat sou word nie en dat hy verkies het om anoniem te bly.[112]

---

108 TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 44.

109 K. Roodt-Coetzee, *Die lief een leed van die banneling* ..., p. 524; SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(1) 1901.09.18; SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(2) 1901.09.25; Kotie Rootdt-Coetzee, 'n Krygsgevangene as Joernalis, *Die Huisgenoot* 26 (1020), 1941.10.10, p.6.

110 SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(8)1901.11.06.

111 SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(1) 1901.09.18.

112 SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(1) 1901.09.18.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Die redaksie van *The Skyview Parrot* het nie net nuus aan die lesers oorgedra nie. Gereelde kompetisies is ook uitgeloof. Dit het gewoonlik bestaan uit vrae wat beantwoord moes word, waarvoor die wenners dan pryse ontvang het. Vrae was onder meer:

1.) "When is a chair not a chair?" (Antwoord: "When it is satin (sat in).");
2.) "When is a cow not a cow?" (Antwoord: "When it is turned into a field.");
3.) "Why is a mouse like a load of hay?" (Antwoord: "Because the cat'll (cattle) eat it.").[113]

Die gelukkige wenner het dan twee pakke "Three Castle" sigarette, 'n egte "Boer Curio"-borsspeld of iets soortgelyks ontvang. As tweede prys is twaalf dosies vuurhoutjies of iets dergeliks aan die naaswenner gegee.[114]

In *The Skyview Parrot* het daar buiten kompetisies ook 'n vervolgverhaal verskyn. Die intriges in *The Stolen Steel*, deur Deadwood Daniel, het waarskynlik menige krygsgevangene aan die koerantjie vasgenael gehou.[115]

Dit spreek vanself dat hierdie kampkoerantjies in die meeste gevalle 'n baie goeie bron van inligting oor die daaglikse lewe van die krygsgevangenes is. Inligting oor gebeure, die algemene gevoel in die kampe, die lewensuitkyk en belangstellings van die mense, ensomeer kan dikwels uit die koerantjies verkry word.

Die humor in die kampkoerantjies het ook vir ligter oomblikke in die krygsgevangenes se gevangenskap gesorg. Grappe, maar veral spottery met medegevangenes, het die kern van die humor gevorm. "Wonders will never cease. Scientists have just discovered in Skyview Camp, Darwin's missing link. This animal can be seen strolling round the camp any afternoon accompanied by its ceeper, who on a fine day is arrayed in a white jacket. It is about five foot six or seven in height and possesses two very long tails, which are continually vibrating when the

---

[113] SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(1) 1901.09.18; SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(3) 1901.10.02.

[114] SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(1) 1901.09.18.

[115] SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(2) 1901.09.25.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



animal walks, and it has a rather peculiar habit of running up steps and posing in a striking manner on the balcony of one of the houses. It is said to have French blood in its veins, but this assertion cannot be verified at present, as it seems to have some close connection with Germany and Holland."[116]

Nog 'n kampkoerantjie was *The Tick* wat na vredesluiting enkele kere in Umbilo-kamp verskyn het. Die koerantjie het sy naam te danke aan die feit dat die kamp van luise of bosluise gewemel het. "Ticks here, there and everywhere, being pestered night and day with thes[e] diminutive parasites that we will retain an everlasting recollection of these uncomfortabe creatures" aldus die redakteur van *The Tick*.[117]

Ook hierdie koerantjie het, volgens sy redakteur, nie plek vir politieke besprekings en godsdienstige twispunte gehad nie. Die doel van *The Tick* was die "introduction of such material for the moral, social, and intellectual development as can be placed within our reach. ... We have very little to guide us in the absence of any reliable news."[118] *The Tick* is, soos waarskynlik al die ander kampe se koerantjies, gesensor.[119] Dit verklaar moontlik waarom hy, *The Skyview Parrot* en van die ander koerantjies hoofsaaklik in Engels uitgegee is.

Uit die meerderheid krygsgevangekampe is daar, behalwe die kampkoerante waarin kampgebeurtenisse aangeteken is, ook dagboeke, aantekenboeke en plakboeke voortgebring waarin die werklike belewenisse van enkelinge of groepe gevangenes bewaar is. In die dagboeke en aantekenboeke is kampsake, name, adresse, liedjies, toesprake, kamppreke ensomeer volledig neergeskryf. In die plakboeke is daar dikwels memento's van die kamplewe geplak - geperste plante, blare, seëls, ou koeverte, foto's, die kampregulasies, programme, ensovoorts. Die waarde van die geskrifte lê daarin dat dit die skrywers elke dag 'n tydlank besig gehou het, en ook dat dit

116 SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(4), 1901.10.09.

117 KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 1, 1902.06.05, p. 2.

118 KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 1, 1902.06.05, p. 2.

119 KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 3, 1902.06.26, p. 2.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



'n volledige verslag oor die lewe van die krygsgevangenes tydens hulle gevangenskap gee.[120]

Nie net deur die skryf van dagboeke nie, maar ook deur die skryf van briewe het die gevangenes in die kampe hulle tyd verwyl. Waar dagboekskryf tot 'n klein getal gevangenes beperk was, het die meerderheid krygsgevangenes in die kampe briewe geskryf, hetsy aan familie of vriende. Korrespondensie in Groenpuntkamp was skynbaar so gewild, dat die kampowerheid van tyd tot tyd beperkinge op die aantal briewe wat elke gevangene elke week kon skryf, moes plaas. Dit is gedoen sodat daar nie te veel pos was om te hanteer nie.[121] Uit G.S. de Villiers se dagboek blyk dit dat hy (en waarskynlik ook ander krygsgevangenes) deur familie in die Kaapkolonie van posseëls, skryfpapier en koeverte voorsien is.[122]

'n Ander gewilde tydverdryf was die lees van boeke. Die Groenpuntkampowerheid het geen boeke aan die gevangenes verskaf nie. Boeke wat wel vir die gevangenes beskikbaar was, is deur familie en ander goedgesinde mense aan hulle gestuur. Hiervoor was die leesgieriges onder die krygsgevangenes natuurlik baie dankbaar.[123]

## 6. Vertrek uit die kampe

Dit wil blyk of die krygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe nie lank voor die tyd kennis gegee is voor hulle na kampe elders moes vertrek nie. Langdurige verblyf in enige van dié kampe was nie 'n uitgemaakte saak nie en was eerder die uitsondering as die reël.

J.A. de Villiers, wat op 22 Junie 1901 in Tin Town aangeland het, was byvoorbeeld net tot 2 Julie 1901 daar. Op 2 Julie 1901, na die 11:00-inspeksie, is van die krygsgevangenes aangesê om 14:00 by die kamphek te vergader "... met onze bundels, en Kombaarzen, onze namen werden

---

120 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 256; Kotie Rootdt-Coetzee, 'n Krygsgevangene as Joernalis, *Die Huisgenoot* 26(1020), 1941.10.10, p.6.

121 Privaatversameling: briewe van L.J.S. Changuion, Changuion - H.E. Potgieter, 1900.12.20.

122 TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 27.

123 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, pp. 54-56; OB: Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1900.03.23, p. 39; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 40.

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000



afgelezen en elk een stapte de hek uit op het lezen van zijn naam." Hulle was omtrent vyfhonderd krygsgevangenes wat deur min of meer dertig soldate begelei is. Oppad na die stasie is hulle deur die inwoners - swartes, blankes en Indiërs - gadegeslaan. By die stasie is hulle weer in derde klas waens geplaas en toe na Durban gestuur. In Durban is hulle direk op een van die skepe gelaai en vandaar het hulle eers Kaapstad aangedoen en toe na Bermuda vertrek.[124]

De Villiers se ervaring was nie uniek nie. In die meerderheid dagboeke wat in hierdie studie geraadpleeg is, is eenderse ervarings aangeteken. Hugo van Niekerk skryf byvoorbeeld oor sy ondervinding in Groenpunt: "Van morgen was alles verwarring. Vier en een halve lijn werdt aangezegd om bij den hek te komen. Wij waren ook onder degenen die weg moesten." Met swaar bondels bagasie het die krygsgevangenes die pad na die dokke aangedurf. Daar is hulle op die stoomskip Bavarian, wat hulle na St. Helena geneem het, gelaai.[125]

[124] KAB, Kaapstad, A 630, Dagboek van J.A. de Villiers, 1901.07.02, p. 10.

[125] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1901.01.01, pp. 110-111.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**HOOFSTUK 4**

**GODSDIENS EN ONDERWYS IN DIE KAMPE**

Die Anglo-Boereoorlog het by talle burgers die gevoel laat ontstaan dat hulle bestaan en opvattinge bedreig word. Hierdie gevoel van bedreiging is verskerp deur die gedwonge samekoms van mense, en die gepaardgaande onsekerheid wat deur die vreemde omstandighede veroorsaak is. Onder hierdie omstandighede sou die meerderheid burgers te velde, maar ook dié in die krygsgevangekampe, die waarde van godsdiens opnuut besef en 'n geestelike verdieping beleef. Met die verloop van die stryd, veral nadat die gety teen die Boere begin draai het, het hierdie verdieping te velde, en ook in die krygsgevangekampe, inniger geword.[1]

In die krygsgevangekampe was godsdienstige aktiwiteite vir die meeste krygsgevangenes dus 'n noodsaaklikheid. Kerkdienste is nie net gereeld en in groot getalle bygewoon nie, maar die godsdienstige verenigingslewe het ook 'n opbloei beleef.

1. Predikante in die kampe

In die krygsgevangekampe het die krygsgevangenes volkome vryheid geniet om hulle godsdiensoefeninge te hou. Die owerheid het hom wel die reg voorbehou om predikante in die kampe toe te laat of te weier. Slegs "goedgekeurde" predikante is toegang tot die kampe verleen. Voordat predikante dus deur die onderskeie kerke na die kampe afgevaardig kon word, moes die toestemming van die militêre owerheid daarvoor verkry word. In hierdie verband het die Nederduitse Gereformeerde Kerk die voortou geneem. Die getal predikante van hierdie kerk wat uiteindelik in die kampe werksaam was, het dié van die ander twee kerke (Gereformeerde Kerk en Hervormde Kerk) ver oorskadu. Dit is waarskynlik te wyte aan die feit dat die ander twee kerke hulle grootste getal gemeentes in die Z.A.R. en die Vrystaat gehad het. Maar ook omdat

[1] F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 171, 186-187.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



80 persent van die burgers ledemate van die N.G. Kerk was.[2]

'n Afvaardiging van die N.G. Kerk het derhalwe in 1900 'n onderhoud met die Goewerneur van die Kaapkolonie gehad. Tydens die onderhoud is die deportasie en die geestelike versorging van die krygsgevangenes bespreek. Sir Alfred Milner het geen beswaar daarteen gehad dat 'n predikant as kapelaan toegelaat word nie.[3]

Na die onderhandelinge het die N.G. Kerk ds. W.A. Alheit van Ceres in Maart 1900 na Groenpunt afgevaardig. Hy was verantwoordelik vir die geestelike versorging van die Groenpuntgevangenes, en was as kapelaan by kolonel Money se staf. So is daar dus 'n begin gemaak met die godsdienstige bearbeiding van die krygsgevangenes.[4]

Die besoekende predikante, soos ds. Alheit, wat in Groenpuntkamp gepreek het, het gewoonlik beurtelings vir 'n paar maande in die kampe diens gedoen. Onder die talle predikante wat in Groenpuntkamp as kapelane werksaam was, was di. A.G. du Toit van Prins Albert, Andrew Murray van Wellington, W.A. Alheit, en M.C. Botha van Kaapstad. Predikante wat die kamp van tyd tot tyd besoek het, was onder meer di. J. du Plessis van Seepunt, J. van Heerden van Kaapstad, E. de Beer van Kaapstad, C.J. Snyman van Ventersburg, en A.M. MacGregor van Kaapstad. Ook professor N. Hofmeyr van die Teologiese Seminarium te Stellenbosch het in Groenpuntkamp gepreek.[5]

---

2 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 291-292; F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 171; B. Booyens, *De Gereformeerde Kerkbode* (1849-1923), p. 140.

3 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 292-293.

4 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 292; B. Booyens, *De Gereformeerde Kerkbode* (1849-1923), p. 140; Kotie Roodt, Godsdiens in die Krygsgevangenekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7.

5 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 292-294; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, pp. 49-69; *De Kerkbode* 3(18), 1900.01.17, p. 34; TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, pp. 21-22; *Alamanak voor het Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1900*, pp. 110-112; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



In die kampe was daar gewoonlik onder die krygsgevangenes self ook predikant-krygsgevangenes. Onder die krygsgevange predikante in Groenpunt was daar di. D. Minnaar van Heilbron en G. Thom van Frankfort. Volgens G.S. de Villiers is net sekere krygsgevange predikante toegelaat om in die kamp te preek. Hieronder tel di. D. Minnaar van Heilbron, Louw van Heidelberg, Transvaal, en C.J. Snyman van Ventersburg. Daar was ook ds. P. Postma van die Gereformeerde Kerk van Pretoria.[6]

Op 24 Julie 1900 het ds. Alheit se dienstermyn na vier maande in Groenpunt verstryk. Dominee D.S. Botha van Swellendam het sy plek ingeneem, maar hy was slegs bereid om ses weke in die kamp te bly. Intussen het eerwaarde P.M. Spratt van Senekal (hy was van die N.G. Kerk, en is in 1905 gelegitimeer), self 'n krygsgevangene, met die geestelike werk gehelp.[7]

Ds. S. Botha is opgevolg deur ds. A.G. du Toit van Prins Albert. Tussen ds. Botha se uittrede as kapelaan en ds. Du Toit se diensaanvaarding (van 26 September tot 18 Oktober 1900), was die bekende dr. Andrew Murray van Wellington in Groenpuntkamp werksaam.[8]

In hulle bediening is die kapelane in Groenpuntkamp deur die krygsgevangenes se eie kerkraad bygestaan. Die kapelane het nie in die kamp gewoon nie. Hulle is die kamp soggens binnegelaat, maar moes dit weer voor sesuur saans verlaat.[9] Die predikante het ongetwyfeld veel beteken vir

---

6 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 292-294; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, pp. 49-69; *De Kerkbode* 3(18), 1900.01.17, p. 34; TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, pp. 21-22; *Alamanak voor het Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1900*, pp. 110-112; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7.

7 TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, pp. 21-22; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 112; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.01, p. 68 en 1900.07.24, p. 78; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 294.

8 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.09.23 - 1900.10.29, pp. 90-97; TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 22; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, pp. 41-42; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 295-296.

9 C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 42.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



die krygsgevangenes in die kampe. Hulle het geld, kos, klere, boeke (waaronder Bybels en gesangeboeke), tydskrifte en musiekinstrumente ingesamel, en na die krygsgevangekampe gestuur. In die kampe was dit die predikante wat skole en katkisasieklasse georganiseer het en verder op geestelike gebied leiding gegee het.[10]

Voordat die krygsgevangekamp te Simonstad opgerig is, het ds. G.F.C. van Lingen van die N.G. Kerkgemeente na die krygsgevangenes op die transportskepe se sieleheil omgesien. Nadat eers South Camp en later Bellevue-kamp in dié se plek in Simonstad opgerig is, het ds. Van Lingen ook daar gearbei. Besoekende predikante, soos di. J.P. van Heerden en D.H. Celliers en ook Andrew Murray, het ook van tyd tot tyd in die kamp te Simonstad gepreek.[11] Proponent J.A. van Blerk was sedert Julie 1900 vir 'n tyd lank ook in Bellevue werksaam en het veral waardevolle diens ten opsigte van siekebesoek gelewer. Die kampowerheid te Bellevue het, soos dié te Groenpunt, ook krygsgevange predikante soos onder meer ds. H.J.L. du Toit, toegelaat om herderlike take in die kamp te verrig.[12] Eerwaarde J.P. Legg, die Anglikaanse predikant van Simonstad, het ook eenmaal nagmaal aan die Engelssprekende krygsgevangenes (Vrystaters) kom bedien.[13]

Dit blyk dat die predikante hulle nie noodwendig altyd streng by die Britse kampregulasies gehou het nie. Ds. Van Lingen het, siende dat briewe wat aan die krygsgevangenes in die kamp gestuur is gesensor moes word, onder meer aangebied om familielede se briewe en navrae oor Boere-krygsgevangenes (wat moontlik nie deur die sensors toegelaat sou word nie) te beantwoord. Poswissels, eetware, skoon klere, Bybels en Gesangeboeke kon ook na hom gestuur word sodat hy dit onder die gevangenes kon versprei.[14] Proponent W.J. Theron het in April 1901 die leisels

---

10 *Ibid.*; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.25, p. 52; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 316, 320; K. Roodt-Coetzee, *Die lief een leed van die banneling ...*, p. 529.

11 *De Kerkbode* 45 (16), 1899.11.09, p. 707; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 296.

12 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 296.

13 W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 19.

14 *De Kerkbode* 45 (16), 1899.11.09, p. 707.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 49:** 'n Godsdiensoefening op die groot pawiljoen in Groenpuntkamp. Hoewel die godsdienstige byeenkomste deur groot hoeveelhede krygsgevangenes bygewoon is, was daar krygsgevangenes wat onverskillig daarteenoor gestaan het.
Uit: S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van...* (Red. T. Van Rensburg, Pretoria, 1977), p.103).

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



in Bellevue-kamp by ds. Van Lingen oorgeneem. Hy was Sondae en twee dae per week in die kamp werksaam. Tydens nagmaal in Bellevue-kamp is wyn in groot blik bekers bedien.[15]

In Tin Town het daar in 1900 ene ds. Heyns (waarskynlik M. Heyns van Fouriesburg) diens gedoen. Hy is weens gesondheidsredes in Februarie 1901 deur ds. J.A. Pienaar van Durban opgevolg, in wat *De Kerkbode* 'n "moeilike werkkring" genoem het.[16]

Dit is onbekend watter predikante in Umbilo-kamp arbeidsaam was, maar die kamp is waarskynlik deur predikante uit die onmiddellike omgewing en verder uit Natal bedien. Soos in die ander kampe die geval was, sou daar ook krygsgevange predikante in hierdie kamp gewees het wat onder die krygsgevangenes werksaam was.

2. <u>Godsdienstige byeenkomste en godsdienstige verenigings</u>

Groenpuntkamp het 'n besige godsdiensprogram gehad. Sondae het ds. Alheit en sy opvolgers gewoonlik twee eredienste - soggens en smiddae - waargeneem. Die oggenddiens, wat om nege-uur gehou is, was die weeklikse kerkparade ("church parade") soos deur Britse regulasies bepaal. Albei kerkdienste is gewoonlik deur honderde krygsgevangenes bygewoon, sodat die groot pawiljoen langs die renbaan stampvol was.[17] (Sien Figuur 49)

Menige krygsgevangene is diep deur die "mooie gedachten en ... die gepaste woorden" (volgens Hugo van Niekerk) van die preke geraak. Dit blyk dat die temas van die meerderheid preke in Groenpunt, en in ander kampe, gehandel het oor die toevlug tot God, en die vertroue wat die gevangenes in Hom moes stel. 'n Tema wat ook deurgeskemer het was dat die lyding van die Afrikanervolk 'n straf vir sy afdwaling en ongeregtigheid was. Deur hierdie temas is die

15 *De Kerkbode* 15 (18), 1901.04.18, p. 324, 48 (18), 1901.05.12, p. 654.

16 *De Kerkbode* 25 (18), 1901.06.27, p. 374; *Alamanak voor het Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1901*, p. 112.

17 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.09.30 en 1900.03.22 - 1900.03.26, pp. 50-54; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kamp-kommandant, Ladysmith: Camp Routine, 1900.09.17; L.A. Changuion, Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangekamp..., *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10(2) 1996.11, p. 67.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



krygsgevangenes verootmoedig, maar ook versterk. Dit het dit vir hulle makliker gemaak om hulle gevangenskap te verduur.[18]

'n Verskeidenheid ander godsdienstige byeenkomste het in die krygsgevangekampe in Suid-Afrika voorgekom. In Groenpunt en Bellevue is daar in vele tente daagliks bidure gehou. Later is daar tesame met die bidure ook openbare dienste gehou.[19] Dit wil voorkom of die bidure 'n algemene verskynsel in die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe was, want J.A. de Villiers skryf in sy dagboek dat daar elke oggend en aand biduur in Tin Town gehou is.[20]

'n Algemene verskynsel in die kampe was die aanwesigheid van godsdienstige verenigings. Veral die Christelike Jongeliedevereniging was aktief in die kampe. Die vereniging het reeds so vroeg as Februarie 1900 in Bellevue bestaan, terwyl 'n tak ook in April 1900 in Groenpunt gestig is. In Groenpuntkamp het hierdie vereniging soms twee keer per week, onder voorsitterskap van die kapelaan, vergader. Buitelugdienste, soos die een waartydens Philip Cronjé doodgeskiet is, is ook saans gehou.[21] Buiten hierdie gereelde byeenkomste is daar van tyd tot tyd "Bijbellezings" deur die predikante in die namiddae gehou.[22]

In die godsdienstige verenigingslewe van die krygsgevangenes het die predikante normaalweg die leiding geneem. Die Christelike Jongeliedevereniging in Groenpunt het onder voorsitterskap van ds. W.A. Alheit gestaan. Die doelstellings van dié soort verenigings in die algemeen was om die

---

18 Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe II, *Die Huisgenoot* 26 (1035), 1942.01.23, p. 9; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.14 - 1900.10.11, pp. 71-95; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), pp. 114-115.

19 TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 23; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 42.

20 KAB, Kaapstad, A 630, Dagboek van J.A. de Villiers, 1901.06.23 - 1901.06.30, p. 10.

21 KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 1, 1902.06.05, p. 1; OB: Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1900.03.29, p. 41; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 321- 322; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 42.

22 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.02 - 1900.10.08, pp. 93-94.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Bybelkennis van die gevangenes uit te brei, en om hulle nuttiger in diens van die Here te maak.[23]

In Bellevue-kamp was daar, veral onder die jongmense, 'n groot belangstelling in die sending. Talle van die jongmense wou hulle, volgens *De Kerkbode*, na die Oorlog aan sending wy. Om hulle daarvoor gereed te maak, is daar toe 'n sendingklas in Januarie 1902 begin.[24]

In al die Boerekrygsgevangekampe is daar op uitgebreide skaal met Sondagskool en katkisasieklasse deur krygsgevange onderwysers aangebied. Die katkisasieklasse is gewoonlik daagliks gehou. In Desember 1900 is daar reeds 405 katkisante in Groenpuntkamp tot lede van die N.G. Kerk aangeneem. Op 4 April 1901 is 171 krygsgevangenes weer aangeneem, en in die namiddag van Goeie Vrydag is dié nuwe lede aan hulle medegevangene gemeente voorgestel. Gebrekkige skoolopleiding was in die katkisasieklasse in al die kampe 'n onverwagte struikelblok vir die katkisante. Enkele van die gevangenes se leeskennis was so gebrekkig dat hulle nie kon katkiseer nie. Die predikante het gevolglik begin om kampskole te organiseer, waar die lees- en skryfkennis van die gevangenes (jonk en oud) verbeter kon word, sodat hulle kon katkiseer. Die katkisasieklasse was dus die baanbrekers vir die gewone skoolonderwys in die krygsgevangekampe.[25]

3. <u>Hernude godsdiensywer</u>

Soos hierbo genoem, was daar in die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe 'n godsdienstige oplewing onder die krygsgevangenes. Buiten vir die kerkdienste wat in groot getalle bygewoon is en inskakeling by die vele godsdienstige verenigings, het krygsgevangenes ook individueel hulle godsdiens beoefen deur die lees van die Bybel, sang, gebede en bepeinsing.

---

[23] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.02, p. 50; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 47; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 321- 322.

[24] *De Kerkbode* 3 (19), 1902.01.23, p. 29.

[25] *De Kerkbode* 14(18), 1901.04.11, p. 222; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 333; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7; K. Roodt-Coetzee, *Die lief een leed van die banneling ...*, p. 529.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Soms het individue deur hulle optrede hulleself egter die gramskap van die ander gevangenes op die hals gehaal. In *The Skyview Parrot* het die volgende berigggie byvoorbeeld verskyn: "To sing is one thing, but to get up at four o'clock in the morning and roar the 120th psalm at the top of one's voice is another thing. The person who performed this Herculanean feat and who resides in House C. Skyview, has now a great number of boots and shoes, to say nothing of an inumerable quantity of beakers for sale."[26]

Op 'n ernstiger noot, het vele krygsgevangenes in Tin Town teen die eerste helfte van 1901 hulle begerigheid uitgespreek om die Heer alleen te dien. Meegevoer deur hulle godsdiensywer het talle gevangenes tydens gebedsweke vir die eerste keer in die openbaar gebid. Ds. Pienaar wat in Tin Town diens gedoen het, skryf na aanleiding hiervan in *De Kerkbode* dat "Menigen avond kon ik bijna niet amen! zeggen; want twee, drie, vier begonnen soms te gelijk."[27] Die godsdiensherlewing het ook daartoe gelei dat menige krygsgevangene sy rug gekeer het op dit wat beskou is as openbare sonde, soos kaartspel en dobbel, waaraan hy eers deel gehad het.[28]

Dit wil voorkom of die godsdiensherlewing in 'n groot mate deur die verloop van die oorlog beïnvloed is. Veral in 1902, in die maande voor vredesluiting, het die getal gelowiges daagliks gegroei. In Simonstad was daar byvoorbeeld krygsgevangenes wat oor byna niks anders as godsdiens gepraat het nie. Vele krygsgevangenes het nietemin met die gelowiges gespot, terwyl ander aanstoot geneem het in dit wat hulle as 'n valse gees veroordeel het.[29]

## 4. Onderwys in die kampe

Dit is reeds genoem dat gewone skoolonderrig in die kampe ontstaan het weens die gebrekkige lees- en skryfkennis van die katkisante. Dit was die predikante en die onderwysers in die krygsgevangekampe wat die eerste kampskole georganiseer het. Hierdie onderwys was egter nie

---

26 SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(3), 1901.10.02.

27 *De Kerkbode* 25(18), 1901.06.27, p. 374.

28 *De Kerkbode* 25(18), 1901.06.27, p. 374.

29 *De Kerkbode* 19(19), 1902.05.15, p. 377 en *De Kerkbode* 24 (19), 1902.06.19, p.434.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



net tot die jonger krygsgevangenes beperk nie, want mense van alle ouderdomme het hulle spoedig by die skoolgaandes aangesluit.

Skoolonderrig in Groenpunt en die ander Suid-Afrikaanse kampe het in vergelyking met die oorsese krygsgevangekampe maar op 'n beskeie skaal plaasgevind. Daar is eers laat in 1900 met gewone skoolonderwys in Groenpunt begin. Die rede hiervoor was waarskynlik dat daar aanvanklik nie genoeg seuns (van om die tien en twaalfjaar) was om 'n skool mee te begin nie, omrede die gevangenes gedurig uit die kampe aan die Kaapse en Natalse kus verskuif is. Daar was wel genoeg seuns van 'n meer gevorderde ouderdom, wat voorberei moes word vir die aanneming. In Groenpunt was dit ds. Alheit wat begin het om onderwysers en ander krygsgevangenes aan te stel, om skole op te rig waar jongelinge voorberei kon word vir aanneming tot lidmate van die kerk.[30]

Die aanvanklike onderwys is veral op die aanleer van lees- en skryfkennis toegespits. Die kamponderwysers sou ongetwyfeld later ook klem op rekenkunde en vaderlandse geskiedenis gelê het. Reeds vanaf die aanvang van skoolonderrig in die kampe, was daar 'n groot behoefte aan skoolboeke om die nodige onderrig te verskaf. Groenpuntkamp het byvoorbeeld geen noemenswaardige biblioteek gehad nie, en die Britse kampowerheid het aanvanklik ook geen boeke aan die gevangenes verskaf nie. Hulle het ook geen aandeel in die onderwysbedrywighede in dié kamp gehad nie. Die besoekende predikante, en goedgesinde Kapenaars, het egter gesorg dat die behoefte aan boeke in Groenpunt in 'n mate vervul word.[31]

Tot aan die begin van 1901 was die kamponderwys in die krygsgevangekampe in die hande van die gevangenes self, en het die onderwysers dit uit die liefde vir die saak en volgens hulle eie "leerplanne" gedoen. In Januarie 1901 het die Britse regering 'n direkteur van onderwys aangestel, wat verantwoordelik was vir onderwys in sowel die konsentrasiekampe as die krygsgevangekampe. Van toe af is die onderwysers in die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe

---

30 K. Roodt-Coetzee, *Die lief een leed van die banneling ...*, p. 527; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van ...*(red. T. van Rensburg), p. 108; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 40; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7.

31 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 355-357; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 40.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



van boeke en geboue voorsien, en ook £2 10s. per maand betaal. Daar is toe ook begin om die "School Hooger en Matriculatie Examens" in die kampe af te lê.[32]

Nie net jong seuns nie, maar ook gevangenes van alle ouderdomme is in kampskole in die verskillende kampe onderrig. Ook diegene wat reeds die skool deurloop het, het hulle in spesiale vakke laat onderrig.[33] Hugo van Niekerk noem byvoorbeeld dat lesse in boekhou en ook in snelskrif, wat hy en ander gevangenes bygewoon het, in Groenpunt gehou is.[34] Deur hierdie soort opleiding is die krygsgevangenes in die algemeen beter voorberei op die nuwe en vreemde omstandighede wat ná die oorlog op hulle gewag het.[35]

Terug by die huis moes die krygsgevangenes na die oorlog onder veranderde omstandighede, van nuuts af begin. Hoër kwalifikasies sou hulle dus goed te pas kom. Talle krygsgevangenes is deur kamponderwys in die kampe ook geprikkel tot latere voortgesette studie, want die kampskole het 'n nuwe begeerte na kennis en studie in hulle wakker gemaak.[36]

'n Krygsgevangene in Deadwoodkamp, St. Helena, skryf dat baie van die gevangenes "toen hij zijn ballingoord betrad,òf in't geheel niet, òf gebrekkig lezen en schrijven. Van rekenen, aardrykskunde, geschiedenis, hadden velen niet het flaauwste begrip. Honderden van hier zijn teruggekeerd met voldoende kennis voor het leven toegerust."[37] Hierdie woorde is nie net op Deadwoodkamp nie, maar ook op die kampe in Suid-Afrika van toepassing.

---

32 K. Roodt-Coetzee, *Die lief een leed van die banneling* ..., p. 527; *De Kerkbode* 14 (18), 1901.04.11, p.222; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, p. 36.

33 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 353.

34 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.09.29 - 1900.11.14, pp. 90-101.

35 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 353.

36 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 381-382.

37 Soos aangehaal in S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 357.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**HOOFSTUK 5**

**ONAANGENAAMHEDE VAN GEVANGENSKAP**

Om die lewe en bedrywighede van die krygsgevangenes in die krygsgevangekampe beter te begryp, moet daar na die uitwerking van gevangenskap binne 'n beperkte ruimte op die Boerekrygsgevangenes in die algemeen gekyk word. Waar moontlik sal daar na die Suid-Afrikaanse kampe verwys word.

Dit was onvermydelik dat die krygsgevangenes deur afsondering en die beperking van bewegingsvryheid ontwrig en nadelig geraak sou word. Deur hulle inkamping is die krygsgevangenes aan 'n vreemde en onbekende omgewing en ook aan totaal onbekende toestande en omstandighede onderwerp. Hierop was hulle glad nie voorbereid nie.[1] Dit was egter nie net hul aanpassing by gevangenskap wat die lewe vir die gevangenes onaangenaam gemaak het nie. Aspekte soos die gebrek aan betroubare nuus, ledigheid, die vyandigheid tussen die gevangenes en die Britse wagte, en die talle siekes en hoë sterftesyfer in die kampe, het baie hiertoe bygedra.

1. Aanpassing by nuwe omstandighede

Van groot belang vir hulle lewe in al die krygsgevangekampe was die krygsgevangenes se aanpassingsvermoë by die nuwe omstandighede. Die meerderheid het betreklik maklik by hulle gevangenskap aangepas. Vir ander was dit uiters moeilik, en vir party byna onmoontlik. Laasgenoemdes het herhaaldelik uit die kampe probeer ontsnap - hiervan getuig die talle ontsnappingspogings uit die Suid-Afrikaanse kampe. Die feit dat krygsgeweld tot hulle

---

[1] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 191-193.

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000


gevangenskap aanleiding gegee het, het hierdie onversoenbaarheid vererger.[2]

Voor die oorlog was die Boerekrygsgevangenes hoofsaaklik selfstandige boere of beroepslui, wat elkeen met 'n hoë mate van gesag beklee was. In die krygsgevangekampe was hulle nou in 'n posisie van algehele ondergeskiktheid. Hulle moes bevele gehoorsaam, en vir alles wat hulle nodig gehad het, was hulle van die vyand afhanklik. Die onsekerheid oor die duur van hulle gevangenskap het dit ook vir die krygsgevangenes moeilik gemaak om by hulle gevangenskap aan te pas. Hulle het almal geweet dat repatriasie na afloop van die oorlog sou plaasvind. Omrede die meeste krygsgevangenes graag na hulle vaderlande wou terugkeer, het die onsekerheid oor die duur van die oorlog voortdurend aan die gemoed van die gevangenes in die verskillende kampe geknaag. In menige geval het die onsekerheid die krygsgevangenes prikkelbaar en humeurig gemaak.[3]

Wat vir talle krygsgevangenes in al die kampe moontlik die moeilikste was om by aan te pas, was die gedwonge en drukke sosiale verkeer met soveel mense van uiteenlopende persoonlikhede. In elke kamp is vele beroepsrigtings, nasionaliteite en lewensbeskouinge aangetref. Vele krygsgevangenes het nog nooit voorheen hierdie vorm van maatskaplike samedromming en groot samekoms van mense ervaar nie. Vir hulle was die kamplewe meer dikwels onuithoudbaar. Die rede hiervoor was dat daar in die yl bevolkte Republieke 'n besondere individualisme ontstaan het. Hierdie individualisme het aanpassing in 'n groot gemeenskap bemoeilik - veral in die kamp waar daar byna geen privaatheid en stilte was nie.[4]

Die gevolg was 'n toenemende prikkelbaarheid en onverdraagsaamheid onder die gevangenes. Bakleiery tussen gevangenes het om die nietigste redes voorgekom. "Van morgen was er eene gevecht tusschen Izak Wessels en Piet Gous. De dispuut was over eene baatje van I. die P. van

---

[2] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 192-193; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers* pp. 34, 45; K. Roodt, Boere-Krygsgevangenekampe, *Die Huisgenoot* 25 (960), 1940.08.16, p. 23.

[3] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 194-196; Die helpende hand, Na jare agter doringdraad, *Die Brandwag* 10 (424), 1946.04.26, p. 9

[4] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 197-198.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 50:** 'n Groep van die oudste krygsgevangenes in Groenpuntkamp.
OB, Foto 2761.




**Figuur 51:** Penkoppe in Tin Town, 1901. Alhoewel sommige van hulle krygsgevange geneem is, is die meeste kinders slegs aangekeer om te verhoed dat hulle by die kommando's aansluit.
TAB, Foto 1476.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



de paal afgooide" lees 'n mens op 22 Augustus 1900 van Hugo van Niekerk in Groenpunt.[5]

Soos 'n mens uit hierdie en ander vertellinge in die dagboeke van krygsgevangenes kan aflei, het mense het mekaar geïrriteer, maar kon mekaar, vanweë omstandighede in die kampe, nie vermy nie. Tweespalt en geskille het geleidelik tot opgekropte griewe gelei, wat in geweld ontaard het.

Volgens S.J. Burger was die baie soorte mense wat in Groenpuntkamp byeengebring is, 'n steurende faktor in die kamplewe. Burger skryf dat hy in die kamp die mens eers regtig leer ken het. "Verschillende karakters was het hier te zien, omdat alle soorten hier op een klomp vas gekeer was - overgodsdienstige en geheel ongodsdienstige, Godloogenaars, dieven, vegters, eerzuchtige in tijdelijke en in geestelijke zaaken".[6] Burger spreek ook verder sy afkeer in die sosiale toestande in die kamp uit. "Terwijl de dood hier in ons kamp heerste, was man besig met beklijen op de eene kant, kaart speel, dans voor viool consertina op de ander kant, terwijl de Predikant op een ander plek preekte ... . Zoo gaat het voort dag en nacht hoe langer hoe erger. Maar dan was er ook ware hijlbegeerige ziellen in dit kamp."[7]

Ook Hugo van Niekerk wys op die wye verskeidenheid mense in die Groenpuntkamp. (Sien Figure 50 en 51). "Wij hebben hier bijna elke soort man. Er zijn die zijn naam niet kon teekenen ... dan hebben wij M.A.'s ... L.L.B., M.B. ... . Zij die 67 jaar oud zijn en knapen van 12. Wij hebben doofstommen, kreupelen, en die niet bij al hunne zinnen zijn. Zij die ware helden waren en als dapperen streden en zij die slechts één schoot in den geheelen oorlog afschoten .... Rijken, armen, zindelijken en slordigen van alle soorten uitgenomen blinden, hebben wij".[8] Hierdie groot verskeidenheid mense het 'n ordelike samelewing uiters moeilik, en onderlinge begrip byna onmoontlik gemaak.

---

5 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.08.22, p. 88.

6 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 108.

7 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 108.

8 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 49.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Daar was tog ook faktore in die kampe wat die aanpassing by gevangenskap makliker gemaak het. Godsdiens was in hierdie opsig die één faktor wat grootliks tot aanpasbaarheid bygedra het. Soos E.A. Cohen opgemerk het, "We see in camp that anyone in whose life there are certain religious bonds, manages to recover the most quickly, after initial stupor".[9] Vir menige gevangene was godsdiens 'n ontvlugting. Dit is waarskynlik die rede vir die geweldige toename in die gewildheid van godsdienstige byeenkomste en aktiwiteite.

Buiten godsdiens, het 'n gesonde humorsin ook vir die krygsgevangenes in die algemeen ontvlugting gebied. Dit was 'n baie goeie uitlaatklep vir spanning wat die krygsgevangenes ervaar het. Vermaaklikheidsgroepe, soos die "Christy Minstrel Entertainment-groep" het byvoorbeeld gereeld in Groenpuntkamp vir komiese afleiding in die kamplewe gesorg. Daar is ook talle voorbeelde van hoe krygsgevangenes deur gekskeerdery ander en hulleself vermaak het. Hugo van Niekerk maak in sy dagboek melding van die manewales van twee gevangenes. Een van sy tentmaats, Jan du Plessis, het die gawe besit om soos 'n hond te kan blaf. Saans het Du Plessis en Hans Human dan meerkat en brak gespeel. Hans was die meerkat wat in 'n gat gesit het, en Jan die hond wat hom daar moes uitkry. Soms het die meerkat die hond bevlieg, en dan was dit "wonderlijk hoe natuurlijk hy als een hond kan tjanken". Gewoonlik was daar 'n groot skare mense om die tent wat na hierdie petalje kom kyk het.[10]

Samevattend kan daar gesê word dat die verskillende fasette van gevangeskap sielkundige ontwrigting onder die gevangenes in die kampe veroorsaak het. Hoewel die behandeling in die kampe nie noodwendig sleg was nie, was alles vreemd. Die algehele vreemdheid van alles waarmee die gevangenes in aanraking gekom het, het die aanpassing by die kamplewe moeilik gemaak. Die gevangenes wat die maklikste by hulle gevangenskap aangepas het, het eerste hierdie vreemdheid oorkom. Godsdiens en humor was twee van die belangrikste aspekte van die kamplewe wat die krygsgevangenes gehelp aanpas het.

---

9 Soos aangehaal in S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 202.

10 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.18, p.61 en 1900.08.08, p. 83.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



2. Die behoefte aan nuus

Die krygsgevangenes in die verskillende kampe het hulle voortdurend gekwel oor die lot van hulle gesinslede in die Republieke en elders. Aanvanklik het geen nuus oor hulle dierbares hulle bereik nie en die gerugte wat aanhoudend in omloop was, het tot angstigheid gelei.[11]

Wanneer nuus - of dit verouderd was of nie - die krygsgevangenes wel bereik het, was daar te verstane groot verligting en dankbaarheid. G.S. de Villiers, van Groenpunt, skryf byvoorbeeld dat hy maande lank niks van sy vrou verneem het nie. Einde ten laas ontvang hy tog 'n brief van haar via Delagoa Baai en "... ongemerkte rolde er tranen over my wangen, van innig blydschap; want het ging toen nog allen goed."[12]

Behalwe vir nuus oor hulle familielede, het die gevangenes in die kampe ook na oorlogsnuus (veral nuus van Boere-oorwinnings of Britse-neerlae) en uiteindelik nuus oor vredesluiting gesmag. Dié nuus was egter baie skaars. Slegs Britse koerante en die Kaapse dagblaaie, *The Cape Times* en *The Cape Argus* is byvoorbeeld in die Kaapse kampe toegelaat.[13] Die krygsgevangenes hier het egter nie veel vertroue in dié koerante gestel nie, onder meer weens die anti-Republikeinse en pro-Britse houding van dié koerante. Onder dié krygsgevangenes was *The Cape Times* byvoorbeeld bekend as "De Cape Lies". Hugo van Niekerk het die volgende kommentaar op dié blad se beriggewing gelewer: "Het is droevig te zien hoe dat blad de kunst bezat om zaken te verdraaien".[14] Nietemin het die gevangenes in die verskillende kampe probeer om uit elke koerantberig iets goeds vir die Boeresaak te sien.[15]

---

11 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 205-206.

12 TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 26.

13 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman: Rules regarding letters, 1900.08.01; Oorlogsmuseum, Bloemfontein (hierna OB.), Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1900.05.17, p. 74.

14 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.05.03, p. 63 en 1900.07.26, p. 79.

15 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 206; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van ...* (red. T. van Rensburg), p. 110.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Van tyd tot tyd is ander koerante die kampe ingesmokkel, wat die krygsgevangenes in 'n mate oor die "ware" toestand aan die oorlogsfront (eintlik maar die Boerekant) ingelig het. Die krygsgevangenes in Bellevue het per geleentheid byvoorbeeld *Stead Magazine*, 'n Amerikaanse tydskrif, in die hande gekry. Hierdie tydskrif het met die Boere gesimpatiseer en nuus oor die oorlog bevat. Dit het die Britte ook skerp veroordeel vir die behandeling van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe en ook vir die verwoesting van Boerewonings.[16]

Onder die onaangename omstandighede van die kamplewe was daar dus een ding waarna die krygsgevangenes in die algemeen baie uitgesien het. Dit was die ontvangs van pos. Die krygsgevangenes het voortdurend gehoop dat die pos vir hulle goeie nuus oor hulle gesins- of familielede sou bring. Wanneer iemand in die kamp 'n brief ontvang het, het talle gevangenes gewoonlik nader gestaan om te hoor wat daarin staan. Dikwels is hierdie brief aan die omstanders voorgelees.[17] Soos uit Hugo van Niekerk se dagboek blyk, is die krygsgevangenes in briewe deur familie en vriende opgebeur en moed ingepraat. Die wete dat daar mense buite die kamp was wat aan hom gedink het, was vir Van Niekerk 'n riem onder die hart.[18]

Tog het die briewe nie net goeie nuus bevat nie. Die uitdeling van pos het in der waarheid gemengde reaksie onder die gevangenes in die kampe ontlok. Vir een het die pos vreugde, en vir 'n ander droefheid, gebring. Dikwels was daar nuus oor die ellende in die konsentrasiekampe, of die heengaan van 'n dierbare gewees. Ten spyte van die feit dat die gevangenes kwalik op goeie nuus kon hoop, het hulle tog na die uitdeel van die pos uitgesien.[19]

Nie net briewe en koerante nie, maar ook nuwe aankomelinge in die kampe, was vir die krygsgevangenes bronne van nuus. In die Suid-Afrikaanse kampe was daar voortdurend nuwe aankomelinge. Telkens wanneer nuwe gevangenes in die kamp aangekom het, is nuus van familie,

---

[16] TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 51; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 206; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 110.

[17] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 206-207.

[18] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.04, pp. 70-71 en 1900.07.17, p. 72.

[19] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 207-210.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



vriende en die stand van die oorlog van hulle verneem.[20]

Die gebrek aan nuus het soms onder sowel die krygsgevangenes as die geliefdes by die huis vir verleentheid, teleurstelling en hartseer gesorg. 'n Man, in sy sestigerjare, het byvoorbeeld op 'n dag in Umbilo-kamp na vredesluiting, terwyl die krygsgevangenes op repatriasie gewag het, met sy bruid, wat sestienjaar oud was, kom spog. "Treurig was de gevolg van deze besoek, want hier vindt de bruid hare eerste Bruidegom, een flinke jongen van twentig jaren oud, die vermoedelijk was gevallen op het Slagveld. De ontmoeting was zeer vermaaklijk terwijl de oude bruidegom een aanschouwer was. Deze gebeurtenis zal zeker een 'Extra Vrede Proclamatie' vereischen, daar die boel zeer ongezuiverd is." Die uiteinde van die saak was dat die bruid sonder om te skroom na haar eerste man teruggegaan het.[21]

3. Ledigheid en verveling

Daar was waarskynlik min faktore gedurende hulle gevangenskap, wat die lewe van die krygsgevangenes meer ontwrig het as die gebrek aan dinge om hulle mee besig te hou. Die aanvanklike ledigheid, kort na die oprigting van die kampe in 1900, was 'n kenmerk van die lewe in die Suid-Afrikaanse kampe. Eers met verloop van tyd is die middele en geleenthede geskep om die ledigheid teen te werk. "Het spreekt van zelven dat ons leven maar zeer eentonig moet wees. Wij hebben bijna niets om over te spreken. Ik ben al zoo moe voor 't gesprek over den oorlog. Elke man wil een ander opinie uiten en elke een bijna zonder uitzondering schijnt te meenen dat in dien hij in die plaats van Pres. Kruger en Steyn was zaken veel beter zouden geweest zijn", verklaar Hugo van Niekerk kort na sy aankoms in Groenpuntkamp.[22]

'n Ander krygsgevangene stel dit weer so, "...'n mens was naderhand ook so moeg van al die niksdoen; die tyd het jou darem so verveel! Ek het mense soos mal skape op en af, op en af teen

---

[20] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*,1900.11.14-15, pp. 100-103; C.R. Kotzé, *My Ballingskap*, p.64.

[21] KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 2, 1902.06.14, p. 2.

[22] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 48.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



die draadheining sien loop, totdat hulle stapelgek was. Die tyd en jou gedagtes - dit was jou grootste vyande."[23]

As gevolg van die aanvanklike ongeorganiseerdheid van die kamplewe was die individuele krygsgevangene op homself aangewese om die ledigheid te verdryf. Die leiers onder die krygsgevangenes in die verskillende kampe het egter mettertyd besef dat iets gedoen moet word om die ledigheid teen te werk, om verveling te voorkom. Veral in die Kaapse kampe is daar toe begin om die lewe in die kampe te organiseer om dit meer houdbaar te maak. Verenigings en sportliggame het gevolglik in Groenpunt en Bellevue, en op kleiner skaal in die Natalse kampe, ontstaan.

Nieteenstaande dié organisasie van die kamplewe, is al die krygsgevangenes nie van ledigheid gered nie. Die meerderheid gevangenes in die kampe het inteendeel aan niks deelgeneem nie, en soos gewoonlik in groepies gesit en gesels of geslaap, gelees of briewe geskryf.[24]

4. Verlange na huis en haard

As gevolg van die ledige lewe wat so baie krygsgevangenes in die kampe gelei het, het die kwellinge oor die gesins- of familielede hulle gedurig bygebly. Nuus het die gevangenes in Groenpunt en die ander Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe makliker bereik het as dié in oorsese kampe. Tog het die gevangenes plaaslik ook veel oor hulle land, die oorlog, en veral die toestand van hulle vroue en kinders in die konsentrasiekampe gewonder. Namate die oorlog voortgeduur het, en berigte van dood en verwoesting die gevangenes in die kampe bereik het, het kwellinge oor hulle geliefdes toegeneem. Op sulke oomblikke het die krygsgevangenes dikwels tot die besef gekom van hulle magteloosheid om hierdie toestande te verander. Dan het hulle afkeer in die Britte opgevlam.[25]

---

23 Soos aangehaal deur Kotie Roodt, Gevangene-kuns van die Boer, *Die Huisgenoot* 24 (950), 1940.06.07, p. 19.

24 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 218-219; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, pp. 37-38.

25 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 220-221; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van ...* (red. T. van Rensburg), p. 108.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Ten spyte van die uiteenlopendheid van die mense wat in die kampe byeengebring is, het die lot wat hulle gedeel het, tog 'n samehorigheidsgevoel onder die gevangenes in elke kamp onstaan. Deur die vriendskappe wat ontstaan het, is die gevangenes soms deur moeilike en onsekere tye gehelp. Die welwillendheid van familie, vriende en goedgesinde persone buite die kampe het die krygsgevangenes met groot dankbaarheid vervul. So byvoorbeeld het die gevangenes herhaaldelik eetgoed, klerasie en ander nodige artikels, en ook vriendelike briewe van dié mense ontvang. Hierdię optrede het die krygsgevangenes opgebeur omdat dit aan hulle getoon het dat hulle nie vergete en verstote was nie.[26]

Die beter georganiseerde kamplewe in die verskillende kampe het meegebring dat die tyd minder verveel het. Tog was daar steeds baie ledige ure, wanneer die gevangenes se gedagtes weer kon dwaal na hulle dierbares tuis en hulle makkers te velde.[27] Dan moes talle gevangenes ook soos S.J. Burger gevoel het, toe hy uit Groenpunt geskryf het, "daar ver anderkant die gebergte lag mij dierbaar vaderland, waar mij dierbaar Echtgenoot en lieve kinderen zijn ... hoe lang zal het noch duuren voor dat ik U weer zal ontmonten [ontmoeten]".[28]

5. <u>Die verhouding tussen wagte en gevangenes</u>

In die krygsgevangekampe was daar dikwels gebrek aan behoorlike kommunikasie tussen die krygsgevangenes en die owerheid. Misverstande het die verhouding tussen die twee groepe dus dikwels vertroebel. Uit die lewe van die krygsgevangenes is daar min voorbeelde wat daarop dui dat daar die nodige vertroue tussen gevangenes en hulle Britse gesagvoerders was. Soms het die kampowerheid se optrede die krygsgevangenes min rede gegee om vertroue in hulle te stel. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die gebeure rondom die dood van Philip Cronjé goed in Groenpuntkamp (sien Hoofstuk 2). Tydens gebeure soos dié is gevoelens opgesweep, en onrus

---

26 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 223-224; Hugo Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, p. 56 en 1900.07.25, p. 77.

27 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 226; V. Pohl, *Adventures of a Boer family*, pp. 58-59.

28 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van ...* (red. T. van Rensburg), p. 113.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



en wantroue aangewakker.[29]

Die uitwerking van verskeie faktore het dikwels saamgeloop en spanning laat oplaai sodat dit soms tot botsing tussen krygsgevangenes en wagte in die kampe gelei het. Hugo van Niekerk beskryf byvoorbeeld in sy dagboek onsmaaklike gebeurtenisse wat in Groenpuntkamp voorgekom het. "Een paar avonden geleden werdt er met steenen naar een der skildwachten geworpen. De namen van vele onschuldigen werden toen opgeschreven." Die twee booswigte wat vir die klipgooiery verantwoordelik was, is wel later opgespoor en gestraf. Tog het die hele kamp vir 'n week lank geen konfyt ontvang nie.[30] In Sky View is een van die lampe stukkend gegooi. Die hele kamp is toe gestraf en het vir 'n week nie konfyt of melk gekry nie.[31]

Hoewel Van Niekerk nie besware gehad het teen die feit dat die oortreders gestraf is nie, het die feit dat die onskuldiges ook deur die kampowerheid gestraf is, hom gegrief en het hy dit as onbillike optrede beskou.[32] Al kan die optrede van die Britse kampowerhede nie in al die gevalle as billik beskou kan word nie, moet daar in berekening gehou word dat dit hulle taak was om wet en orde in die kampe te handhaaf. Die straf wat deur die kampowerhede uitgedeel is, is dikwels as afskrikmiddel vir soortgelyke optrede in die toekoms bedoel.

Voorbeelde van dergelike optrede deur die kampowerheid in Groenpunt, is daar baie. By elke geleentheid het die gevangenes die kampowerheid met groter wantroue bejeën. Tog was daar ook gemoedeliker oomblikke tussen die wagte en die krygsgevangenes. Gesprekke het soms spontaan tussen hulle ontstaan, en die gevangenes het selfs gunste aan die wagte bewys - 'n gevangene het byvoorbeeld 'n wag gehelp om sy pyp op te steek. Gebeure soos dié het die gespanne houding

---

29 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 427-428.

30 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.01, p. 92.

31 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.01, p. 92.

32 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.01, p. 92. S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 431.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



tussen die twee groepe vir 'n rukkie verbreek.[33]

Nietemin blyk die gevoel in die kampe tydens die Anglo-Boereoorlog oor die algemeen een van wantroue te wees. Die krygsgevangenes het met verloop van tyd al hoe meer begin glo dat hulle die slagoffers van swak oordeel en onregverdige optrede was. Gevoelens soos dié het hulle gevangenskap nog onaangenamer gemaak, en hulle leed verhoog.[34]

6. Siekte en sterftes in die Suid-Afrikaanse kampe

Die Britse owerheid was aanvanklik onvoorbereidheid om groot getalle krygsgevangenes te huisves. Dit, gekombineer met onvoltooide kampe, ontoereikende mediese geriewe en ongesonde toestande, het baie siektes en selfs epidemies in die kampe tot gevolg gehad. In die Suid-Afrikaanse kampe het aansteeklike siektes veral vinnig versprei, en baie gou epidemiese omvang bereik. Die gevolg was dat groot getalle sterftes, aan veral masels, longontsteking, tifus, maagkoors en daarmee gepaardgaande disenterie, voorgekom het.[35]

In Groenpuntkamp was die toestand sorgwekkend. Aanvanklik was daar geen hospitaalgeriewe nie. Van einde Maart 1900 tot Junie 1900 het gelyktydige masel- en koorsepidemies sporadies gewoed. Oral het siekes onversorg tussen die ander krygsgevangenes gelê. Oorvol tente en die nat Kaapse weer het toestande vererger, en meegehelp dat die sterftesyfer ontstellend hoog gestyg het. Ten spyte hiervan het die kampdokter, volgens S.P.R. Oosthuizen[36], skynbaar nie veel gedoen om die toestand te verbeter nie. 'n Berig in *The Cape Argus* beweer nietemin dat die Britse militêre owerheid baie besorg oor die siek krygsgevangenes was, en alles in sy vermoë sou doen om die siekes gesond te kry en hulle bekommerde familielede gerus te stel.[37] Die

---

33 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, p. 57 en 1900.08.07, p. 82.

34 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 439.

35 TAB, Pretoria, RK 196; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 450-451; TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 26.

36 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 454.

37 *The Cape Argus*, 1900.04.02, p. 4.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 52:** Die kamphospitaal in Groenpuntkamp het aanvanklik slegs uit 'n aantal tente (in die voorgrond) bestaan. In die tweede helfte van 1900 is 'n sinkgebou opgerig, wat toe as hospitaal gedien het.

Uit: *The Anglo-Boer War, 1899-1902. 500 Photos* (sp.,Sj.), p. 117.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



kampdokter se hoofkwartier was in 'n paar tente.[38] Pasiënte is daar, ondanks die siektes waaraan hulle gely het, "met gekleurde water uit dieselfde bottel" behandel.[39] Volgens L.A. Visagie het die dokter 'n wondermiddel vir alle kwale gehad - dit was 'n emmer kroton-olie waaruit hy vir elke kranke wat hom kom besoek het, 'n stywe dosis toegedien het.[40]

Die kampdokter was onder die gevangenes bekend as dokter "Bietjie Beter". Dié naam het die dokter gekry omdat hy, wanneer hy 'n sieke besoek het, altyd gesê het, "Bietjie Beter, steek uit de tong".[41] Dit was blykbaar sy volledige Afrikaanse woordeskat.

Onder die gevangenes het die indruk ontstaan dat die behandeling steeds versleg het. Intussen moes mede-krygsgevangenes die siekes so goed as moontlik in hulle tente versorg en verpleeg. Pasiënte wat ernstig siek was, is wel na die Somerset-hospitaal naby die kamp oorgeplaas. Hiér was die behandeling wat die siek burgers ontvang het, baie beter, en is geen onderskeid tussen die behandeling van Boer en Brit getref nie.[42] Voor sy vertrek uit Groenpunt teen die einde van Julie 1900, het ds. W.A. Alheit 'n lys saamgestel van die siekes wat gedurende sy dienstydperk in die hospitale was. Hiervolgens was 375 siek aan koors, 263 aan masels en 127 aan ander siektes. Die sterftesyfer was toe reeds 61 man.[43]

Dit blyk tog dat die getal sterftes en ernstig siek krygsgevangenes die Britse leërleiding verontrus

---

[38] *Ibid.*, p. 454; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 48 en 1900.03.26, p. 53; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 106.

[39] Soos aangehaal in S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 454.

[40] L.A. Visagie, *Terug na kommando*, pp. 34-35.

[41] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 51.

[42] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 455; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 35; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22-1900.03.23, pp. 51-52; The Cape Argus, 1900.04.02, p. 4.

[43] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.26, p. 78; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 454-455.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 53:** Die kamphospitaal in Tin Town, Ladysmith - 'n duidelike verbetering op die tenthospitaal in Figuur 52.
OB, Foto 14166.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



het. Lord Roberts, wat tot November 1900 militêre opperbevelhebber in Suid-Afrika was, het byvoorbeeld reeds in April 1900 versoek dat medisyne en Rooikruisdokters van Pretoria na Kaapstad gestuur word om die krygsgevangenes te versorg.[44] Teen die middel van 1900 het die kampowerheid daadwerklike pogings aangewend om die toestand in Groenpuntkamp te verbeter. 'n Sinkgebou, wat as hospitaal sou dien, is opgerig. Hier was alles "zeer net en ordelijk", berig Hugo van Niekerk.[45] is dokter "Bietjie Beter" in November 1900 deur die owerheid ontslaan, en 'n nuwe dokter, genaamd Hall, is in sy plek aangestel. Die algemene gesondheidstoestand in Groenpuntkamp het na hierdie stappe baie verbeter.[46]

Net soos in Groenpunt het die mediese toestand in Bellevue aanvanklik veel te wense oorgelaat. W.P. Schreiner, die Kaapse eerste minister, was inderdaad so besorg daaroor dat hy 'n mediese ondersoek gelas het. "De militairen erkenden dat, daar de ziekte hen overvallen was, alles nog niet behoorlijk was geregeld; doch men was bezig alle mogelijke maatrelen te nemen om het lot der ongelukkigen zoo dragelijk mogelijk te maak." berig Screiner.[47] Van die krygsgevangenes wat ernstig siek was, is wel na die Palace-hospitaal in Simonstad geneem. Dié hospitaal was eers die barakke van die Engelse artilleriste. Talle van die generaal Cronjé se manskappe, wat in Maart 1900 in Simonstad aangekom het, was byvoorbeeld met hulle aankoms te Simonstad só siek (meestal met maagkoors) dat hulle direk na die hospitaal geneem is.[48]

Daar was ook indiwidue en instansies wat vrywillige mediese diens in Bellevue verrig het om die lot van die siek Boere te verlig. Teen April 1900 was daar onder meer ses Rooikruis-

---

[44] TAB, Pretoria, SOP PR/A 188, Lord Roberts, Bloemfontein - The General Officer Commanding Lines of Communication, Cape Town, 1900.04.25.

[45] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.11.14, p. 101.

[46] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.11.24, p. 105.

[47] Soos aangehaal in S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 451.

[48] W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 18; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 450-451.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



verpleegsters wat onder leiding van lady Briggs na die siek krygsgevangenes omgesien het.[49] Op daardie stadium het daar tussen drie en vyf gevangenes per dag gesterf.[50]

'n Ander vrywilliger wat met die verpleging van die Boere te Simonstad gehelp het, was mej. Mary Kingsley (1862-1900). Voor haar koms na Kaapstad was sy, vanweë haar togte heeltemal alleen in Wes-Afrika, reeds wel bekend. Die Boerekrygsgevangenes het 'n hoë agting vir haar persoonlik gehad en was vol lof en waardering vir die diens wat sy onder die siekes verrig het. Tydens haar diens in Bellevue het mej. Kingsley self maagkoors opgedoen en in Junie 1900 daaraan beswyk. Sy is by Seaforth, byna reg teenoor die krygsgevangekamp, met volle militêre eer ter see begrawe.[51]

Deur die loop van 1901 en 1902 maak *De Kerkbode* daarvan melding dat die sterftesyfers in die kampe aansienlik afgeneem het. In Januarie 1902 was dit byvoorbeeld reeds ses maande sedert 'n sterfgeval in Bellevue aangeteken is.[52] In Umbilo-kamp, waar die mediese toestande ook aanvanklik sleg daaruit gesien het, was die redakteur van *The Tick* in 1902 vol lof vir die Britse owerheid. Hy skryf, "Our Camp is in a thorough sanitory condition and the health exceptionally good, the few patients are those chronics contracted elsewhere, and if this salubrious state continues the doctors will have to go on Strike. All thanks to our indefatigable and ever obliging Lieut.Col. Allatt, S.O.P., for the existing comfort and contentment."[53]

Onder die kampomstandighede het enige sterfgeval die krygsgevangenes diep getref, want ten spyte van onderlinge geskille was daar soos genoem 'n kameraadskap en dikwels familiebande.

---

49 SAB, Kaapstad, MSB 651, Hoskins, A.B., Correspondence of..., Hoskins - Moeder, 1900.04.18 en 1900.05.02. Volgens Hoskins het die militêre owerhede lady Briggs kort daarna die trekpas gegee omdat sy ontevrede was daaroor dat sy na die "dirty Boers" moes omsien. Haar idee van verpleging was (volgens Hoskins) die voorlees van boeke aan gewonde offisiere.

50 SAB, Kaapstad, MSB 651, Hoskins, A.B., Correspondence of..., Hoskins - Moeder, 1900.04.18 en 1900.05.02..

51 W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 18; SAB, Kaapstad, MSB 651, Hoskins, A.B., Correspondence of..., Hoskins - moeder, 1900.06.06; Internet: http://www.netsrq.com/~dbois/kingsley.html - 'n webblad inligting oor Mary Kingsley.

52 *De Kerkbode* 25(18), 1901.06.27, p. 374, 48(18), 1901.12.05, p. 654 en 3(19), 1902.01.23, p. 29.

53 KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 1, 1902.06.05, p.2.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 54:** Die begrafnis van 'n Boerekrygsgevangene te Simonstad.
Uit: *The Anglo-Boer War, 1899-1902, 500 Photos* (sp., sj.), p. 43).

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Die eerste sterfgeval in Groenpuntkamp is op 26 Maart 1900 aangemeld. "De Eng.", het Hugo van Niekerk aangeteken, "doen allen in hun vermogen om een goede begrafnis te bezorgen". 'n Indrukwekkende lyksrede en begrafnis is vir dié gevangene gehou.[54] By die talle begrafnisse wat ook hierna in die Suid-Afrikaanse kampe sou plaasvind, was dit altyd die kapelane wat die lyksrede gehou het. Die gestorwenes is altyd met volle militêre eerbewys begrawe (Figuur 54). 'n Paar familielede of vriende van die gestorwene is soms, onder begeleiding, by die begrafnis toegelaat.[55]

Die Britse owerheid het, wat begrafnisse betref, skynbaar later meer toegeeflik teenoor die krygsgevangenes geword. So het daar in Tin Town teen die middel van 1901, volgens *De Kerkbode*, gewoonlik drie-en-twintig of vier-en-twintig krygsgevangenes, sonder 'n wag, tydens 'n begrafnis na die kerhof gegaan.[56] Dit was nadat die Britte begin het om krygsgevangenes na distrikskampe oor te plaas. Die gevangenes sou dus nie hulle moontlike parool of oorplasing deur 'n ontsnappingspoging in die wiele wou ry nie.

In sy geheel gesien, was krygsgevangenskap onaangenaam. Soos hierbo gesien kan word, moes die krygsgevangenes hulle by totaal vreemde omstandighede aanpas. Die ledigheid en verveling wat daarmee saamgaan, en ook die verlange na huis en haard, het die lewe vir vele krygsgevangenes baie moeilik gemaak. Verder het die oënskynlike vyandige houding van die Britse kampowerhede en ook hulle klaarblyklike laksheid wat mediese geriewe betref, spanning op die krygsgevangenes geplaas en 'n gevoel van wantroue jeens die kampowerhede laat ontstaan.

Te midde van hierdie onaangenaamhede, moes elke krygsgevangene die lewe vir homself so aangenaam moontlik maak. Soos in die voorafgaande hoofstukke gesien, het die meerderheid hulle gewend tot handewerk, sang, toneel, musiek, sport, speletjies, godsdiens, ensovoorts.

---

54 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.26, pp. 52-53; vergelyk ook S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 106.

55 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 50; SAB, Kaapstad, MSB 651, Hoskins, A.B., Correspondence of..., Hoskins - Moeder, 1900.04.18; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, p. 37; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 42.

56 *De Kerkbode* 25 (18), 1901.06.27, p. 374.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## HOOFSTUK 6

## ONTSNAPPINGSPOGINGS UIT DIE KAMPE

Sommige krygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe het die tronklewe van die begin af ondraaglik gevind, en het nie in hulle gevangenskap berus nie. By húlle was daar voortdurend 'n voorneme om te ontsnap en hulle vryheid te herwin. Hierdie voorneme is versterk deur 'n vrees vir verbanning na onbekende oorsese kampe. Ontsnappingspogings uit die Suid-Afrikaanse kampe, veral Groenpunt en Bellevue, het gevolglik herhaaldelik voorgekom, en die Britse wagte gedwing om uiters waaksaam te wees.[1]

Die krygsgevangenes in Groenpuntkamp het die kampowerhede talle hoofbrekens met hulle ontsnappingspogings besorg. Volgens S.P.R. Oosthuizen, sou dit uiters moeilik wees om van Groenpunt weg te kom, indien die gevangenes daarin slaag om uit die kamp te kom. Snags was feitlik die enigste tyd wat ontsnappingspogings uitgevoer kon word. Dan was daar egter die probleem om vinnig uit die onmiddellike omgewing van die kamp te kom. Iemand wat laat in die nag alleen in die omgewing van die Groenpuntkamp rondgedwaal het, sou definitief die aandag trek, en ontsnaptes sou redelik maklik opgespoor kon word.[2] 'n Mens moet nietemin onthou dat daar 'n groot hoeveelheid Afrikaners, wat Boere-simpatiseerders was, in die omgewing woonagtig was. Die kanse is goed dat hierdie Afrikaners aan ontsnapte krygsgevangenes hulp sou verleen.

Vele krygsgevangenes het deur middel van tonnels uit die kamp probeer ontsnap. Min van dié pogings was suksesvol omdat verraaiers binne die geledere van die tonnelgrawers self die Britte gewoonlik daarvan verwittig het, en die tonnels dan ontdek is. Die straf vir ontsnappingspogings was dat al die gevangenes van die tentry waarbinne die ontsnappingspoging beplan is - of hulle

---

1 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 384-385; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 45.

2 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 390,394.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



deel daaraan gehad het of nie - na oorsese krygsgevangekampe gestuur sou word.[3]

Kort na sy aankoms in Groenpuntkamp, maak Hugo van Niekerk op 11 April 1900 in sy dagboek melding van 'n ontsnappingspoging. 'n Dertigtal gevangenes het na bewering 'n tonnel onder die omheining deurgegrawe en daarin geslaag om te ontkom. Alarm is dadelik gemaak en in die soekery hierna, is meer as die helfte van die ontsnaptes weer aangekeer.[4]

'n Paar maande na dié ontsnappingspoging het vier Duitsers ook in groot geheimhouding snags, vanuit een van die gemakhuisies, 'n tonnel onder die kampomheining deurgegrawe. 'n Paar uur voordat die ontsnappingstonnel voltooi is, is hulle deur 'n medegevangene verraai. Die Britte het streng teen hulle opgetree. Die Duitsers en sestig man wat in die onmiddellike omgewing was die dag toe die tonnel ontdek is, moes op 6 Augustus 1900 die kamp verlaat en is na Ceylon gestuur.[5]

'n Groepie krygsgevangenes onder leiding van Willie Steyn het herhaaldelik (tussen Junie en November 1900) probeer om uit Groenpuntkamp te ontsnap. Twaalf krygsgevangenes het aan die eerste poging deelgeneem. Van 'n tent af is daar reguit in die rigting van die omheining gegrawe - die tonnel sou ongeveer 30 meter lank moes wees. Die grawery was 'n vermoeiende, veeleisende en gevaarlike taak. Hulle enigste beskikbare gereedskap om die tonnel mee te grawe, was 'n paar knipmesse, eetmesse en blikborde. Met die messe moes die grond losgemaak word, en met die borde is dit dan weggeskraap.[6] "De onzekerheid en de vrees voor ontdekking by het minste geluid was verschrikkelyk, maar de angst dat de tunnel zou instorten terwyl men aan het

---

3 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 384; TAB. Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17.

4 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, p. 57.

5 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.08.06, p. 80; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), pp. 112-113; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 390-391.

6 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 391-392; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan*, pp. 15-16; W. Steyn, Uit Cylon ontsnap, *Die Brandwag* 13(2), 1921.07.25, p. 32.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



werk was, was nog sterker, " skryf Willie Steyn.[7]

Daar is van tienuur saans tot vieruur soggens gewerk. Een van die grootste probleme was om van die grond ontslae te raak. Die krygsgevangenes in Groenpuntkamp het gelukkig volkome bewegingsvryheid binne die kampomheining gehad, met die gevolg dat daar ook snags voortdurend beweging in die kamp was. Dit het die tonnelgrawers die geleentheid gebied om met gevulde baadjie- en broeksakke die grond uit die gat te dra en oor die kampterrein gestrooi. Toe die tonnel reeds tussen 15 en 20 meter lank was, is die tonnelgrawers se poging verydel omdat die tente na ander staanplekke verskuif moes word. Die periodieke verskuiwing van die tente was, soos reeds genoem, normale kamproetine en 'n baie doeltreffende veiligheidsmaatreël.[8]

Die genoemde groepie gevangenes het nie moed opgegee nie, en het hulle volgende tonnels gegrawe vanuit strukture wat nie verskuif sou word nie. Hulle tweede en derde ontsnappingspogings (tonnels vanuit onderskeidelik die wasplek en kombuis), was ook mislukkings. Beide kere is hulle deur een in hulle eie geledere verraai. Willie en twee van sy vriende het hierna weer probeer ontsnap. Nie weer deur middel van 'n tonnel nie, maar deur 'n opening onder die kampomheining. Ook dié uiters gewaagde poging het misluk (hulle is weereens deur 'n ander gevangene verraai), en die ontsnappers is op heterdaad betrap. Die drie skuldiges, en driehonderd ander gevangenes, is toe die volgende dag aangesê om vir deportasie gereed te wees. Kort daarna is hulle na Ceylon gestuur, waar Steyn en vier maats wel daarin geslaag het om van 'n skip af te ontsnap.[9]

Hugo van Niekerk maak in sy dagboek ook melding van 'n unieke ontsnappingspoging uit Groenpuntkamp. Een van die krygsgevangenes het na bewering sy baard en hare afgeskeer en homself swart gesmeer. Toe die swartes wat in die kamp gewerk het die middag die kamp

---

7 Soos aangehaal in S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 392.

8 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 391-392; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 46-48; W. Steyn, Uit Cylon ontsnap, *Die Brandwag* 13(2), 1921.07.25, p. 33; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, pp. 40-49.

9 W. Steyn, Uit Cylon ontsnap, *Die Brandwag* 13(2), 1921.07.25, pp. 33-34; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 393-394; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 48-56; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, pp. 50-55.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



verlaat, het die vermomde gevangene doodluiters saam met hulle by die hek probeer uit stap. Ten spyte daarvan dat hy hulle omgekoop het, het een van die swartes hom verraai en is hy deur die wagte gevang.[10]

Ontsnappingspogings vanuit Simonstad was, so blyk dit, ietwat meer suksesvol as wat by Groenpunt die geval was. Teen sononder op 'n dag in April 1900 het dertig krygsgevangenes byvoorbeeld vanaf South Camp ontsnap. Een van die gevangenes het die nag voor die ontsnappingspoging digby die kombuis die drade in die kampheining, wat kruis en dwars gespan was, geknip. Hy het die drade toe weer so aanmekaar gevleg dat dit nie maklik opgemerk sou word nie. Tydens die ontsnappingspoging het twee gevangenes elkeen by 'n hoek van die kamp 'n geselsie met die wagte aangeknoop om so hulle aandag af te lei. Om sesuur die aand het die wagte wat die voornag moes wagstaan daar aangekom en die ontsnappingspoging ontdek. Alarm is toe gemaak en in 'n ommesientjie het soekligte van die oorlogskepe in die baai, van plekke langs die kus en van die koppie af die kamp en omgewing helder verlig.[11]

In die daaropvolgende soektog het groot verwarring buite en binne die kamp geheers. Volgens 'n berig in *The Cape Argus* is ses van die gevangenes weer gevang maar, weens die groot hoeveelheid Boere-simpatiseerders in die distrik, was die kans skraal dat die ander opgespoor sou word. In 'n latere uitgawe van die koerant is daar nietemin berig dat nog dertien gevangenes weer vasgetrek is.[12] Enkele van die ander ontsnaptes het wel hulle vryheid herwin en weer by die Boeremagte aangesluit.[13]

Die krygsgevangenes in South Camp het, so word berig, vele pogings aangewend om die wagte om te koop - die bestuurder van die nagkar is na bewering selfs £200 aangebied om een van die

---

10 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.12.15, p. 108.

11 D.J. du Toit, Wil julle Boere sien wegloop? *Die Huisgenoot* 30(1252), 1946.03.22, p. 38; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.06.21, p.74; G.H. Jooste, Byna dertig ontsnap, *Die Brandwag* 10(426), 1946.05.10, p. 19.

12 *The Cape Argus*, 1900.04.07, p. 4, 1900.04.10, p.5.

13 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 397.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



krygsgevangenes te help om te ontsnap.[14]

Toe Bellevuekamp geopen is, het die krygsgevangenes ook daar verskeie ontsnappingspogings uitgevoer. Soos in die ander kampe was die grawe van tonnels 'n baie gewilde "tydverdryf". Die uitgegraafde grond is gewoonlik onopsigtelik tussen die tente in die kamp gestrooi of na die swemplek geneem en daar versprei. Al hulle moeite ten spyt, het min van die krygsgevangenes deur middel van die tonnels ontsnap. Verraaiers in eie geledere, of bloot die toevallige ontdekking van 'n tonnel deur die Britse wagte, het gewoonlik tot die mislukking van hierdie ontsnappingspogings gelei. Na sulke ontsnappingspogings is die sekuriteit in die kamp verskerp en die krygsgevangenes se vryhede vir 'n tyd lank ingekort. Die gevangenes wat wel ontsnap het, is gewoonlik spoedig weer aangekeer.[15]

Dit blyk dat die beplanning van sommige ontsnappingspogings verder as net die blote ontsnapping uit die kamp gestrek het. J.D.T. Krynauw meld in sy herinneringskrif die nogal gewaagde planne van een groep tonnelgrawers. Die tonnelgrawers sou naamlik, nadat hulle uit die kamp gekom het, die troepe in die troepekamp langs die krygsgevangekamp ontwapen. Daarna sou die magasyn verower en die krygsgevangenes bewapen word. Hierna sou die spoorwegstasie en die poskantoor oorgeneem word sodat kommunikasie met Kaapstad ontwrig sou word. Die tonnelgrawers het kontak met mense buite die kamp gehad wat hulle te hulp sou staan. Van hierdie planne het niks gekom nie, aangesien die tonnel ontdek is kort voordat dit voltooi is - te wyte aan verraad deur een van die krygsgevangenes. Die tonnelgrawers is toe na Groenpunt oorgeplaas.[16]

In reaksie op die verraad, het die krygsgevangenes in Bellevue 'n "kommissie" aangestel om die verraaier uit te snuffel. Die persoon is oplaas opgespoor. Dit het toe aan die lig gekom dat hy doelbewus deur die owerheid in die kamp geplaas is om die algemene gevoel onder die

---

14 *The Cape Argus*, 1900.04.07, p. 4.

15 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 399-402; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, pp. 46-47; OB: Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1900.03.23, p. 38.

16 TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, pp. 47-48.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



gevangenes te ontdek, en sodoende ook van die tonnelgrawery uitgevind het. Sonder genade is die persoon "soos 'n voetbal" hanteer en is vuishoue en skoppe aan hom uitgedeel. Uiteindelik is hy by die hek van die kamp uitgegooi.[17]

'n Voorbeeld van 'n merkwaardige ontsnappingstonnel was die een van 78 voet (byna 24 meter) wat in Bellevue gegrawe is. Om die tonnel te versterk en veiliger te maak, is dit met hoepels uitgevoer. Die tonnelgrawers het stukke hoepel, 'n koffieketel en stukkies plaat gebruik om die tonnel mee te grawe. Na vyf weke van moeisame arbeid het hierdie ontsnappingspoging misluk as gevolg van verraad deur een die tonnelgrawers.[18]

Twee Skandinawiërs het op 'n vindingryke manier van Bellevuekamp se swemplek af ontsnap. Dié twee krygsgevangenes het hulle, terwyl die ander in die see geswem het, onder die sand laat begrawe. Al wat bo die sand uitgesteek het was 'n rietjie wat in elkeen se mond gesteek is en waardeur hulle asemgehaal het. Toe dit die aand donker genoeg was, het die twee uit die sand gekruip en al met die strand langs na hulle vryheid gestap.[19]

Buiten die pogings wat hierbo genoem is, was daar nog vele ander ontsnappingspogings uit die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe. Die sukses van dié pogings was gering, soos bo gesien, veral nadat die Britte die veiligheidsmaatreëls in die kampe verskerp het. Die vele pogings het nietemin 'n groot deel van die kampowerheid se aandag en inspanning geverg, en hulle groot koste en hindernis besorg.[20] Voordat die Britte begin het om krygsgevangenes oorsee te stuur, het die ontsnappingspogings ook aan die Engelse pers die geleentheid gebied om die deportasie van krygsgevangenes te propageer.[21]

---

17 TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, pp. 48-50.

18 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 401.

19 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 401-402.

20 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 402, 425.

21 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 399.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## HOOFSTUK 7

## VREDESKOMITEES IN DIE KAMPE

Laat in Desember 1900 is 'n Burgervredeskomitee in Suid-Afrika gestig. Hierdie Komitee het die heelhartige steun van die Britse bevelvoerders in Suid-Afrika geniet.[1] Die Britse militêre opperbevelvoerder in Suid-Afrika, lord Kitchener, het die Vredeskomitee beskou as " an outside independent organisation allowed by me, to do their best to induce the boers in the field to see the hopelessness of their struggle for independence and to show them a considerable local feeling exists against the continuance of the war which must ruin their country."[2]

Die sentrale Vredeskomitee het uit invloedryke Boere bestaan wat die eed van neutraliteit afgelê het, en hulle dus vir die verkryging van vrede beywer het. Deur die werksaamhede van dié komitee is talle plaaslike vredeskomitees in dorpe en op die platteland gestig. Hierdie komitees het hulle aksies ook na die krygsgevangekampe uitgebrei, en het die volle steun van die verskillende kampowerhede geniet. Dit was hulle doel om die krygsgevangenes om te praat om hulle trou aan die Boeresaak af te sweer en hulle aan die Britse heerskappy te onderwerp.[3] Soos straks gesien sal word, het hulle verdeeldheid onder die gevangenes in die kampe gebring en dikwels deur hulle aksies onrus in die kampe veroorsaak.

---

1 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 86; TAB, Pretoria, S.O.P. 1, PR/A 90: Lord Kitchener, Pretoria - G.O.C., Natal, Newcastle, 1901.01.14; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 469.

2 Soos aangehaal in A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 87; Kyk ook S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 469.

3 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 85-86; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 469-470, 473-474.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



1. Vredesagente en eedaflegging in die kampe

Vredesagente het nie net van buite die kampe gekom nie. Spoedig na die aankoms van die eerste krygsgevangenes in die krygsgevangekampe, lank reeds voor die stigting van bogenoemde komitees, was sogenaamde vredesagente reeds daar werksaam. Hierdie "agente" het gekom uit 'n groep burgers wat as "hendsoppers" (wapenneerlêers) bekend gestaan het. Dit was burgers wat die Republikeinse oorlogspoging versaak het, hulle vrywillig aan die Britte oorgegee het, en ook die eed van neutraliteit by die Britte afgelê het. Dit het hulle gedoen omdat hulle na vrede gestreef het, en die oorlog wou beëindig.[4]

Die hendsoppers kan in twee groepe verdeel word. Passiewe hendsoppers het na eedaflegging niks gedoen om die strydende burgers te dwarsboom, of om die Britte se krygsaksies te bevorder nie. Aktiewe hendsoppers aan die ander kant het dikwels in 'n nie-vegtende hoedanigheid in Britse diens getree om as verkondigers van vrede deur oorgawe, te werk. Deur 'n beplande veldtog het hulle probeer om die getroues in Boeregeledere te velde, en in krygsgevangekampe, tot oorgawe oor te haal. Onder vredeliewende burgers het die vredesagente groot sukses behaal.[5]

In die kampe was daar groot meningsverskil oor of die stryd voortgesit moes word of nie. Talle krygsgevangenes in die kampe, wat ten gunste van vrede was, is deur die Britse owerhede as vredesagente gewerf. Die ander krygsgevangenes het die vredesagente gevrees, want hulle was onseker oor die optrede van die militêre owerheid teenoor gevangenes wat deur die Britse handlangers aangekla word. Die nuusdraers het die kampowerheid gewoonlik gretig op hoogte van standpunte van getroue Boerekrygsgevangenes gehou. Talle krygsgevangenes in Groenpunt en ander kampe het beweer dat hierdie Britse handlangers in eie geledere verantwoordelik was vir die mislukking van die meeste ontsnappingspogings. Om hierdie redes is getroues tot groot versigtigheid genoodsaak, en het hulle 'n veldtog gevoer om die nuusdraers en die eedafleggers

---

4 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 1, 58; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 468.

5 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 1, 58; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 468-469.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



op te spoor en hulle te straf.[6]

In Groenpuntkamp is die vredesagente uitgejou, soms selfs by die hek uitgegooi, of in ‘n bad water natgemaak en daarna in die sand gerol. Op ‘n keer is 'n vredesagent byna in 'n vullisbak gegooi - die tussenkoms van die burgerkommandant het dit verhoed. Na sulke voorvalle het die kampowerheid telkens moeite gehad om die getroues aan die Boeresaak in die kamp tot bedaring te bring, want die ontdekking van en gevolglike optrede teen 'n vredesagent in hulle midde het hulle oproerig gemaak. Die kampowerheid in Groenpunt het dan ook gepoog om die aanvoerders van die vervolgings op te spoor, en hulle te straf. Na die oproerigheid is die burgers ook deeglik gewaarsku teen soortgelyke optrede in die vervolg, en gedreig met verbanning of gewelddadige optrede.[7] Hierdie waarskuwing is egter selde deur die getroue burgers ter harte geneem.

Die sentrale Vredeskomitee wat in Desember 1900 gestig is, het die werksaamhede van die "agente" in die krygsgevangekampe ondersteun. Van Januarie 1901 af het ‘n afvaardigings van die Vredeskomitee die kampe besoek. Die afvaardiging het die krygsgevangenes aangemoedig om lyste (petisies), waardeur hulle vir vrede deur oorgawe agiteer, te teken. Dié lyste moes dan aan Boere-offisiere en politieke leiers te velde gestuur word, om hulle moreel te verplig om die stryd te staak. 'n Hele aantal van hierdie vredespetisies het later die rondte in Groenpuntkamp gedoen. Hoewel daar vele was wat dit onderteken het, het die meerderheid krygsgevangenes dit nie goed ontvang nie.[8]

Die afvaardiging van die Vredeskomitee wat Groenpunt in Januarie 1901 besoek het, het die wind van voor gekry. Soos die vredesagente wat in eie geledere ontdek is, het die gevangenes die afvaardiging by die kamp uitgejaag. Die besoek van die afvaardiging het 'n taamlike opskudding

---

6 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 113-114; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 472-473; Hugo H. van Niekerk, *op. cit.* 1900.04.17, p. 59.

7 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.28, p. 62 en 1900.11.14, pp. 101-102; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 485-487.

8 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 113-114; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.26, p. 54 en 1900.04.17, p. 59; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, p. 56.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



onder die gevangenes veroorsaak en kol. Money, die bevelvoerende offisier van die kamp, groot moeite besorg om rus en vrede te herstel. Nietemin het die vredeskomitee reeds sy aanhangers onder die gevangenes in Groenpunt gehad, wat sy werk in die kamp voortgesit het.[9]

Die afvaardiging het Bellevuekamp ook in 1901 besoek en petisies om vrede ook hier die rondte laat doen. Onder die lede van die afvaardiging was P.D. de Wet, broer van genl. Christiaan de Wet en self ook 'n eertydse Boeregeneraal. Onder die getroue burgers in hierdie kamp het die petisies ook protes ontlok. Nietemin blyk dit dat die petisies groot sukses onder die gevangenes in Bellevue gehad het. Na aanleiding van die afvaardiging se besoek, is 'n sub-komitee van die Vredeskomitee in Bellevue gestig. Die afvaardiging het na sy besoek aan Groenpunt en Bellevue by die Britse bevelvoerders aanbeveel dat al die vredeliewende gevangenes uit Groenpunt en elders na Bellevuekamp oorgeplaas word. Hierdie aanbeveling is later in 'n groot mate uitgevoer, terwyl die burgers wat geweier het om die petisies te onderteken, na Groenpunt of een van die oorsese kampe gestuur is.[10]

Hoewel die vier Suid-Afrikaanse kampe aanvanklik die karakter van oorplasingskampe gehad het, het die karakter van Bellevuekamp en Tin Town deur die loop van 1901 aansienlik verander. Die Britse owerheid het toenemend eedafleggers en vredesgesindes van die ander kampe in Suid-Afrika na Bellevue en Tin Town gestuur. Dié wat nie in vrede belanggestel het nie, is weer uit dié twee kampe na Groenpunt en Umbilo oorgeplaas.[11] Krygsgevangenes wat kort na gevangeneming die eed afgelê het, is ook direk na Bellevue gestuur. In Bellevue en Tin Town het

---

9 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 113-114; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.26, p. 54 en 1900.04.17, p. 59; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, p. 56.

10 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 113-114; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, pp. 50-51; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 474-476.

11 In April 1900 het die militêre owerheid byvoorbeeld 'n spesiale bevel uitgereik waarvolgens onderskeid gemaak word tussen eedafleggers en alle ander krygsgevangenes. Eedafleggers sou voortaan as politieke gevangenes beskou word en in Simonstad aangehou word, "...all the rest of prisoners at Cape Town must be sent away, with the exception of voluntary surrenderers. No Prisoners of War are to be kept at Cape Town, except for the purpose of being kept until a ship is ready to remove them out of South Africa." Aanhaling uit: TAB, Pretoria, S.O.P. 15, PR/A 1270: Provost Marshall - Chowder, 1901.04.25.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



die vredeliewende krygsgevangenes inderdaad later die meerderheid gevorm, en was hulle veilig teen die vervolging van getroue burgers. Teen die einde van Mei 1902 was daar byvoorbeeld sowat 1100 eedafleggers in Bellevue.[12]

Die vredesbeweging het nadelige gevolge vir die kamplewe in die algemeen ingehou. Dit het die kamplewe in beroering gebring, en verdeeldheid, wantroue en verwarring onder die krygsgevangenes gebring. Vir die gevangenes trou aan die Boersaak, het dit al moeiliker geword om te weet wie vertrou kon word, en wie nie. Met die hulp van die vredesagente het die kampowerheid in Groenpunt en die ander kampe al hoe meer teen getroues opgetree. Hierdie agente in die kampe is deur die Britse wagte onder beskerming geneem, om te keer dat die getroue gevangenes teen hulle optree. Dit het die verdeeldheid tussen die getroues en die vredeliewendes vergroot. Skynbaar het die kampowerhede dus ook 'n indirekte verdelende rol in die lewe van die krygsgevangenes gespeel.[13]

Getroues wat verantwoordelik was vir optrede teen vredesagente, is gewoonlik uit Groenpuntkamp verwyder, en in die kasteel in Kaapstad aangehou, of na oorsese kampe gestuur. Deur hierdie optrede wou die Britse owerheid soveel as moontlik gevangenes oorhaal om die eed af te lê. Afvalligheid en oorlopery onder die krygsgevangenes is bevorder deur die beskerming wat aan die eedafleggers verleen is. Die gunstige verloop van die oorlog vir die Britte, en die aanhoudende wegstuur van getroues na oorsese kampe, het ook eedaflegging in Groenpunt bevorder. Geleidelik het die gety ten gunste van oorgawe sterker geword, en het die stryd teen die vredeskomitees in Groenpuntkamp, en ook die in ander kampe, verflou.[14]

Uiteindelik het die kampowerheid se intimidasie dus die gewenste resultate opgelewer.

---

[12] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 122-123, 126-127, 473.

[13] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.01, p. 92; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 479-482.

[14] A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 115; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.06.29-1900.08.28, pp. 67- 89; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, pp. 50-52; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 520-521.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Gedurende die laaste helfte van 1900 en die eerste helfte van 1901, het 'n groeiende stroom van krygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe die eed van neutraliteit afgelê. Van die begin van 1901 af is hierdie eedafleggers op grond van meriete oorwegings vanuit Groenpunt en ander Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe, na konsentrasiekampe in die voormalige Republieke gestuur. In Mei 1901 het Kitchener egter bevel gegee dat alle persone in Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe, wat as wapenneerlêers beskou kon word, so gou moontlik na die konsentrasiekampe gestuur moes word. In hierdie kampe het hulle groter vryhede geniet, en kon hulle ook op parool uitgaan.[15] Die wete dat hierdie vryhede op hulle wag indien hulle die eed afgelê het, moes ongetwyfeld talle gevangenes in die krygsgevangekampe oorgehaal het om tot die stap oor te gaan.

Dit is te betwyfel of die druk wat die Britse owerheid deur middel van die vredeskomitees en -agente op die krygsgevangenes uitgeoefen het, in ooreenstemming met die reëls van die Haagse Konvensie was. Dit ten spyt, het die veldtog om vrede in die kampe mettertyd momentum opgebou. Deur die loop van 1901 het eedaflegging in al die Suid-Afrikaanse kampe drasties toegeneem en het die Britse owerheid se doel met die vredeskomitees dus vrugte afgewerp.

15 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 117; Privaatversameling: briewe van L.J.S. Changuion, Changuion - H.E. Potgieter, April - Junie 1901; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.06 29-1900.08.28, pp. 67-89.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## HOOFSTUK 8

## DIE EINDE VAN DIE OORLOG

Weens die suksesse wat die Britse owerheid met die eedaflegging van krygsgevangenes gehad het en ook as gevolg van Kitchener se bevel van Mei 1901, het die getal krygsgevangenes in Groenpunt en van die ander kampe in 1901 drasties afgeneem. Nuwe gevangenes wat geweier het om die eed van neutraliteit af te lê, is so gou moontlik na oorsese kampe gestuur, terwyl dié wat die eed afgelê het, na konsentrasiekampe in die Vrystaat en Transvaal gestuur is. In Groenpunt se geval was die militêre owerheid se oogmerk hiermee om Kaapstad van krygsgevangenes "skoon te maak". Van Mei 1901 af sou slegs krygsgevangenes wat vir transportskepe wag (wat hulle na oorsese kampe moes vervoer), in Groenpuntkamp aangehou word.[1]

Teen Junie 1901 het die militêre owerheid besluit om Kamp nr. 1 op Groenpunt te ontruim. Dié kamp, geleë op die sportterrein, is van die stadsbestuur teen £116.13.4 per maand gehuur, en die huurkontrak sou in Augustus 1901 verstryk. Deur die sluiting van hierdie kamp sou dié bedrag vir ander doeleindes aangewend kon word. Daar is ook bereken dat Kamp nr. 1 se aanhangsel, naamlik "Sky-View", voldoende sou wees vir die aantal krygsgevangenes wat voortaan in Kaapstad gehuisves sou word - dit is die gevangenes wat vir transportskepe gewag het.[2] In November 1901 berig *De Kerkbode* dan ook dat Groenpuntkamp opgebreek is en dat die krygsgevangenes wat daar aangehou is, na elders gestuur is.[3] Tin Town se funksie is skynbaar in die laaste helfte van1901 na dié van 'n "burgher"-kamp (konsentrasiekamp) verander. Die Britse owerheid het besluit om slegs Bellevue- en Umbilo-kamp vir die repatriasie van

1 *De Kerkbode* 25 (18), 190.06.27, p. 374; TAB, Pretoria, S.O.P. 15, PR/A 1270: Provost Marshall - Chowder, 1901.04.25; 1901.05.07; 1901.06.14.

2 TAB, Pretoria, S.O.P. 15, PR/A 1270: Genl-maj. A. Wayne - Adjt.-genl., Pretoria, 1901.06.18.

3 *De Kerkbode* 45 (18), 1901.11.14, p. 617.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000




**Figuur 55:** Die aankondiging van die vredesvoorwaardes in Umbilo deur president Schalk Burger.
OB, Foto 5184.

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000



krygsgevangenes te gebruik.[4]

Gerugte van vredesonderhandelinge het voortdurend in al die krygsgevangekampe die rondte gedoen; vanaf die begin van Mei 1902 meer as ooit tevore. As gevolg van die wisselende aard van die gerugte het groot verwarring onder die gevangenes in die kampe ontstaan. Gevoelens van hoop en vertwyfeling, verwagting en vrees was aan die orde van die dag. Vanselfsprekend het die gerugte van vrede die krygsgevangenes se verlange na hulle huis, gesin en vaderland vererger en hulle op 'n spoedige wedersiens laat hoop.[5]

Te verstane is die uiteindelike aankondiging van vrede wat Bellevue en Umbilo op 1 Junie 1902 bereik het, met uitbundige vreugde begroet. Die eerste berig oor die formele vredesluiting het slegs die aankondiging bevat, nie die voorwaardes nie. Vir menige krygsgevangene was die vredesvoorwaardes, toe dit later bekend gemaak is, 'n groot ontnugtering, omdat hulle vas geglo het dat die Republieke hulle onafhanklikheid sou behou. Op 20 Junie 1902 is 'n amptelike bevel vir die vrylating van alle krygsgevangenes in Suid-Afrika uitgereik. Die vrylating was egter onderworpe aan die aflegging van die eed van getrouheid aan die Britse kroon. Eers nadat hulle die eed afgelê het, en indien die geleentheid daar was om hulle na hulle tuisdistrikte te stuur, sou die gevangenes vrygelaat kon word. Aanvanklik was daar gevangenes wat nie die eed wou aflê nie, maar danksy die pogings van invloedryke leiers, is hulle tog oorreed om dit te doen.[6]

Ten tye van die vredesluiting was daar 1026 gevangenes in Bellevue en meer as 'n duisend in Umbilo. Die krygsgevangenes in Bellevue, waar oor die algemeen vredesgesindes en eedafleggers aangehou is, en ook dié in Umbilo, waar dié aangehou is wat op verbanning na oorsese kampe gewag het, het na vredesluiting groter vryheid geniet. Hulle kon besoekers ontvang en, in Umbilo se geval, selfs buite die kamp vryelik rondloop totdat hulle na hulle tuisgebiede teruggestuur kon

---

4 TAB, Pretoria, AMPT PUBS 31, CD 1551, p. 18.

5 TAB, Pretoria, A 787, Vol. 62, C. Röcher, Dagboek van ..., p. 110; OB, Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1902.04.21, p. 455 en 1902.05.29, p. 469; S.P.R. Oosthuizen, *op. cit.* pp. 522-524; K. Roodt-Coetzee, *Die lief een leed van die banneling* ..., p. 530.

6 TAB, PRETORIA, AMPT PUBS 31, CD 1551, pp.17-19; S.P.R. Oosthuizen, *op. cit.* pp. 525-526; TAB, Pretoria, A 787, Vol. 62, C. Röcher, Dagboek van ..., p. 110; L.S. Amery, *Times history VI*, p. 44; OB, Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1902.06.04, p. 473.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 56:** Voormalige krygsgevangenes oppad terug na hulle tuisdistrikte.
OB, Foto 7887.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



word.[7]

Na vredesluiting is die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe se rol omgekeer. Eers was dit kampe waar krygsgevangenes aangehou is voordat hulle oorsee gestuur is. Nou is die meer as 24 000 oorsese krygsgevangenes daarheen gestuur. Die Suid-Afrikaanse kampe het toe as "rest camps" bekend gestaan. In die "rest camps" is die krygsgevangenes van klere, komberse en lewensbehoeftes voorsien voordat hulle na kampe in hulle onderskeie distrikte gestuur is. Soos genoem is slegs die kampe in Simonstad en Umbilo vir die repatriasie van oorsese krygsgevangenes gebruik. Albei kampe was tot in 1903 in gebruik, waarna hulle ook gesluit is.[8] Die kantoor van die Stafoffisier vir Krygsgevangenes is in April 1903 gesluit. Alle sake rakende voormalige krygsgevangenes is van toe af na die "D.A.Q.M.G Intelligence" ("Deputy Assistant Quartermaster General Intelligence") in Pretoria verwys.[9] Hieruit kan 'n mens aflei dat daar nie meer sprake van 'n kamplewe in Bellevue en Umbilo was nie.

7 W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 19; TAB, Pretoria, A 787, Vol. 62, C. Röcher, Dagboek van ..., p. 111; OB, Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1902.06.11, p. 476; TAB,Pretoria, AMPT PUBS 31, CD 1551, p.17.

8 S.P.R. Oosthuizen, *op. cit.* pp. 525-526; L.S. Amery, *Times history VI*, p. 44; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan*, p. 166; W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 19; TAB,Pretoria, AMPT PUBS 31, CD 1551, p.17; TAB, Pretoria, CS 226, 536/03.

9 TAB, Pretoria, S.O.P. 64, PR/A 6201: S.O.P - The Colonial Secretary, 1903.03.22.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## GEVOLGTREKKING

Vir die krygsgevangenes was die vredesluiting van 31 Mei 1902 "bitter-soet", soos J.J. van der Walt dit stel.[1] Soet was die wete dat hulle huistoe kon gaan, maar bitter die besef dat hulle Britse onderdane geword het. Dit nadat hulle in die stryd op die slagveld betrokke was, en daarna soms lank as Britse krygsgevangenes die lewe in die krygsgevangekampe moes verduur.

Die krygsgevangenes wat in die Suid-Afrikaanse kampe aangehou is, was moontlik gelukkiger as hulle eweknieë wat oorsee gestuur is. Hulle het nie die dikwels skrikwekkende seereis deurgemaak nie. Ook was hulle nie so ver van hulle geliefdes in die Republieke verwyderd nie. Wat die lewe in die kampe betref, het die krygsgevangenes in die plaaslike en oorsese kampe dit nietemin nagenoeg eenders gehad. Almal het die positiewe en negatiewe aspekte van gevangenskap ervaar.

Soos in hierdie studie aangedui, is die krygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe aan streng militêre reëls onderwerp. Hierdie reëls het elke faset van hulle lewens geraak. Vele van die gevangenes het in die kampe vir die eerste maal met sulke streng reëls en regulasies te doen gekry, en vele het gevolglik gesukkel om daarby aan te pas. Met verloop van tyd het die meerderheid van die gevangenes tog aan die kamplewe gewoond geraak en hulle nie deur die onaangenaamhede daarvan laat onderkry nie.

Die lewe in die Suid-Afrikaanse kampe word gekenmerk deur die aanvanklike onvoorbereidheid van die Britse owerhede om in die behoeftes van die gevangenes te voorsien. Onvoldoende geriewe, epidemies, 'n hoë sterftesyfer en die vreemdheid van die omstandighede het die lewe in die kampe aanvanklik ondraaglik gemaak. Teen die middel van 1900 het die owerhede verbeteringe in die kampe begin aanbring. Hierdie verbeteringe het, soos in die geval van Groenpuntkamp gesien, die lewe in die kampe aansienlik meer aangenaam gemaak.

---

[1] J.J. van der Walt, Krygsgevangekampe tydens die Goudoorlog, *Koers* 11(5), 1944.04, p. 169.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Daar het met verloop van tyd 'n groter vastigheid in die kamplewe ingetree. Dit was bevorderlik vir die diversifisering van die kamplewe, en het gelei tot die wye verskeidenheid aktiwiteite wat beoefen is. Deelname aan hierdie aktiwiteite was vir die krygsgevangenes se selfbehoud bevorderlik. Tog was daar krygsgevangenes wat nie daaraan deelgeneem het nie. Diesulkes het, soos hierbo aangedui, die gevolge daarvan gedra.

Tydens hulle gevangenskap het menige gevangene die waarde van geloof besef en was daar gevolglik 'n godsdienstige oplewing in die kampe. Deur hulle geloof is die gevangenes in staat gestel om hulle gevangenskap te aanvaar, en die beste daarvan te maak. Soos in enige gemeenskap, het nie al die krygsgevangenes die godsdienstige oplewing beleef nie. Vele het inderdaad onverskillig teenoor die godsdiens gestaan.

Die één ding wat groot verdeeldheid onder die gevangenes gebring het, was die kwessie van die aflê van die eed van getrouheid aan die Britse kroon, terwyl die oorlog nog aan die gang was. Deur 'n subtiele manipulering en propagandaveldtog het die Britse kampowerhede uiteindelik talle krygsgevangenes oorgehaal om tot eedaflegging oor te gaan. Die veldtog was so suksesvol dat 'n kamp soos Groenpunt teen die middel van 1901 begin leegloop het. Krygsgevangenes wat die eed nie wou aflê nie is, soos genoem, so spoedig moontlik na die oorsese kampe gestuur.

Tog, afgesien van die onaangenaamhede en ontberinge, het die ondervinding van gevangenskap waarskynlik vir vele burgers baie beteken. Hulle lewensuitkyk is deur die ervaring verruim en, omrede hulle aan soveel mense en omstandighede blootgestel is, het hulle mense na waarde leer skat. Die onderwerping aan reëls en regulasies in die kampe het talle gevangenes moontlik ook die waarde daarvan laat insien. Hulle sou besef dat daar slegs deur middel van reëls en wette 'n ordelike samelewing gehandhaaf kan word.

Die onderrig wat hulle in die kampe ontvang het, het die naoorlogse lewe vir menige gevangene makliker gemaak. Talle van die ouer gevangenes het in die kampe vir die eerste maal skoolopleiding ontvang. Die krygsgevangenes wat hulle laat onderrig het, was na die Oorlog beter gekwalifiseerd en sou daarom gouer by die veranderde omstandighede kon aanpas.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Soos in die studie afgelei kan word, kan dit nie gesê word dat die lewe in die Suid-Afrikaanse kampe besonder aangenaam was nie, maar geheel onaangenaam was dit ook nie. Die kampowerhede het in die gevangenes se basiese behoeftes voorsien, maar dit is aan elke gevangene self oorgelaat om die beste van sy gevangenskap te maak. Hulle moes (en het) self toesien dat 'n houdbare samelewing in die kampe tot stand kom.

Alhoewel die lewe in die kampe nie in sy geheel gesien die ideaal was nie, was dit 'n waardevolle leerskool vir dié wat dit meegemaak het. Dit het dikwels verreikende gevolge na die Oorlog gehad. Die aanhouding van soveel duisende mense was 'n unieke verskynsel in die Afrikaner se geskiedenis. Die kenmerkende individualisme van die vooroorlogse Boer, het in die kampe plek gemaak vir 'n gemeenskaps- of groepsgevoel. Na die Anglo-Boereoorlog sou dit meehelp tot die vestiging van 'n sterk Afrikanernasionalisme.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**BYLAAG 1**[1]

THE CASTLE,
CAPE TOWN
17th September 1900.

Commandant,
Ladysmith, Natal.

In accordance with your request I forward copies of all regulations and rules in use here for Prisoners of War, and the following information in case it may be useful to you.

Prisoners are treated as soldiers.

Where the Prisoners are accomodated [sic] in tents 3 Officers or 12 rank and file are told off to each tent.

The Prisoners are supplied with the full soldier's rations (peace scale) with the addition of 1 lb. tin of milk per diem for 8 Prisoners, and coffee instead of tea.

Prisoners do their own cooking and all cleaning in the camps (except emptying latrines).

A dry canteen should be established for use of Prisoners - no liquor, except mineral water should be allowed in the camp.

The camps here and at St. Helena have been made with a high outer fence and a lower inner fence of wire. The space between them about 10 feet wide is considered the dead space, and anyone seen inside this space is at once fired upon by the sentries.

The Staff necessary for a camp of 2000 to 3000 Prisoners has been found to be :-

| | |
|---|---|
| 1 | Commandant (a Field Officer) |
| 1 | Asst. Commandant (Captain) |
| 1 | Quartermaster |
| 2 | Censors & Interpreters. |

---

1 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman, Stafoffisier vir krygsgevangenes - Kampkommandant, Ladysmith, 1900.09.17.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



| | |
|---|---|
| 1 | Sergeant Major |
| 1 | Quartermast. Sergeant |
| 1 | Clerk |
| 2 | Butchers. |

The Sergeant Major & Quartermaster Sergt. may require other assistants.

The assistant Commandant is a Colonial Officer if possible, who can speak Dutch, and he generally keeps the money of the Prisoners and issues it to them in small sums as required.

It has been found necessary here to discontinue altogether the practice of allowing visitors to any of the Prisoners of War, but if any visitors are allowed an interpreter and censor should always be present.

A carefully selected Minister of the D. Reformed Church is allowed to hold services and to visit the Prisoners in the Camp, as long as he conforms to all rules re letters and parcels.

As I am called upon to render returns of all Prisoners of War and to publish complete lists of Prisoners I should be much obliged if a telegram could be sent me weekly giving the exact number of Prisoners confined in Natal, and if a list, giving the full names, ages, addresses, place and date of capture of all Prisoners, could be sent me periodically.

I send you a printed list of all Prisoners of War reported to me up to date.

Lieut-Col.
S.O.Pris. of War.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**BYLAAG 2**

RULES AND REGULATION REGARDING PRISONERS OF WAR IN CAMPS[1]

1. The Prisoners of War will be treated as soldiers and must conform to all regulations for the safety, good order, and discipline of the camp.
2. They will be mustered twice a day, at their tents, for Roll Call.
3. The Commandant will inspect the camps daily at 11 a.m. by which time all the tents, kitchens, baths, latrines &c.&c., must be cleaned up, tidy and in good order.
4. A foreman is to be nominated by the men in each tent from amongst their number, who will be responsible for the good behaviour of his men, and the proper care and cleanliness of the tent.
5. The foremen in each line of tents will select a Captain for that line. He will be responsible for all matters concerning discipline and good order, in his line, and any question or complaint affecting any tent will be reported to him by the tent foreman.
6. It will be the duty of Captains of lines to bring any unusual circumstances affecting his line to the notice of the Commandant and to report to him any question or complaint that may occur affecting his line of tents.
7. The Boer Officers will select one of their number, to act as Captain of the Officers' Camp.
8. The Captains will nominate foremen to superintend the kitchens wash-houses &c. These foremen will be responsible for the proper care, and cleanliness of their charges.
9. All tents will be struck at least once a week.
10. The Bottom Boards of all tents will be placed outside the tents at least 3 times weekly (except in very bad weather) and the ground thoroughly cleansed.
11. The Commandant has power to inflict imprisonment with or without hard labour, for a period not exceeding 14 days for any breach of discipline.
12. Offences that call for more serious punishment will be dealt with by Court Martial. The punishment awarded extending to death. Penal servitude for any length of time or imprisonment with or without hard labour according to the gravity of the offence.
13. Any Prisoner found in the "Dead Space" will be fired on by the sentries without warning.
14. Any attempt at mutiny or organised disturbance will be immediately put down by force of arms.
15. Any man found attempting to escape will immediately be fired on.
16. In the event of any attempt to escape being made the whole of the men occupying the line of tents amongst which the escape or attempted escape took place will be removed on board one of the Transports for safer custody.
17. Any disobedience of orders or attempts to bribe sentries will be very severely dealt with.
18. Any order given by the Commandant, or any of the Camp Officers either military or civil,

---

[1] TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman, Stafoffisier vir krygsgevangenes - Kampkommandant, Ladysmith, 1900.09.17.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



must be obeyed at once.

19. Letters and parcels for prisoners will be duly examined according to regulations and distributed as soon as possible.

20. Prisoners are not allowed to be in possession of more baggage than they can carry and must understand that, in the event of removal, transport will only be provided for the Officers' baggage, which will be limited.

21. Every prisoner who gives a wrong name or description or answers for another is guilty of disobedience of orders and will be punished accordingly.

22. Prisoners must obey all orders of the guards and sentries with the utmost promptitude under penalty of being fired on.

23. Prisoners are not allowed to lean against or to congregate near the inner wire fence.

BY ORDER.
C. HEYMAN. Lt.Col.
S.O.Pris. of War.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**BYLAAG 3**

RULES REGARDING LETTERS[1]

All letters that Prisoners wish to send, must be handed to the Commandant open. Either he, or his Interpreter, or the Officer of the Guard will read them, and if satisfied that they contain no war news, or communication detrimental or insulting to British interests, despatch them to their destination.

All letters addressed to places outside of the Colony, i.e., to the Transvaal, O.F.S. or abroad after being examined, should be marked, and sent under cover to the S.O.Prisoners of War to be stamped officially before being sent.

Any letter that the Commandant or his Assistants consider should not be sent or received by Prisoners will be sent to the S.O.Prisoners of War.

The contents of all parcels must be examined before issue. Only Cape Times and Argus and papers from England are allowed to be delivered to Prisoners.

C. HEYMAN Lieut-Col.
S.O.Pris. Of War

The Castle,
Cape Town.
1-8-00.

---

1 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman: Rules regarding letters, 1900.08.01.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**BYLAAG 4**

MISCELLANEOUS RULES[1]

Prisoners of War are not allowed to keep money in their possession, except such small sums as the Commandant of Prisoners may from time to time allow them.

The Commandant will retain all money sent to Prisoners and keep an account with them.

All parcels and letters sent to Prisoners must be first opened and examined before delivered, by the Commandant or one of his Officers.

Prisoners are not allowed to receive visitors unless under exceptional circumstances, and then they must be provided with a pass signed by Staff Officer for Prisoner, and an Officer and Interpreter must always be present during such visit.

Officers while they behave well should be accorded better treatment than the other Prisoners.

C. HEYMAN. Lieut-Col.
S.O.Pris. of War.

The Castle,
Cape Town.
15-8-00.

---

1 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Colonel C. Heyman: Miscellaneous rules, 1900.08.15.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**BYLAAG 5**

RULES CONCERNING OFFICER OF THE GUARD[1]

1. The Officer of the Guard will accompany the Commandant during the inspection of the Camp at 11 a.m.
2. He will be present while the Sergeant-Major calls the roll, and will detail one N.C. Officer and 6 men to be on duty in the lines to prevent the prisoners crossing the space between numbers 2 & 3 rows of tents, during Roll Call.
3. The Officer of the Guard will have all parcels examined before allowing them to be passed into the Prisoners' lines.
4. He will detail one N.C. Officer and one man to be on duty with visitors.
5. He will be responsible that no one on mufti is allowed to enter any part of the Camp, without a written Permit signed by the Staff Officer for Prisoners of War.
6. Any irregularity or disobedience on the part of any of the prisoners is to be at once reported to the Commandant, Prisoners of War.
7. No carts are to be allowed past the "black gates" except those bringing in stores or taking away refuse.
8. A N.C. Officer and two men from the inlying picquet, will be detailed to be on duty from 11 a.m, to 12 noon, and from 3.30 to 4.30 p.m., when goods from the Dry Canteen are sold to the prisoners.
9. A N.C. Officer and four men from the guard will be detailed to be inside the enclosure from 10 to 11 p.m., while the urinal tubs are being cleared away.
10. The prisoners are permitted to bathe from 7.15 to 9 a.m., and from 3.30 to 4.30 p.m. - except Sunday afternoon.
    A N.C. Officer and 6 men from the inlying picquet will be detailed to be on duty. Prisoners are not allowed to cross the fence or bathe beyond the bouys.
11. In the event of the Commandant's absence from camp, the Officer of the Guard will carry out any duties usually performed by the Commandant.
12. In the event of the lights going out at night or any unusual occurrence, he will at once turn-out the Guard, and inform both he Commandant, Prisoners of War, and the officer Commanding Infantry Detachment.

C. HEYMAN Lieut-Col.
S.O.Pris. of War.

The Castle,
Cape Town
22nd Feb. 1900.

---

[1] TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Colonel C. Heyman: Rules concerning Officer of the Guard, 1900.02.22.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**BYLAAG 6**

CAMP ROUTINE[1]

Prisoners of War.

| | |
|---|---|
| 6 a.m. | Reveille |
| 6.30 a.m. | Tent walls to be rolled up. |
| 7 a.m. | Morning Muster & Roll Call. |
| 7.15 to 8 a.m. | Bathing |
| 8 a.m. | Breakfast |
| 11 a.m. | Inspection of Camp. |
| 11 to 12 NOON | Canteen Open. |
| 12.30 p.m. | DINNER |
| 3.30 to 4.30 p.m. | Bathing |
| 3.30 to 4.30 p.m. | Canteen Open |
| 5 p.m. | Evening Muster & Roll Call. |
| 6 p.m. | Tea |
| 9.30 p.m. | Tattoo (Lights out men) |
| 10.30 p.m. | Lights out Officers. |

Sundays

| | |
|---|---|
| 9 a.m. | Church Parade |

BY ORDER
C. HEYMAN Lieut-Col.
S.O.Pris. of War.

1 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Camp Routine, 1900.09.17.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**BYLAAG 7**

PROSEDURE BY DIE AFLê VAN DIE EED VAN GETROUHEID[1]

Reference your telegram 4533 of 20th May. Procedure re taking of oath of allegiance By Burghers on parole in Cape Colony District is as follows:-

Applicant makes affidavit recounting his actions and movements from commencement of the war, and stating his desire to take oath, and reasons for wishing to become a British Subject. This should be submitted with recommendation of the O.C.District to this office for consideration of the General Officer Commanding here.

Approval here means only that there is no objection on the part of the Military Authorities to the applicant taking the oath and being released from parole to do so.

The case is then referred (through O.C.District) to the Commissioner who have to administer the oath. (List of these Commissioners who published in C.C.D.Orders 14th May 1902).

The Commissioner takes all further action, having received special instruction from Lord Milner; among other things he refers the case to the Commissioner of the District in which the applicant formerly resided, and if his enquiries are satisfactory he will them administer the oath.

It might therefore be better if (after Military approval has been obtained) you send the case in writing to the Oaths Commissioner, before allowing the applicant to appear before him, as there might be some delay before the Commissioner could obtain answers to his enquiries; meanwhile the applicant might be kept waiting about at some expense to himself.

When the oath has been administered to a Burgher on parole, notice should be sent to this office, and if possible the number of the oath (obtained from the Commissioner) should be quoted.

By Order,

Lt.Col.
S.O.P.O.W.

Cape Town.
21-5-02.

---

1 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 1607: Col. C. Heyman , Procedure regarding taking oath of allegiance, 1902.05.21.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**BRONNE**

**I ARGIVALE BRONNE:**

**1. ONGEPUBLISEER**

**Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad**


A 24, *The Tick. A weekly publication by & for prisoners of war*, 1, 1902.06.05 - 3, 1902.06.26.

A 388, Du Toit, J.A., *Dagboek*.

A 630, De Villiers, J.A., *Dagboek*.

**Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein**

Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok.

Dagboek 4290/1, Dagboek van Sarel Viljoen.

Dagboek 4909/2, Dagboek van J.A. de Villiers.

Dagboek 6343/1, Dagboek van J.P.H. Steyn.

**Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria**

1. Amptelike Dokumente:

<u>Archives of the Provost-Marshall, 1900-1903</u>

P.M.O. 87. Printed lists of Prisoners of War.

<u>Argief van die Koloniale Sekretaris</u>

CS 226, 536/03.

<u>Argief van die stafoffisier vir krygsgevangenes in Kaapstad, 1900-1903</u>

S.O.P. Vol 1-64. Korrespondensieleêrs, 1 - 6202.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Britse Blouboeke

AMPT PUBS 31, CD 1551.

Rooikruisstukke

RK 196.

2. Aanwinste:

W 218, De Villiers, G.S., *Gedachtenis boek*.

A 787, Vol.62, Röcher, C., Dagboek van ...

A 947, Krynauw, J.D.T., Oorlogsherinneringe.

**Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad**

MSB 651, Hoskin, A.B. Correspondence of...

MSB 684, *The Skyview Parrot*, 1(1), 1901.09.18 - 1(8), 1901.11.06.

**Private versamelings**

Briewe van L.J.S. Changuion - H.E. Potgieter. In besit van lt.-kol. L.J.S. Changuion, Trouwstraat 390, Capital Park, Pretoria, 0084.

**II PERIODIEKE PUBLIKASIES:**

*Almanak voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1900*. (Kaapstad, 1900).

*Almanak voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1901*. (Kaapstad, 1901).

*De Kerkbode: Het weekblad der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*. (Kaapstad, 1899-1902).

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## III TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS:


CHANGUION, L.A., Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangekamp tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10 (2), 1996.11.

CHANGUION, L.A., Die organisasie van die Boerekrygsgevangekampe in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 39 (3 en 4), 1999.09 en 1999.12.

DE KOCK, W.J., Met die Boere agter doringdraad. *Die Huisgenoot* 42 (2393), 1968.02.09.

DIE HELPENDE HAND (pseud.), Na jare agter doringdraad. *Die Brandwag* 10 (424), 1946.04.26.

DU TOIT, D.J., Wil jy Boere sien wegloop. *Die Huisgenoot* 30 (1252), 1946.03.22.

ROODT, K., Boere-krygsgevangenekampe. *Die Huisgenoot* 25 (960), 1940.08.16.

ROODT, K., Gevangene-kuns van die Boer. *Die Huisgenoot* 24 (950), 1940.06.07.

ROODT, K., Godsdiens in die krygsgevangenekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16.

ROODT-COETZEE, K., 'n Krygsgevangene as joernalis, *Die Huisgenoot* 26 (1020), 1941.10.10.

ROODT-COETZEE, K., Musiek en toneel in die krygsgevangenekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1022), 1941.10.24.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



*The Cape Argus*, 1900.02.03; 1900.04.02.

VAN DER WALT, J.J., Krygsgevangekampe tydens die Goudoorlog, *Koers* 11(5), 1944.04.

**IV LITERATUUR:**

AMERY, L.S., *The Times history of the war in South Africa VI*. London, 1909.

BARNARD, C.J., *Die vyf swemmers. Die ontsnapping van Willie Steyn en vier medekrygsgevangenes uit Ceylon, 1901*. Kaapstad, 1988.

BOOYENS, B., *De Gereformeerde Kerkbode (1849-1923) as bron vir die Afrikaanse Kultuurgeskiedenis.* Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1993.

BREYTENBACH, J.H. (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*. Kaapstad, 1949.

DE VILLIERS, J. (red.), *Rondom die Anglo-Boereoorlog 1899-1902. 'n Keur uit die fotoversameling van wyle Christofer Kriel*. Johannesburg, 1979. (p. 125 foto+teks)

ENSIKLOPEDIE AFRIKANA, *Wêreldfokus 8*. Amsterdam, 1979.

FERREIRA, O.J.O. (red.), *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers, 1899-1902*. Pretoria, 1977.

GROENEWALD, C., *Bannelinge oor die oseaan. Boerekrygsgevangenes 1899-1902*. Pretoria, 1992.

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000



GRUNDLINGH, A.M., *Die "hendsoppers" en "joiners"*. Pretoria, 1999.

KOTZE, C.R., *My Ballingskap*. Bloemfontein, 1942.

OOSTHUIZEN, S.P.R., *Die beheer behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. Ongepubliseerde D.Phil.-verhandeling, Universiteit van die Oranje Vrystaat, 1975.

POHL, V., *Adventures of a Boer family*. London, 1944.

PRETORIUS, F., *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. Kaapstad, 1998.

PRETORIUS, F., *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Kaapstad, 1991.

SPIES, S.B., *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer Republics January 1900-May 1902*. Cape Town, 1978. (verskeie ble. teks)

STEAD, W.T., *Methods of barbarism*. London, 1901.

*The Anglo-Boer War, 1899-1902. 500 Photos.* Sp., Sj.

VAN BLERK, J.A., *Op die Bermudas beland*. Kaapstad, 1949.

VAN DER MERWE, F.J.G., *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. Verslag voorgelê aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling, R.G.N., Pretoria, 1992.

VISAGIE, L.A., *Terug na kommando*. Kaapstad, 1932.

WILSON, H.W., *With the flag to Pretoria II*. London, 1901.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## V LETTERKUNDIGE BRONNE:

BURGER, S.J., *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg). Pretoria, 1977.

DE VILLIERS, R., "Dagboek" van ... (red. M.C.E. van Schoor). Bloemfontein, 1975. *Christiaan de Wet-Annale 3*, 1975.

VAN NIEKERK, H.H., Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor). Bloemfontein, 1972. *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1972.

## VII ELEKTRONIESE BRONNE:

**Ensiklopedieë:**

Microsoft Corporation, *Microsoft Encarta 97 Encyclopedia*.

**Internet:**

http://www.lib.byu.edu/~rdh/wwi/hague/hague2.html (Inligting oor Haagse Konvensie).

http://www.netsrq.com/~dbois/kingsley.html (Inligting oor Mary Kingsley).

http://www.anglo-boer.co.za/ (Webwerf van die Oorlogsmuseum, Bloemfontein - Inligting oor Krygsgevangenes)